

**DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE
STRUKTUUR**

IN DIE GRIEKSE NUWE TESTAMENT

**Die ontwerp van 'n metode,
geïllustreer met Romeine 8**

'n Hermeneutiese studie

deur

JOHAN JACOB (FIKA) JANSE VAN RENSBURG

(MA. Th.B)

aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die graad

THEOLOGIAE DOCTOR

in die Fakulteit Teologie aan

DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Promotor: Prof. dr. J.C. Coetzee

November

1980

INHOUDSOPGAWE

Hierdie inhoudsopgawe meld slegs die hoofpunte van elke hoofstuk. Op die bladsy waar elke hoofpunt begin, word 'n inhoudsopgawe van daardie betrokke punt gegee.

WOORD VOORAF	3
Hfst. 1: VERANTWOORDING	5
Hfst. 2: SINTAKTIESE FUNDERING	21
1. Die sintaktiese faset van taal	23
2. Die morfologiese en die semantiese faset van taal in onderskeiding van die sintaktiese faset	42
3. Die verband tussen die sintaktiese faset van taal en die morfologiese en die semantiese faset	47
4. Samevattende gevolgtrekking	63
Hfst. 3: 'N METODE VIR DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR	65
1. Die noodsaaklikheid van sintaktiese struktuurontleding in die Griekse Nuwe Testament	67
2. Die noodsaaklikheid van die konsekwente gebruik van 'n bepaalde metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur	74
3. Die vereistes waaraan 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur moet voldoen	76
4. Die toepasbaarheid van bestaande metodes van struktuur=ontleding en van taalkundige terminologiesisteme vir die ontleding van sintaktiese struktuur	77
5. Die ontwerp van 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur	96
Hfst. 4: DIE TOEPASSING VAN DIE ONTWERPTE METODE OP ROMEINE 8	117
Hfst. 5: EVALUERING VAN DIE ONTWERPTE METODE MET VERWYSING NA DIE TOEPASSING OP ROMEINE 8	149
1. Die waarde van die metode vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante	151
2. Die waarde van die metode vir die eksegetiese van die Griekse Nuwe Testament	156
2.1 Die waarde vir die eksegetiese as sodanig	156
2.2 Die waarde vir die amptelike vertaling van die Nuwe Testament	171
2.3 Die waarde vir die prediking van die Nuwe Testament	181
3. Gevolgtrekking	187
Hfst. 6: DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR IN DIE GRIEKSE NUWE TESTAMENT: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKING	189
ABSTRACT	197
BYLAE 1: Sintaktiese ordening van die Griekse grammatika	203
BYLAE 2: Taalkundige terminologie	221
BYLAE 3: Lys van afkortings	225
BIBLIOGRAFIE	227

WOORD VOORAF

Met hierdie proefskrif beëindig ek DV my akademiese studieloopbaan. Daarom dank ek my hemelse Vader vir my akademiese vorming en die persone en instansies wat Hy daartoe gebruik het. In my studieloopbaan het ek ervaar wat dit beteken om "kind van God" te wees en as kind deur jou hemelse Vader versorg en voorberei te word. Hy wat roep, is getrou!

Ek is dankbaar vir die voorreg om Grieks, die taal waarin die Nuwe Testament opgeteken staan, en Teologie te kon bestudeer. Ook is ek dankbaar vir die mense wat as instrumente in hierdie voorbereiding gebruik is: in Grieks proff. J.H. Grobler en A. Postma; in Latyn prof. W.N. Coetzee, dr. H.W. Simpson en mnr. J.J. Coetzee; in Semitiese Tale prof. E.J. Smit; in die Teologie proff. P.W. Buys, J.C. Coetzee, P.J. Coetzee, L. Floor, J.L. Helberg, F.N. Lion-Cachet, G.P.L. van der Linde, D.C.S. van der Merwe, G.C.P. van der Vyver, I.J. van der Walt, J.J. van der Walt en T. van der Walt.

God het die afgelope twee jaar besonderlik deur proff. J.C. Coetzee, L. Floor, en J.H. Grobler gewerk. As promotor en hulppromotors het hulle 'n onmisbare rol in die voltooiing van my proefskrif gespeel. Ek is veral aan my promotor, prof. J.C. Coetzee, baie dank verskuldig. Hierdie proefskrif is die eindresultaat van prikkels wat in 1976 tydens eksegeseslesings van hom af uitgegaan het. Wat hier aangebied word, is in baie opsigte niks meer as die ontplooiing van een van die stappe in sy eksegetiese metode nie. In hierdie ontdekkings- en ontplooiingsproses het hy my gelei soos 'n wyse vader sy seun lei. Dit is 'n voorreg om hom as persoonlike leermeester te hê en daarby nog te weet en te ervaar dat ons 'n gemeenskaplike Leermeester het.

Hierdie navorsing sou nie moontlik gewees het as ek nie die afgelope sewe jaar Nuwe-Testamentiese Grieks aan die PU vir CHO doseer het nie. Ek is die Universiteitsoowerheid baie dank verskuldig vir die geleentheid om te kon doseer en om versorgd en onder aangename omstandighede in 'n akademiese atmosfeer te werk. Die metode wat in hierdie proefskrif aangebied word, sou nie buite die doseersituasie ontwerp en uitgebou kon word nie. Ek bedank veral my departementshoofde, aanvanklik prof. J.H. Grobler en tans dr. G.J.C. Jordaan, vir die vryheid wat hulle my in die doseerwerk nie alleen toegelaat het nie maar waartoe hulle my ook aangemoedig het. Ook aan my studente van die afgelope jare 'n besondere woord van dank. Sonder hulle intense meelewing sou dieselfde resultaat nie bereik kon word nie. Verlaan bedank ek my eerste MA-student,

mnr. Jan Botha, vir sy besondering inlewing en belangrike aanbevelings, en mnre. Botha Enslin en Chris Harris vir hulle hulp met die proefleeswerk.

Graag bedank ek prof. H. Venter vir die Afrikaanse taalversorging van hierdie studie en vir ander belangrike wenke, en my skoonsuster, mev. Jeanette van Rensburg, vir die Engelse taalversorging. Aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing betuig ek my opregte dank vir die geldelike toekenning ter delging van die koste verbonde aan hierdie navorsing.

My tuisgemeente, die Gereformeerde Kerk Olifantshoek, het op verskillende wyses my en my huisgesin in die studietyd bygestaan. Graag bedank ek elke lidmaat en die kerkraad van daardie Kerk vir hulle voorbidding en bystand.

By hierdie geleentheid betuig ek ook kinderlik aan my ouers my dank vir hulle opvoeding in die vrees van die Here en vir al die geleenthede wat hulle dikwels ten koste van hulleself geskep het. Ook bedank ek hulle en my skoonouers vir hulle aanmoediging en meelewing in alles.

Deur die jare van studie het my vrou, Sunette, my getrou bygestaan. Sonder haar onderskraging, bemoediging, daadwerklike bystand en liefde sou ek hierdie studie nie kon voltooi nie.

Ons bede is dat die Here die resultate van hierdie studie tot die beter verstaan van sy weergalose Woord sal gebruik.

Fika van Rensburg

Potchefstroom
November 1980

HOOFSTUK 1: VERANTWOORDING

1. Probleemstelling	7
2. Definiëring en doel	8
3. Aktualiteit en nut	8
4. Teologiese Hermeneutiek en Linguistiek	10
5. Uitgangspunte	12
6. Terminologiese oriëntering	16
7. Afkorting van Bybelboeke en aanduiding van Bybelgedeeltes	17
8. Opset	18

1. PROBLEEMSTELLING

Die sintaksis¹⁾ van die Grieks van die Nuwe Testament en dié van hedendaagse Afrikaans verskil aansienlik: Grieks - in besonder dié van Paulus se briewe - het hoofsaaklik 'n onderskikkende en gekompliseerde sintaktiese struktuur, terwyl hedendaagse Afrikaans baie meer vatbaar is vir 'n neweskikkende en eenvoudige sintaktiese struktuur. Verder het Grieks en Afrikaans verskillende voorkeurkonstruksies vir dieselfde sintaktiese funksies.

Hierdie verskil ten opsigte van sintaksis is so groot dat dit 'n wesenlike probleem is hoe 'n eksegeet wat Grieks nie werklik beheers nie, in staat sou wees om - al snap hy die bedoeling - sy begrip van wat geskryf staan, wetenskaplik te verantwoord. Die omvang van hierdie probleem kom in perspektief wanneer raakgesien word dat ook die sintaktiese faset van taal betekenis dra.²⁾ Mickelsen (1963,129-32) stel dit soos volg:

...syntactical categories (if they are not treated mechanically) enable us to penetrate thought to a degree impossible to one unacquainted with syntactical procedure. ...Our comprehension of the relationship of words, phrases, and clauses affects our understanding of thought. ...Syntax is indispensable for our understanding of ideas.

Vanweë die feit dat die sintaksis van die Grieks van die briewe van Paulus en dié van hedendaagse Afrikaans verskil, en vanweë die aanname dat ook die sintaktiese faset van taal betekenis dra, moet ook die sintaksis tydens die verklaring van Grieks met die oog op vertaling of prediking geïnterpreteer word. Hierdie interpretasie van die sintaksis met egter gemotiveerd en kontroleerbaar wees. Motivering en kontroleerbaarheid is slegs moontlik wanneer die sintaktiese struktuur van die Grieks aan die hand van 'n metode ontleed word en wanneer hierdie struktuurontleding as basis en verwysingsraamwerk in die verdere eksegetiese arbeid gebruik word. Dit is 'n wesenlike vraag of daar tans 'n metode is wat met welslae hiertoe gebruik kan word. Hierdie vraag kom daarom in hfst. 3.4 aan die orde.

1) Die definiëring van sintaksis is problematies, soos in hfst. 2 (1.1) aangetoon word. Vir die doeleindes van die probleemstelling word sintaksis voorlopig as die verhoudings tussen die onderdele van 'n sinvolle taaluiting beskou. In hfst. 2 (1.1.6) word 'n volledige definisie van sintaksis gegee en gemotiveer.

2) Dat die sintaktiese faset van taal betekenis dra, word in mindere of meerdere mate onderskryf deur onder andere: Mickelsen (1963,132), De Saussure (1966,93), Vorster (1971,147; 1974,32), Smyth (1956, 255), Saumjan (1971,335), Oller (1972,46), De Haan (1977,52+150).

2. DEFINIËRING EN DOEL

Die doel van hierdie studie is om:

1. op grond van die insigte van die Linguistiek 'n metode vir die ontleedding van sintaktiese struktuur te ontwerp, veral ten opsigte van die onderskeid en verhouding tussen die morfologiese, sintaktiese en semantiese fasette van taal;
2. die ontwerpte metode toe te pas deur die sintaktiese struktuur van Romeine 8 te ontleed;
3. die waarde van die ontwerpte metode vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante te bepaal;
4. die waarde van die ontwerpte metode vir die eksegeese van die Griekse Nuwe Testament te bepaal.

Die navorsing is dus nie daarop gerig om 'n teorie vir die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament te ontwerp nie, alhoewel die resultate van hierdie navorsing implikasie daarvoor sal hê; dit is in die eerste plek bedoel om die eksegeese van die Griekse Nuwe Testament te vergemaklik. Daarom word slegs op tersaaklike teoretiese sintaktiese kwessies ingegaan (hfst. 2).

Om die toepassing van die metode te illustreer en die metode te evalueer, was dit nodig om 'n groot genoeg geheel uit die Nuwe Testament te kies. Hierdie geheel moet 'n gedagte-eenheid vorm maar tog opgebou wees uit kleiner gedagte-eenhede. Romeine 8 vorm sodanige gedagte-eenheid. Die betrokke hoofstuk is ook gekies vanweë die kardinale openbaringshistoriese plek wat dit in die Nuwe Testament beklee.

3. AKTUALITEIT EN NUT

Uit die geraadpleegde literatuur blyk dit dat die plek en waarde van die sintaksis van Nuwe-Testamentiese Grieks dikwels òf onderskat òf geïgnoreer word.

Ook Greenlee en Mickelsen het hierdie verskynsel opgemerk. In 'n artikel getitel The importance of syntax for the proper understanding of the sacred text

of the New Testament skryf Greenlee (1972,131-46) dat sintaksis een van die belangrikste aspekte in die eksegeese van die Nuwe Testament is. Hy skryf verder in verband met die sintaktiese kwessies dat "they are too commonly neglected or not adequately understood". Mickelsen (1963,158) gee 'n aantal beginsels vir die "interpreter of syntax". Een van hierdie beginsels raak die gebruik van kommentare:

Consult good commentaries that treat syntax in an adequate manner.
Beware of commentaries that habitually give only one syntactical possibility....

Dié kommentare wat die waarde van die sintaksis wel raaksien, kom gewoonlik nie verder as 'n teoretiese stelling in hierdie verband nie. Die sintaktiese struktuur word selde as uitgangspunt en basis gebruik. Selfs waar dit wel as uitgangspunt en basis vir eksegetiese arbeid gebruik word, word die sintaktiese struktuur nie konsekwent volgens 'n bepaalde metode ontleed nie. Die gevolg is dat sodanige ontleding nie geslaagd en eksplisiet as basis, verwysings- en motiveringsraamwerk gebruik kan word nie. 'n Verdere gevolg is dat die eksegetiese resultate wat op grond van en met verwysing na sodanige struktuurontleding verkry word, moeilik kontroleerbaar is.

'n Tipe struktuurontleding - bekend as redevoeringsanalise of diskoersanalise - word tans veral onder Suid-Afrikaanse teoloë vry algemeen gebruik. Hierdie navorsing is onder andere daarop gerig om vas te stel of hierdie tipe struktuurontleding en ander tipes struktuurontleding nie die gemeenskaplike grondfout begaan dat van die morfologiese faset van taal regstreeks na die semantiese oorgegaan word nie. Waar die sintaktiese faset glad nie ingesluit word nie, is die uiteindelijke gevolgtrekkings aan (onbewuste) subjektiewe en veral onkontroleerbare oordele blootgestel. Selfs waar die sintaktiese implisiet wel ingesluit word, is die uiteindelijke gevolgtrekkings ten opsigte van verklaring, vertaling en prediking moeilik kontroleerbaar.

Met hierdie studie word gepoog om die klaarblyklike behoefte aan ondersoek in hierdie verband te bevredig deur die rol wat die sintaktiese faset speel, eksplisiet te maak, sowel wat die teoretiese as wat die praktiese sy betref.

4. TEOLOGIESE HERMENEUTIEK EN LINGUISTIEK

4.1 Teologiese Hermeneutiek

Daar kan geen kunsmatig skerpe skeiding tussen eksegeese en teologiese Hermeneutiek gemaak word nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word teologiese Hermeneutiek beskou as die vakwetenskap wat sistematies besin oor die beginsels en metodes van Skrifverklaring en wat op hierdie wyse basiese reëls wil neerlê wat die eksegeese teen willekeur en inkonsekwensie beskerm deur te verhoed dat die eksegeet maar op die ingewing van die oomblik sou probeer verklaar (Van der Walt 1973,8; Grosheide 1929,1; Lategan 1973,150; Mickelsen 1963,3; Doty 1972,167; Gaffin 1976,5; Coetzee e.a. 1980,12).

4.2 Linguistiek

Linguistiek is die wetenskap wat besig is met "die taal", dit wil sê tale, en die gebruik van tale (De Groot 1962,1). Linguistiek trek die aandag saam op die struktuur van die taal en veral die formele struktuur daarvan. Die fasette van taal wat binne die veld van die Linguistiek val, is die fonologiese, die morfologiese, die sintaktiese en die semantiese.³⁾ Die Linguistiek bestudeer taal vanuit drieërlei perspektief, nl. histories, vergelykend en beskrywend. Die klem val voortdurend op die verhouding tussen taalvermoë (die geheelstruktuur van taal soos dit deur die spreker/skrywer geïnternaliseer word) en taalrealisering (die spesifieke wyse waarop die individuele spreker/skrywer sy vermoë in die produksie van 'n spesifieke taaluiting realiseer) (Nida 1972,74).

Die moderne Linguistiek het die afgelope aantal dekades 'n ongekende ontwikkeling deurgemaak en talle nuwe rigtings het ontwikkel, waarvan die strukturele linguistiek, transformasioneel generatiewe grammatika en kasusgrammatika van die prominentste is (Lategan 1973,159).

4.3 Die waarde van die Linguistiek vir die teologiese Hermeneutiek

Die uitleg van die Nuwe Testament steun grootliks op die verstaan van die taal van die Nuwe Testament. Dit is daarom opvallend dat die resultate van die

3) Ook Ponelis (1968,17) en Goetchius (1965,13) dui die veld van die Linguistiek sodanig aan, maar hulle noem die morfologiese en sintaktiese fasette onder een hoof, nl. die grammatiese. In hfst. 2 hieronder word aangetoon dat dit nie wenslik is om die morfologiese en sintaktiese fasette van taal s6 onder een term te bring nie. Ook Kruger (1961,2+3) onderskei die betrokke twee fasette afsonderlik.

moderne Linguistiek eers die afgelope dekade stelselmatig tot die gebied van Bybelnavorsing begin deurdring het, veral tot die gebied van die teologiese Hermeneutiek en Eksegese. Vanaf die begin van die jare sewentig is herhaaldelik deur verskeie Nuwe-Testamentici op hierdie leemte gewys (bv. Güttgemanns 1970, 64; Vorster 1971,141-3; Nida 1972,89; Lategan 1973,159; Marshall 1977b,15; Louw 1970,9,15 en Suggit 1979,149). Vorster (1971,142) dui aan dat een van die belangrikste redes waarom die moderne Linguistiek nōg teoreties nōg metodies teen die begin van die sewentigerjare tot die bestudering van die Nuwe Testament deurgedring het, die feit is dat die Nuwe-Testamentiese Grieks met betrekking tot die bestudering daarvan altyd in die skadu van die Klassieke Filologie gestaan het.

Die posisie het egter intussen sodanig verander dat daar feitlik aan al die Afrikaanse universiteite en teologiese inrigtings al meer algemene erkenning is vir die waarde van die resultate van die moderne Linguistiek vir - uiteindelik - die teologiese Hermeneutiek. Daar is dan ook al meer daadwerklike pogings deur biblioloë om die resultate van die moderne Linguistiek vir die teologiese Hermeneutiek te ontsluit.

4.4 Die faset van die Linguistiek wat in hierdie navorsing vanuit en vir die teologiese Hermeneutiek ontgin word

Nadat Lategan (1973,159) aangedui het dat die teologiese Hermeneutiek weinig of geensins van die insigte van die moderne Linguistiek gebruik maak nie, dui hy onder andere die volgende vlak aan as een waarop die teologiese Hermeneutiek bereid sal moet wees om die veld van die Linguistiek te ontgin:

Taalondersoek in die meer spesifieke sin, d.w.s. die bestudering van die Bybelse teks as grammatiese struktuur met sy fonologiese, sintaktiese en semantiese komponente (parole) (p.160).

Dit is op hierdie vlak, en meer spesifiek dié van die sintaktiese faset in sy samehang met die morfologiese en semantiese fasette dat in hierdie navorsing die veld van die Linguistiek vanuit en vir die teologiese Hermeneutiek verken word.

Hierdie faset van die Linguistiek kan nog nader aangedui word op grond van 'n onderskeiding wat Grabner-Haider (1974,13) maak. Hy definieer taal as 'n sisteem van tekens. Die wetenskap wat hom met hierdie taaltekens besig hou, noem

hy Semiotiek. Hy noem vervolgens drie vlakke waarop Semiotiek taaltekens ontleed, nl. die sintaktiese, die semantiese en die pragmatiese vlak. Hy definieer die ontleding van die Semiotiek op die sintaktiese vlak as analysieren die Relation der sprachlichen Zeichen untereinander.

Dit is hierdie aldus gedefinieerde sintaktiese vlak waarop in hierdie navorsing gekonsentreer word.

5. UITGANGSPUNTE

5.1 Tale is weselik gelyk

Geen taal is weselik ryker as 'n ander nie. Elke taal is aangepas by die karakteristieke doeleindes waartoe die betrokke taalgebruikers dit aanwend (Lyons 1968,45). Daarom is dit nie korrek om te beweer dat dit onmoontlik is om iets wat oorspronklik in een taal geskryf of gesê is, korrek in 'n ander taal weer te gee nie. Dit mag miskien moeiliker wees om dieselfde saak in die ander taal te sê, maar onmoontlik is dit nie (Nida 1976,142-4; Odendaal 1979,24-6).

5.2 Taal is gestruktureer

Taal is 'n geslote sisteem. Die onderling afhanklike onderdele daarvan funksioneer en kry betekenis op grond van hulle verhouding tot die geheel (Thibault 1977,82).

Elkeen wat taal gebruik, struktureer sy gedagteopbou intuïtief. Wanneer 'n skrywer iets aan sy lesers wil oordra, gebruik hy 'n groter of kleiner taaluiting bestaande uit een of meer sinne of 'n hele reeks sinne. Hierdie woorde, sinsdele en sinne word egter nie maar lukraak aan mekaar gelas nie. Die skrywer kies uit die wye potensiaal van die taal sekere woorde, woordgroepe en sinne en struktureer hulle sô dat hy in sy doel slaag, nl. om dit wat hy in gedagte het, vir sy lesers verstaanbaar te maak.

Dit is nie primêr individuele woorde, woordgroepe of selfs sinne wat die bedoeling van die skrywer oordra nie, maar die gestruktureerde geheel waarbinne hierdie woorde, woordgroepe en sinne funksioneer.

Taal het dus struktuur, en hierdie struktuur is belangrik vir die bepaling van die betekenis van 'n taaluiting (Du Toit 1974,54).

5.3 Taal is nie ondergeskik aan betekenis nie

Taal is nie ondergeskik aan betekenis nie; taal is dus nie die oppervlakverwringing van vermeende dieper vlak van betekenis nie (Gaffin 1976,5).

Vertaalkundig gesproke is daar wel 'n bepaalde verhouding tussen dit wat die skrywer/spreker wil sê (dieptestruktuur), en die vormgewing wat hy gebruik om dit te sê (die oppervlakstruktuur), en hierdie verhouding kan van taal tot taal verkil. So byvoorbeeld sal die gemiddelde Afrikaanssprekende 'n gedagte anders onder woorde bring as wat 'n gemiddelde Griekssprekende dit sou doen. Dit hou in dat die Nuwe-Testamentiese skrywers - indien hulle hedendaagse Afrikaans geskryf het - meermale 'n ander taalkundige vormgewing sou gebruik het as wat hulle in die Griekse Nuwe Testament gebruik het om presies dieselfde te sê.

Vir die moedertaalleser is dit geen probleem om van die "oppervlakstruktuur" na die "dieptestruktuur" te gaan nie. Trouens, hy doen dit normaalweg so intuïtief dat hy dit nie agterkom nie. "Oppervlak-" en "dieptestruktuur" is nie eers 'n onderskeiding wat hy hoef te maak nie, aangesien 'n taaluiting vir hom meestal onmiddellik deursigtig is: deur na die "oppervlakstruktuur" te kyk sien hy die "diepte".

5.4 Die Grieks van die Nuwe Testament is die omgangstaal van die tyd van sy ontstaan

Die Grieks waarin die Nuwe Testament geskryf is, is die omgangstaal van die tyd van sy ontstaan (Ladd 1967,87-8; Mason 1978,50; Moulton 1908,4; Robertson 1923,76; Berkouwer 1975,231; Blass & Debrunner 1975,2; Winer 1870,XVII; Wenham 1970,17; Nunn 1938,27; Phillips 1978,83; Wonderly 1968,19). Deurdat die Here sy Woord in 'n menslike taal - en daarby die omgangstaal van destyds - laat opteken het, laat Hy die verantwoordelikheid op die gelowige wetenskaplike rus om hierdie taal te bestudeer. Dit hou onder andere in dat in die bestudering van Nuwe-Testamentiese Grieks die resultaat van wetenskaplike navorsing in die taalwetenskap toegepas moet word (Botha 1980,3; Berkouwer 1975,168).

Die Grieks waarin die Nuwe Testament geskryf is, is dus nie 'n hemelse taal of die taal van die Heilige Gees in die sin dat dit 'n taal is wat deur die Heilige Gees geskep is en uitsluitlik vir die openbaring van die Nuwe Testament gebruik is nie. Hiermee word standpunt ingeneem teen Grosheide, wat in hierdie verband sê: "De openbaring Gods is van die groote betekenis, dat ze een eigen openbaringstaalkring doet ontstaan ..." (1929,31). Steele (1978,69) se standpunt kom ook uiteindelik daarop neer dat die taal van die Nuwe Testament 'n kunsmatige taal is en ook in alle eksegetiese arbeid as sodanig gehanteer moet word.

5.5 Die Nuwe Testament is deur God geïnspireer, en hierdie inspirasie het taalkundige implikasie

5.5.1 Die inspirasie van die Skrif

Openbaring is daardie handeling van God waardeur Hy kennis in verband met Homself en sy wil aan die mens openbaar. Inspirasie is die proses waardeur die Heilige Gees bepaalde manne voorberei het om hierdie kennis te ontvang en op skrif te stel, en dit is ook die daadwerklike leiding van die Gees tydens die opskrifstelling (Fudge 1973,17; Engelbrecht 1979,83). Die Bybel is dus die ewige Woord van God soos dit onder inspirasie van die Heilige Gees deur bepaalde mense onder bepaalde omstandighede tot ons gekom het (Coetzee e.a. 1980, 5). God self is dus die Een wat deur en uit die Skrif tot ons spreek.

'n Mens staan dus met die Skrif voor 'n wonderlike twee-eenheid, 'n goddelike en 'n menslike faktor. Hierdie twee-eenheid kan teoreties onderskei word, maar, die eksegeese mag dit vir geen oomblik skei nie. Sodra sodanige skeiding plaasvind, gaan die Skrif as openbaring aan en deur mense verlore (Grosheide 1929,34; Van der Walt 1973,14). Die Skrif is immers God se Woord in mensewoorde (Martin 1977,222; Ladd 1967,12; Hughes 1976,30; Nicole 1978,11; Berkouwer 1975,19, 147, 155).

5.5.2 Die taalkundige implikasie van hierdie inspirasie

Op grond van dit wat hierbo onder 5.3 in verband met die aard van die verhouding tussen "oppervlak-" en "dieptestruktuur" beredeneer en gekonstateer is, en dit wat hierbo onder 5.5.1 is in verband met die aard van die inspirasie

gekonstateer, moet die gevolgtrekking gemaak word dat die skrywers van die Nuwe Testament nie slegs ten opsigte van die inhoud van wat geskrywe staan, geïnspireer is nie. Ook ten opsigte van die taalkundige vormgewing (d.i. die besondere woorde en die morfologiese en sintaktiese vorme en strukture) wat hulle gekies het om te sê wat hulle onder leiding van die Heilige Gees wou sê, is die skrywers geïnspireer (Grosheide 1929,33; Hughes 1976,28; Fudge 1973,11; Snyman 1977, 457). In die lig van die θεόπνευστη γραφή (πᾶσα γραφή θεόπνευστος, 2 Tm 3:16) kan vorm en inhoud, γραφή en boodskap, nie van mekaar geskei word nie (Pieterse 1979,86). Die teks voorhande is dus 'n volkome weergawe van dit wat die skrywer - en dus die Heilige Gees - bedoel.

Hieruit moet egter nie die foutiewe afleiding gemaak word dat die vertaalmetode wat formele gelykheid nastreef, die korrekte metode is nie. Aangesien die verhouding tussen "oppervlak-" en "dieptestruktuur" van taal A nie gelyk is aan dié van taal B nie, is dit nie moontlik om by vertaling taal A se "oppervlak=struktuur" op taal B oor te plaas en daarmee ook die "dieptestruktuur" van taal A oor te plaas nie.

Met reg kan daarom die volgende gevolgtrekking gemaak word: vanweë die feit dat ook die taalkundige vormgewing van die Griekse Nuwe Testament geïnspireer is, word die vertaler genoodsaak om ook die taalkundige vormgewing van die oorspronklike taal in dié van die ontvangertaal te "vertaal".

5.6 Die Heilige Gees is die eintlike Skrywer en dus ook die eintlike Verklaarder van die Nuwe Testament

Aangesien die Nuwe Testament deur die Heilige Gees geïnspireer is, is besondere verligting deur die Heilige Gees nodig om die Nuwe Testament te verklaar (Grosheide 1929,40; Fudge 1973,17; Hughes 1976,25). Die Nuwe Testament mag dus nooit van sy eintlike Skrywer, die Heilige Gees, losgemaak word nie, ook nie wanneer aan sogenaamde suiwer grammatiese sake aandag gegee word nie. Daarom kan daar ook nie meganies met enige faset van die verklaring van die Skrif omgegaan word nie (Floor 1970,104). Elke faset van elke verklaringsmetode moet in die nouste persoonlike kontak met Christus - wie se Gees die eintlike Skrywer is - toegepas word. Geen faset van enige verklaringsmetode mag 'n posisie tussen die verklaarder en die eintlike Verklaarder inneem nie. Dit wil nie sê dat die menslike gestalte van die Skrif geïgnoreer kan word nie. Die Bybel is immers God se Woord in mensewoorde (Van der Walt 1973,16; Floor 1970,103). Die Woord

van God kan dus nie anders as in die woorde van mense bestudeer word nie (Ladd 1967,108; Müller 1970,45). Die Woord kan egter nie met welslae verklaar word as die sleutel vir die eksegeese nie in die feit gesoek word dat dieselfde Gees wat die Skrifte geïnspireer het, ook die primêre Verklaarder van die teks is nie (Coetzee 1979,14; Coetzee e.a. 1980,13; Van der Walt 1973,16; Müller 1970, 41,49; Berkouwer 1975,49). As dié Bybelskrywer, dié Bybelverklaarder nie die hart van die Verklaarder verlig nie, bly die Bybel ondanks al die geleerdheid en die slimheid van die eksegeet vir hom 'n geslote boek - terwyl klein kindertjies dit wel verstaan (Van der Walt 1973,17).

Dit beteken dat alleen die Gees in die gelowige die bedoeling van die Gees in die Skrif kan uitlê. Tereg stel Müller (1970,45) dat dit nie net ons gees is wat met dié van die Bybelskrywers kongeniaal moet wees nie, maar dat die Heilige Gees, wat in die gelowige woon, die Heilige Gees in die Skrif moet ontmoet en sy bedoeling aan die leser/ondersoeker kenbaar moet maak.

Kongenialiteit is dus onmisbaar by ware Skrifverklaring. Die implikasie is dat die teoloog ook in sy wetenskaplike hantering van die Skrif sy geloof nie mag afskakel nie (Floor 1978,6).

6. TERMINOLOGIESE ORIËTERING

6.1 Fasette van taal

Die term faset in die uitdrukking faset van taal dui nie op 'n bepaalde onderdeel van taal nie maar op 'n snit van of 'n gesigshoek op taal. Sintaktiese faset van taal beteken dus sintaktiese gesigshoek op taal; morfologiese faset beteken morfologiese gesigshoek en semantiese faset beteken semantiese gesigshoek.

6.2 Faset-unieke onderskeidings en die benoeming daarvan

Dit is noodsaaklik dat die onderskeiding tussen die sintaktiese en die morfologiese en semantiese fasette van taal gemaak word en korrek gemaak word. Veral vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om die onderskeid en verband tussen genoemde fasette van taal duidelik te stel en hierdie onderskeid en aard van die onderlinge verhouding ook eksplisiet en terminologies te handhaaf.

Die sintaktiese, morfologiese en semantiese fasette van taal word meermale in teorie en dikwels in die praktyk vermeng. Veral is die verband tussen die sintaktiese en die morfologiese, en die sintaktiese en semantiese fasette problematies.

In sekere opsigte bestaan daar ten opsigte van die onderskeidings 'n terminologiese verwarring. Stork (1974,17) dui byvoorbeeld tereg aan dat grammatika 'n term is wat dikwels deur taalkundiges gebruik word met verwysing na die struktuur van woorde én hulle rangskikking in sinne. Die term grammatika/grammatiese word dus gebruik om die morfologiese én sintaktiese fasette van taal te benoem, en dit lei tot besondere verwarring.

Veral ten opsigte van die onderskeiding van die sintaktiese en morfologiese fasette en die sintaktiese en semantiese fasette aan die ander kant is die verwarring meer as net van terminologiese aard. Daar is by taalwetenskaplikes 'n algehele gebrek aan 'n suiwere aanduiding van die verband tussen hierdie twee groepe fasette van taal. Abraham & Kiefer (1966,19) sê dan ook van hierdie probleem: "... this topic is one of the most interesting and important ones of linguistic theory".

Daar is geen bestaande bruikbare stelle terme ter benoeming van faset-unieke onderskeidings nie. Daarom is dit noodsaaklik dat sodanige terme voorgestel word. 'n Oorsig van die terme vir die faset-unieke onderskeidings word op die laaste bladsy van hfst. 2 (p.63) gegee. In bylae 2 (Taalkundige terminologie) word al die terme in alfabetiese volgorde gegee, elk met 'n verkorte definisie en 'n verwysing na die plek in die teks waar die betrokke term die volledigste gedefinieer is. In bylae 3 word die afkortings van onder andere die sintaktiese funksies gegee.

7. AFKORTING VAN BYBELBOEKE EN AANDUIDING VAN BYBELGEDEELTES

Bybelboeke word volgens die riglyne van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (NTWSA) afgekort. Hierdie afkortings is die volgende:

Matteus	- Mt	1 Korintiërs	- 1 Kor
Markus	- Mk	2 Korintiërs	- 2 Kor
Lukas	- Lk	Galasiërs	- Gl
Johannes	- Jh	Efesiërs	- Ef
Handelinge	- Hand	Filippense	- Flp
Romeine	- Rm	Kolossense	- Kol

1 Tessalonisense - 1 Ts
 2 Tessalonisense - 2 Ts
 1 Timoteus - 1 Tm
 2 Timoteus - 2 Tm
 Titus - Tt
 Filemon - Flm
 Hebreërs - Heb
 Jakobus - Jk

1 Petrus - 1 Pt
 2 Petrus - 2 Pt
 1 Johannes - 1 Jh
 2 Johannes - 2 Jh
 3 Johannes - 3 Jh
 Judas - Jd
 Openbaring - Op

Ook die riglyne van die NTWSA in verband met die aanduiding van Bybelgedeeltes word nagevolg. Dit hou in dat soos volg na Bybelgedeeltes verwys word:

1. Rm 8:15
2. Rm 8:9-11
3. Rm 8:3v (= Rm 8 vers 3 en 4)
4. Rm 8:3vv (= Rm 8 vers 3 en volgende verse)
5. Rm 8:3,10,15;9:3-5
6. Rm 5,6,8 (= hoofstukke 5, 6 en 8)
7. v.10 (vers 10)
 vv.10,11 (verse 10+11)
8. hfst. 10
9. hfst. 10,11 (hoofstukke 10 en 11).

8. OPSET

Die brandpunt van die navorsing is die sintaktiese fundering, ontwerp, toepassing en evaluering van 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament.

8.1 Die sintaktiese fundering van die metode

Dit is noodsaaklik dat enige metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur, sintakties gefundeerd moet wees. Hiertoë word die sintaktiese faset van taal in hfst. 2 gedefinieer, sowel ter onderskeiding van as in verband met die morfologiese en semantiese fasette van taal. In hfst. 2 word ook die nodige faset-unieke onderskeidings gemaak, gedefinieer, toegelig en beskrywend benoem.

8.2 Die ontwerp van 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur

Voordat in hfst. 3 oorgegaan word tot die ontwerp van 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur, word vooraf eers die volgende gedoen: die noodsaaklikheid dat die sintaktiese struktuur van die Grieks van die Nuwe

Testament ontleed word en dat 'n bepaalde metode konsekwent gebruik word, word aangetoon; die vereistes waaraan sodanige metode moet voldoen, word aangewys, en die toepasbaarheid van bestaande metodes van struktuurontleding word oorweeg.

8.3 Die toepassing van die ontwerpte metode

In hfst. 4 word die ontwerpte metode op Romeine 8 toegepas deur 'n sintaktiese struktuurontleding van die hele hoofstuk met volledige sintaktiese kommentaar aan te bied.

8.4 Die evaluering van die ontwerpte metode

In hfst. 5 word die ontwerpte metode geëvalueer deur die waarde daarvan eerstens vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante en tweedens vir die eksege van die Griekse Nuwe Testament aan te toon. In albei gevalle word die evaluering gedoen op grond van en met verwysing na die sintaktiese struktuurontleding van Romeine 8 wat in hfst. 4 uitgewerk is.

HOOFSTUK 2: SINTAKTIESE FUNDERING

1. Die sintaktiese faset van taal	23
2. Die morfologiese en die semantiese faset van taal in onderskeiding van die sintaktiese faset	42
3. Die verband tussen die sintaktiese faset van taal en die morfologiese en die semantiese faset	47
4. Samevattende gevolgtrekking	63

1. DIE SINTAKTIESE FASET VAN TAAL

- 1.1 Definiëring van die sintaktiese faset van taal
- 1.2 Sintaktiese komponent
- 1.3 Sintaktiese sinstipe
- 1.4 Sintaktiese funksie
- 1.5 Griekse konstruksiemoontlikhede vir elke sintaktiese funksie
- 1.6 Die betekenis van 'n sintaktiese funksie
- 1.7 Sintaktiese eenheid
- 1.8 Sintaktiese struktuur
- 1.9 Die ontleding van sintaktiese struktuur
- 1.10 Sintaktiese transkripsie
- 1.11 Sogenaamde sintaktiese dieptestruktuur

1.1 Definiëring van die sintaktiese faset van taal

1.1.1 Definisies met die klem op opeenvolging van taalelemente

Oller (1972,52) definieer sintaksis as "the sequencing of language elements in time".

1.1.2 Definisies met klem op die linguistiese vorms van taal

Carnap (1937,1) definieer sintaksis as "the formal theory of the linguistic forms of that language".

1.1.3 Definisies met klem op konstruksie, samestelling, ordening

1.1.3.1 Beklemtoning van die feit dat dit om die konstruksie van woordgroepe gaan

Ten minste vier definisies lê die klem op die feit dat die sintaksis - ter onderskeiding van die morfologie - die konstruksie van woordgroepe as ondersoekterrein het:

Bloomfield (1935,207) sê byvoorbeeld "...syntax includes the construction of phrases".

Chomsky (1957,11) se definisie lui soos volg: "Syntax is the study of the principles and processes by which sentences are constructed in particular languages".

Nida & Taber (1974,201) definieer sintaksis as daardie deel van die taalkunde

wat hom met die struktuur van sinsnedes, bysinne en sinne besig hou.

De Saussure (1966,91) sê dat die sintaksis met die teorie van woordgroepeerings te doen het.

1.1.3.2 Beklemtoning van die samestellings- en ordeningselement

Stork (1974,17) sê: "Syntax deals with the combination of units such as words into phrases, clauses and sentences". In dieselfde trant sê Greenlee (1972,131) dat "syntax ... the way in which words are put together to form phrases, clauses or sentences" is.

Goetchius (1965,13) meen dat "the syntactic system ... a system of arrangements of ... forms" is.

Smyth (1963,255) gee die volgende definisie: "Syntax (σύνταξις) arranging together) shows how different parts of speech and their different inflectional forms are employed to form sentences".

1.1.3.3 Prominente plek aan woorde as ordeningseenheid

Nunn en Kruger gee in hulle definisies 'n baie prominente plek aan woorde as ordeningseenhede.

Nunn (1938,xii) se definisie is die volgende: "Syntax (σύν, together; τάξις, arrangement) ... the science of arranging words to form sentences".

Kruger (1961,4) sê: "Die sinsleer of sintaksis ... is die studie van die woord in taalgebruik, d.w.s. soos dit voorkom in volledig verstaanbare taalkundige uitdrukkings, d.w.s. as sin ... Hier moet al die eienskappe van die woord as primêre taaleenheid in aanmerking kom".

1.1.4 Definisies met klem op die verhoudings tussen komponente van 'n taal= uiting

Die volgende definisies vertoon almal die gemeenskaplike element dat die ver=

houdings tussen die komponente van 'n taaluiting beklemtoon word:

Robertson (1923,384) beweer: "Syntax .. treats of the binding of words together in all relations". Op p.444 van dieselfde publikasie sê Robertson: "... syntax is the minute examination of the relations of words ..., the relations of clause with clause ..."

Newman & Nida (1973,313) stel dit sō: "Syntax is the arrangement and interrelationships of words in phrases, clauses and sentences".

Funk (1977 I,68) sê: "Syntax ... has to do with the function of words and word groups in relation to each other and to the whole".

Grabner-Haider (1974,13) stel dit sō: "Syntax oder Sprachlogik analysieren die Relation der sprachlichen Zeichen untereinander".

Michelsen (1963,14) sê: "Syntax ... the relationship of words, phrases and clauses".

Greenlee (1972,140) gee die volgende - wat hy noem - narrower definition van sintaksis: "... the relationships between various elements of a sentence".

1.1.5 Beoordeling van die definisies

Sintaksis is veel meer as die bloot formele opeenvolging van taalelemente(1.1.1) of as die teorie van die linguistiese vorms van taal (1.1.2).

Die definisies wat die klem laat val op konstruksie, samestelling of ordening van die kleiner en groter onderdele van 'n sin (1.1.3), het 'n baie groot waarheidsmoment. Hulle vertoon egter die gemeenskaplike leemte dat die terme konstruksie, samestelling en ordening te vaag is. Die definisies bly in gebreke om duidelik en omvattend te stel wat dit is wat gekonstrueer, saamgestel of georden word.

By sintaksis moet die klem op die verhoudings tussen die komponente van 'n taaluiting val (1.1.4).¹⁾ Deurgaans word daar egter op 'n gebrekkige en onvolledige wyse gesê wat die komponente is wat in verhouding tot mekaar staan.

1.1.6 'n Eie definisie van sintaksis

Op grond van bostaande beoordeling van die definisies kan sintaksis soos volg gedefinieer word:

Sintaksis is die verhouding (relasie/verband) tussen sintaktiese komponente in 'n selfstandige sinvolle woordreeks, en - waar dit sintaktiese ver-gestaltung vind - die verhouding tussen selfstandige sinvolle woordreek-se.

Met hierdie definisie van sintaksis kan nou oorgegaan word tot die maak van die volgende faset-unieke onderskeidings en terminologiese presisering en definie-ring.

1.2 Sintaktiese komponent

'n Sintaktiese komponent is 'n morfologiese woordsoort of konstruksie²⁾ wat as eenheid in 'n bepaalde verhouding tot 'n ander morfologiese woordsoort of -konstruksie in 'n sin staan.

Sintaktiese komponent kom in 'n mindere of meerdere mate ooreen met die volgende terme van die volgende taalkundiges: De Haan e.a. (1977,30): konstituenten; Pike (Stork, 1974,99): tagmeem; Bloomfield (1935,184): syntactic constructions; Ponelis (1979,5): sintaktiese konstruksie.

1) Stoker (1968,160) maak die volgende stelling wat onderstreep hoe sentraal verhouding (relasie) in sintaksis staan:

Dinge en gebeurtenisse is op legio wyses verbind, hang op legio wyses saam. Sodra ons hierdie relasies as relasies taals openbaar, vorm ons sinne. ... met sinsvorming openbaar ons op taalse wyse die relasies as relasies tussen dinge en gebeurtenisse en daarmee ook tussen die benoemde en die bewoorde en dus ook tussen name en woorde. Daarom is sinne sintakties, het hulle sintaksis.

2) Vergelyk bylae 2 vir 'n definiëring van hierdie terme.

1.3 Sintaktiese sinstipe

Sintaktiese sinstipes is die kleinste aantal enkelvoudige sinne waarin alle tipe verhoudings tussen sintaktiese komponente vergestaltung vind.

Dit is noodsaaklik dat die sintaktiese sinstipes op grond van hierdie definisie onderskei word en nie op grond van byvoorbeeld semantiese oorwegings nie. Die sinstipes wat Ponelis (1979,375-6) en Bloomfield (1935,170-84) onderskei is dus nie sintaktiese sinstipes nie. Ook die sogenaamde kernsinne ("kernel sentences") van die transformasionele model is gevolglik nie sintaktiese sinstipes nie, aangesien dit sinne is wat in die sogenaamde dieptestruktuur funksioneer.

Funk (1977 II,378-92) onderskei ses sinstipes (vgl. hfst. 3, 4.5.1 hieronder). Hy noem hulle nêrens sintaktiese sinstipes nie, maar sy bedoeling is waarskynlik dat dit sintaktiese sinstipes is. Nunn (1938,15) onderskei vyf sinstipes ("sentence forms") min of meer op dieselfde wyse as Funk. Afgesien van die feit dat nie alle moontlike verhoudings tussen sintaktiese komponente in hierdie sinstipes vergestaltung vind nie, kan sinne ook tot minder gereduseer word.

'n Noukeurige bestudering van Griekse sinne toon dat al die tipes verhoudings tussen sintaktiese komponente van enige sin in die volgende twee sinne vergestaltung vind:

- * φίλε, καλὸς ἀνὴρ ἀεὶ ἐστὶ διδάσκαλος
(Vriend, 'n goeie man is altyd 'n leermeester)
- * φίλε, καλὸς ἀνὴρ ἀεὶ δίδωσι βιβλὸν δούλῳ
(Vriend, 'n goeie man gee altyd 'n boek vir 'n slaaf)

Omdat hierdie sinne as sintaktiese sinstipes dikwels gebruik gaan word, is die eenvoudigste morfologiese woordsoorte en konstruksies vir elke komponent gekies, met so min moontlik leksikale variasie. Na die sinne sal voortaan as die sintaktiese sinstipes verwys word, kortweg sinstipe 1 en sinstipe 2 (afgekort: st.1 en st.2).

Elke sintaktiese komponent van enige sin kan met een van die komponente van hierdie twee sinne gekorreleer word. Die komponente van alle koppelwerkwoordsinne korreleer met sinstipe 1, en die komponente van alle oorganklike en on-oorganklike werkwoordsinne met sinstipe 2.

1.4 Sintaktiese funksie

1.4.1 Definisie van sintaktiese funksie

Die sintaktiese funksie van 'n sintaktiese komponent is die verhouding waarin die komponent tot ander sintaktiese komponente of - eenhede in 'n selfstandige sinvolle woordreeks staan. 'n Sintaktiese komponent, byvoorbeeld, wat in 'n selfstandige sinvolle woordreeks in 'n verhouding tot 'n selfstandige naamwoord staan, en wel een van kwalifisering van daardie selfstandige naamwoord, het die sintaktiese funksie Byvoeging.

Verskillende taalkundiges maak 'n onderskeiding wat in 'n mindere of meerdere mate met sintaktiese funksie ooreenkom. Enkeles hiervan is die volgende:

De Haan e.a. (1977,34): "functies van konstituenten";

Ponelis (1979,5): "... funksie of gebruik van 'n sintaktiese konstruksie in 'n groter verband";

Labuschagne (1956,72): "sintaktiese funksie";

Kruger (1961,14): sintaktiese valensie, maar hy bedoel daarmee slegs "... kombinasie moontlikhede wat een woordsoort met 'n ander woordsoort toelaat";

Nida (1975b,16) en Nida & Taber (1974,203): "grammatical meaning";

Louw (1979,29) onderskei slegs "... syntactic structure and semantic function".

1.4.2 Mistasting in verband met sintaktiese funksies

Daar is 'n neiging by taalkundiges om sintaktiese funksie en sintaktiese posisie gelyk te stel en te verwar. 'n Voorbeeld van hierdie gelykstelling is die volgende stelling van Bloomfield (1935,185): "... words and phrases can appear in the actor position, certain others in the action position. The positions in which a form can appear are its functions ..."

Ponelis (1979) vermeng skynbaar hierdie twee terme. Op p475 praat hy byvoorbeeld van werkwoordsposisie in plaas van die sintaktiese funksie "werkwoord". Odendaal (1979,22) beperk sintaksis skynbaar tot opeenvolging.

Die term sintaktiese posisie is 'n contradictio in terminis: 'n Taaluiting het

geen vaste sintaktiese posisie nie - hoogstens gebruiklike sintaktiese posisies - maar slegs vaste sintaktiese funksies. Daarom is dit belangrik dat terme soos onderwerpsposisie, voorwerpsposisie ens. vermy word. Dit is noodsaaklik dat konsekwent van sintaktiese funksie gepraat word en nie sintaktiese posisie nie.

De Haan e.a. (1977,35) merk op dat funksiebegrippe in die konstituente-analise gedefinieer word - myns insiens verkeerdelik - in terme van die posisie daarvan. So word die "onderwerp" byvoorbeeld as die mees linkse NS van die S gedefinieer.

Die tradisionele onderskeiding tussen NS (naamwoordstuk) en WS (werkwoordstuk), oftewel tussen onderwerp en predikaat, en die benoeming van 'n sin as $S = NS + WS$ is vir die bepaling van sintaktiese funksies en dus vir die ontleding van sintaktiese struktuur in die algemeen nie alleen ontoereikend nie maar ook grootliks nutteloos.

Hiermee word dus standpunt ingeneem teen die volgende Griekse grammatici, wat wel met sodanige onderskeiding werk: Robertson (1923,390), Turner (1963,11), Winer (1870,644), Wenham (1970,1), Nunn (1938,14), Smyth (1963,255) en Funk (1977 II,419).

Tereg poneer Fillmore die volgende stelling: "... the Subject/predicate division is an importation into linguistic theory from formal logic of a concept which is not supported by the facts of the language". Fillmore stel egter nie 'n bruikbare alternatief nie.

Die vrugbaarste werkmetode is dat die sintaktiese komponente van 'n sin afgebaaken word en dat hulle verhouding tot mekaar - d.w.s. hulle sintaktiese funksies - bepaal word.

1.4.3 Die onderskeiding, toeligting en benoeming van die verskillende sintaktiese funksies

Die twee sintaktiese sintipes bevat al die tipes verhoudings wat tussen sintaktiese komponente kan voorkom. Die sintaktiese komponente van hierdie twee sintipes vervul dus alle sintaktiese funksiemoontlikhede. Hierdie sintaktiese funksies word elkeen hieronder gedefinieer, en aangesien daar geen terminologiesistiem vir die benoeming van hierdie onderskeidings bestaan nie, word die funksies beskrywend benoem.

Die terme word so kort en eenvoudig moontlik gehou, om daardeur die gebruik daarvan te vergemaklik. Om die terminologie as tegniese terme vir die benoeming vantsintaktiese funksies te identifiseer word die aanvangsletter deurgaans 'n hoofletter gemaak. By elk van die opskrifte hieronder (1.4.3.1-10) word onmiddellik na die betrokke opskrif telkens die tradisionele term (of terme) tussen hakies vermeld, al toon hierdie terme dikwels slegs raakvlakke met die betrokke sintaktiese funksie.

1.4.3.1 Genoemde ("Die onderwerp van 'n koppelwerkwoordsin")

Genoemde is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent in koppelwerkwoordsinne waaraan die koppelwerkwoord³⁾ 'n ander sintaktiese komponent (nl. Gekoppelde; vgl. 1.4.3.3 hieronder) koppel.

Bv: ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
Die man is leermeester

Die tradisionele term onderwerp van 'n koppelwerkwoordsin is korrek. Die term is egter lomp. Bloot net onderwerp sou 'n bevredigende alternatief wees, maar - soos 1.4.3.4 aantoon - is die term onderwerp te gelade. Die term Genoemde word dus voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.2 Koppeling ("Koppelwerkwoord")

Koppeling is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat 'n ander sintaktiese komponent (nl. Gekoppelde, vgl. 1.4.3.3 hieronder) aan Genoemde de koppel.

Bv: ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
Die man is leermeester

3) Daar moet gelet word op die feit dat die werkwoord εἶναι dikwels as ekstensiewe werkwoord ("om te bestaan") gebruik word, soos die geval ook is met die werkwoord om te wees in Afrikaans (Ponelis 1979,33). In sulke gevalle is dit nie meer 'n koppelwerkwoord nie, maar 'n onoorganklike werkwoord, en is so 'n sin dus sinstipe 2. Die volgende kan as nuttige onderskeiding dien: wanneer die werkwoord met 'n onoorganklike werkwoord (bv. bestaan, staan, sit, lê, teenwoordig wees, ens.), vervang kan word sonder om die betekenis van die betrokke sin te verander, is dit nie 'n koppelwerkwoord nie en is die sin sinstipe 2.

Werkwoorde wat as Koppeling kan funksioneer, is bv. εἶμι, γίνομαι, καθίστημι, ἔστηκα, φαίνομαι, ὑπάρχω, χρηματίζω.

Die tradisionele term Koppelwerkwoord is die benoeming van 'n morfologiese woordsoort en is daarom nie as benoeming van sintaktiese funksie bruikbaar nie. Die term Koppeling word dus voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.3 Gekoppelde ("Predikatiewe byvoeglike/selfstandige naamwoord")

Gekoppelde is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat deur 'n Koppeling aan 'n Genoemde gekoppel word.

Bv. ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
Die man is leermeester

Die tradisionele terme predikatiewe byvoeglike naamwoord en predikatiewe selfstandige naamwoord is nie 'n geslaagde benoeming van die sintaktiese funksie nie, aangesien dit deels 'n morfologiese woordsoortelike benoeming is. Daarom word die term Gekoppelde voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.4 Handelende ("Onderwerp van 'n aktiewe sin, en agens by 'n passiewe sin")

Handelende is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die inisieerder is van die handeling/gebeure wat uitgedruk word deur 'n oorganklike (aktief, medium en passief) of onoorganklike werkwoord (d.w.s. die handeling/gebeure uitgedruk deur die Handeling; vgl. 1.4.3.5 hieronder).

Bv. 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βιβλόν
Die man gee die boek

2) ὁ βιβλός δίδεται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός
Die boek word deur die man gegee

Die tradisionele onderwerp (subjek)-onderskeiding is ontoereikend en kan nie as sintaktiese onderskeiding toegepas word nie. Tipies van die tradisionele beskouing is Smyth (1963,255) se definisie van subject: "The person or thing about which something is said".

Funk (1977 II,395) voel die ontoereikendheid van hierdie beskouing aan, soos uit die volgende twee stellings blyk: "The term 'subject' has regularly been enclosed in quotation marks since a grammatical definition of the 'subject' has not yet been offered", en: "... the 'subject' sustains a wide variety of relationships to the verb (and predicate), so that the traditional definition is scarcely adequate as a general definition". Die definisie waartoe hy self enkele bladsye verder kom, is egter nog steeds sintakties ontoereikend, aangesien dit 'n onderskeiding vanuit die morfologiese faset van taal is (vgl. Funk 1977 II,128, 5.6.3.5.2.1), en aangesien dit "subject" tot finite verb beperk. Sy definisie is naamlik: "The 'subject' is that word or word group that determines the personal ending attached to the finite verb."

Kragtens die definisie van sintaktiese funksie is die sintaktiese funksie van 'n sintaktiese komponent die verhouding waarin die komponent tot ander sintaktiese komponente of -eenhede in 'n selfstandige sinvolle woordreeks staan. In die sinne ὁ ἀνὴρ δίδωσι βιβλόν (die man gee 'n boek) en ὁ βιβλὸς δίδεται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός (die boek word deur die man gegee) is die tipe verhouding tussen die man en gee dieselfde. Daar is slegs drie veranderings, maar nie een daarvan beïnvloed die sintaktiese funksie van die man nie. Hierdie drie veranderings is:

- 1) Die werkwoord se uitgang word dié van die passief, en die persoon en getal van die uitgang word nie meer deur die man bepaal nie maar deur die boek. Hierdie verandering het egter slegs op morfologiese vlak implikasie: die morfologiese samestelling van die werkwoord verander. Die sintaktiese funksie van die werkwoord bly egter onveranderd, nl. Handeling.
- 2) Die man word in Afrikaans in die passief gekonstrueer met toevoeging van die voorsetel deur en in Grieks (in die genoemde voorbeeld) deur die toevoeging van die voorsetel ὑπό en die verandering van die naamval tot genitief (τοῦ ἀνδρός). Hierdie veranderings het egter slegs op morfologiese vlak implikasie: slegs die morfologiese konstruksie van die sintaktiese komponent die man verander. Die sintaktiese funksie daarvan bly onveranderd, nl. Handelende.⁴⁾

4) Die beredenering in (1) en (2) toon weer eens nie alleen die geldigheid nie maar ook die wins van die onderskeiding tussen morfologiese woordsoorte/konstruksies en sintaktiese funksies. Sonder genoemde onderskeiding sou dit nie moontlik wees om aan te dui dat en te motiveer waarom daar geen sintaktiese verskil tussen Handelende en Behandelde (vgl. 1.4.3.5 hieronder) by 'n aktiewe en Handelende en Behandelde by 'n passiewe vorm van 'n werkwoord is nie.

- 3) Verder verander die tema (of: topiek; vgl. Ponelis 1979,407-16) van die sin. In die aktiewe sin is die man die tema en in die passiewe sin die boek. Hierdie verandering het egter slegs op semantiese vlak implikasie. Die sintaktiese funksies van die man en die boek bly onveranderd.⁵⁾

Op sintaktiese vlak is daar dus geen verskil tussen Handelende by 'n aktiewe en Handelende by 'n passiewe vorm van 'n werkwoord nie, en dus ook geen verskil tussen Behandelde by 'n aktiewe en passiewe vorm van 'n werkwoord nie (vgl. 1.4.3.5 hieronder).

Hiermee word standpunt ingeneem teen diegene wat die tradisionele definisie van onderwerp (subjek) ook ten opsigte van passiewe sinne toegepas. Newman & Nida (1973,314) is 'n voorbeeld van sodanige benadering, soos uit die volgende stelling blyk: "... the active voice indicates that the subject performs the action, while the passive voice indicates that the subject is being acted upon".

Ook Ponelis (1979,411) se benadering - soos uit die volgende aanhaling blyk - is blykbaar soos Newman & Nida s'n: "Deur die begrip lydend/passief word aangedui dat passiewe konstruksies nie handelinge aandui wat deur hulle onderwerpe uitgevoer word nie". Met verwysing na die twee sinne opgeleide deskundiges versorg u motor en u motor word deur opgeleide deskundiges versorg sê Ponelis (1979,411) voorts: "In vol passiewe of agenspassiewe word die onderwerp van die bedrywende vorm weergegee deur die agens ('n voorstetselgroep met deur), terwyl die voorwerp van die bedrywende vorm korrespondeer met die onderwerp van die lydende vorm".

Hierdie beskouing van onderwerp is nie as sintaktiese funksie toepasbaar nie, aangesien die tipe verhouding tussen opgeleide deskundiges en versorg nie verander wanneer die sin in die passief omgeskakel word nie.

Daarom word die sintaktiese funksie Handelende onderskei as die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die inisieerder is van die handeling/gebeure wat deur 'n oorganklike werkwoord (aktief, meduim én passief) of 'n on-oorganklike werkwoord uitgedruk word.

5) Die beredenering in (3) toon weer eens die wins en die geldigheid van die onderskeiding tussen die semantiese en die sintaktiese vlakke en van die eksplisiete en terminologiese handhawing van hierdie onderskeid.

Die tradisionele term onderwerp (subjek) kan dus nie gehandhaaf word nie. Die term Handelende word dus voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.5 Handeling ("Werkwoord, gesegde, predikaat")

Handeling is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die handeling/gebeure waarvan die Handelende die inisieerder is, uitdruk.

Bv: 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βίβλον
Die man gee die boek

2) ὁ βίβλος δίδοται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός.
Die boek word deur die man gegee

Die tradisionele term werkwoord is nie 'n geslaagde benoeming van die sintaktiese funksie nie, aangesien dit 'n morfologiese woordsoortlike benoeming is. Die term gesegde is ook nie geslaagd nie, aangesien dit gewoonlik meer as slegs die "werkwoord" insluit en dit nie 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie is nie. Om dieselfde rede is ook die term predikaat nie 'n geslaagde benoeming nie. Daarom word die term Handeling voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.6 Behandelde ("Voorwerp in 'n aktiewe sin")

Behandelde is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die voorwerp/onderganer is van die handeling/gebeure wat deur 'n oorganklike werkwoord (aktief/medium en passief) uitgedruk word.⁶⁾

Bv: 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βίβλον
Die man gee die boek

2) ὁ βίβλος δίδοται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός
Die boek word deur die man gegee

6) Vergelyk 1.4.3.4, waar aangetoon is dat Behandelde soos Handelende as sintaktiese funksie by aktiewe en passiewe sinne geld.

Die tradisionele term voorwerp kan nie gehandhaaf word nie, aangesien dit die sintaktiese funksie tot aktiewe sinne beperk. Daarom word die term Behandelde voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.7 Betrokkene ("Indirekte voorwerp")

Betrokkene is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die "indirekte voorwerp"/bevoordeelde of benadeelde van die handeling/gebeure is wat deur die Handeling uitgedruk word.

Bv: 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τῷ δούλῳ
Die man gee vir die slaaf

2) ὁ βιβλος δίδοται τῷ δούλῳ
Die boek word vir die slaaf gegee

Die tradisionele term indirekte voorwerp kan nie gehandhaaf word nie. Opsigself geneem is daar nie beswaar teen die term in te bring nie. Die term indirekte voorwerp veronderstel egter die term (direkte) voorwerp. Daarom is dit beter om 'n nuwe term te skep. Die term Betrokkene word voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.8 Onverbondene ("Aanspreekvorms/uitroepe/parentetiese stellings")

Onverbondene is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat in 'n sin sintakties onverbonde is (gewoonlik aanspreekvorms, uitroepe en parentetiese stellings).

Bv. φίλε, ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βιβλον
Vriend, die man gee die boek

Die tradisionele terme aanspreekvorm/uitroep of parentetiese stelling kan nie gehandhaaf word nie, aangesien nie die sintaktiese funksie daardeur benoem word nie maar wel die konstruksies wat die sintaktiese funksie vervul. Daarom word die term Onverbondene voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.9 Byvoeging ("Byvoeglike naamwoord, byvoeglike bepaling/bysin")

Byvoeging is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat as Genoemde, Gekoppelde (slegs wanneer dit 'n selfstandige naamwoord is), Handelende, Behandelde, Betrokkene of Onverbondene kwalifiseer.

- Bv. 1) Genoemde: ὁ καλὸς ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
Die mooi man is leermeester
- 2) Gekoppelde: ὁ ἀνὴρ ἐστὶ καλός διδάσκαλος
Die man is 'n mooi leermeester
- 3) Handelende: ὁ καλὸς ἀνὴρ δίδωσι τὸν βύβλον
Die mooi man gee die boek
- 4) Behandelde: ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν καλὸν βύβλον
Die man gee die mooi boek
- 5) Betrokkene: ὁ ἀνὴρ δίδωσι τῷ καλῷ δουλῷ
Die man gee vir die goeie slaaf
- 6) Onverbondene: καλῆ φίλε, ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βύβλον
Goeie vriend, die man gee die boek

Die tradisionele terme byvoeglike naamwoord en byvoeglike bepaling/bysin is korrek in die opsig dat die term byvoeglike telkens gebruik word. Om egter in die benoeming van die sintaktiese funksie 'n onderskeid tussen naamwoord, bepaling en bysin te maak, kan nie gehandhaaf word nie, aangesien dit dui op die morfologiese woordsoort of konstruksie wat gebruik word om die sintaktiese funksie te vervul. Daarom word die term Byvoeging voorgestel. Dit is 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.3.10 Bepaling ("Bywoord, bywoordelike bepaling/bysin")

Bepaling is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat koppeling, Gekoppelde (slegs wanneer 'n byvoeglike naamwoord), Handeling of Byvoeging (slegs wanneer die Bepaling 'n byvoeglike naamwoord of werkwoord is) kwalifiseer.

- Bv: 1) Koppeling: ὁ ἀνὴρ ἀεὶ ἐστὶ διδάσκαλος
Die man is altyd leermeester
- 2) Gekoppelde: μηδὲν ἄξιον θανάτου
Niks is dood werd nie (Hand. 23:29)
- 3) Handeling: ὁ ἀνὴρ ἀεὶ δίδωσιν
Die man gee altyd
- 4) Byvoeging: μεῖζω τούτων ὄψη
Jy sal groter dinge sien as hierdie (Jh 1:50)

Die tradisionele terme bywoord en bywoordelike bepaling/bysin is korrek in die opsig dat die term bywoord (-elike) telkens gebruik word. Om egter in die benoeming van die sintaktiese funksie 'n onderskeid te maak tussen woord, bepaling en bysin is nie sintakties ter sake nie, aangesien dit slegs dui op die morfologiese woordsoort of -konstruksie wat gebruik word om die sintaktiese funksie te vervul. Daarom word die term Bepaling voorgestel. Dit is 'n geskikte benoeming van hierdie sintaktiese funksie.

1.4.4 'n Samevattende oorsig van die sintaktiese funksies

Die volgende twee samevattinge bied 'n oorsig van die sintaktiese funksies. Die eerste bied 'n oorsig met die sintaktiese sinstipes as basis en die tweede met die sintaktiese funksies as basis.

1.4.4.1 Die sintaktiese funksie van elke komponent van die sintaktiese sinstipes

Sinstipes 1:

<u>φίλε</u>	<u>καλῶς</u>	<u>ἀνὴρ</u>	<u>ἀεὶ</u>	<u>ἐστὶ</u>	<u>διδάσκαλος</u>
Onverbondene	Byvoeging	Genoemde	Bepaling	Koppeling	Gekoppelde
Vriend,	'n mooi	man	altyd	hy is	leermeester

Sinstipe 2:

<u>φίλε</u>	<u>καλῶς</u>	<u>άνηρ</u>	<u>ἀεί</u>	<u>δίδωσι</u>	<u>βίβλον</u>	<u>δούλω</u>
Onverbondene	Byvoeging	Handelende	Bepaling	Handeling	Behandelde	Betrokkene
Vriend	'n mooi	man	altyd	hy gee	'n boek	vir 'n slaaf

1.4.4.2 'n Sinopsis van die sintaktiese funksies

Sint. funksie	Afkorting	Verkorte definisie	Voorbeeld	Sintaktiese sinstipe
1. Genoemde	Gnm	'n Koppeling koppel 'n Gekoppelde hieraan	ὁ <u>άνηρ</u> ἐστὶ διδάσκαλος Die <u>man</u> is leermeester	St. 1
2. Koppeling	Kpp	Koppel 'n Gekoppelde aan Genoemde	ὁ <u>άνηρ</u> ἐστὶ διδάσκαλος Die man <u>is</u> leermeester	St. 1
3. Gekoppelde	Gkp	'n Koppeling koppel dit aan Genoemde	ὁ <u>άνηρ</u> ἐστὶ διδάσκαλος Die man is <u>leermeester</u>	St. 1
4. Handelende	Hnde	Die inisieerder van die handeling/gebeure deur die Handeling uitgedruk	ὁ <u>άνηρ</u> δίδωσι τὸν βίβλον Die <u>man</u> gee die boek	St. 2
5. Handeling	Hndg	Die handeling/gebeure waarvan die Handelende die inisieerder is	ὁ <u>άνηρ</u> δίδωσι τὸν βίβλον Die man <u>gee</u> die boek	St. 2
6. Behandelde	Bhn	Die voorwerp/onderganer van die handeling/gebeure deur die Handeling uitgedruk	ὁ <u>άνηρ</u> δίδωσι τὸν βίβλον Die man gee <u>die boek</u>	St. 2
7. Betrokkene	Btr	Die indirekte voorwerp/bevoorde of benadeelde van die handeling/gebeure deur Handeling uitgedruk	ὁ <u>άνηρ</u> δίδωσι τῷ δούλω Die man gee <u>vir die slaaf</u>	St. 2
8. Onverbondene	Onv	Altyd sintakties onverbonde	φίλε, δίδωσι τὸν βίβλον <u>Vriend</u> , hy gee die boek	St. 1/St. 2
9. Byvoeging	Bvg	'n Kwalifikasie by 'n Genoemde, Gekoppelde, Handelende, Behandelde, Onverbondene of Betrokkene	ὁ <u>καλῶς</u> <u>άνηρ</u> δίδωσι Die <u>goeie</u> man gee	St. 1/St. 2
10. Bepaling	Bpl	'n Kwalifikasie by 'n Koppeling, Gekoppelde, Handeling of Byvoeging	ὁ <u>άνηρ</u> <u>ἀεί</u> δίδωσι Die man <u>gee</u> <u>altyd</u>	St. 1/St. 2

1.5 Die Griekse konstruksiemoontlikhede vir elke sintaktiese funksie

Elke sintaktiese funksie kan deur verskillende morfologiese woordsoorte en/of -konstruksies (kortweg: konstruksiemoontlikhede) vervul word.

Tabel 2.1 - 2.10 in bylae 1 toon al die Griekse konstruksiemoontlikhede vir elke sintaktiese funksie. Funk (1977 I,20) is ook van mening dat daar behoefte aan sodanige behandeling is, maar beskou dit as baie gekompliseerd: "... the 'subject' is correlated to a greater or lesser degree with the word class nouns, while the 'predicate' is closely related to the word class verbs. An extensive statement of the relations between these features proves to be a very complicated matter". Indien met die onderskeiding sintaktiese funksies gewerk word, blyk dit nie so moeilik te wees nie. Bylae 1 lewer hiervan bewys.

Die stelling dat elke sintaktiese funksie deur verskillende morfologiese woordsoorte en/of -konstruksies vervul kan word, kan ook omgekeerd gemaak word: Elke morfologiese woordsoort en -konstruksie kan verskillende sintaktiese funksies vervul. 'n Sinopsis van die verskillende sintaktiese funksiemoontlikhede van elke morfologiese woordsoortfamilie is van onskatbare waarde vir die ontleding van sintaktiese struktuur, soos in hfst. 3 (5.1.2) aangetoon word. Vanweë die onmisbare waarde van sodanige sinopsis word hierdie sinopsis in bylae 1 (3.1.-3.5) ingesluit.

1.6 Die betekenis van 'n sintaktiese funksie

Die betekenis van 'n sintaktiese funksie is die betekenisnoeming van die sintaktiese funksie in 'n taaluiting. In die sin κατακαύσει πυρῖ (hy sal met vuur verbrand), byvoorbeeld, is die sintaktiese funksie van πυρῖ (met vuur) Bepaling. Die betekenis van hierdie sintaktiese funksie is dat dit die instrument van die Handeling noem; d.w.s: πυρῖ is Bepaling ten opsigte van instrument by κατακαύσει.

Anders gestel: Die feit dat die sintaktiese komponent πυρῖ die sintaktiese komponent κατακαύσει kwalifiseer, toon dat sy sintaktiese funksie Bepaling is. Die betekenisinhoud van hierdie kwalifikasie, d.w.s. die opsig waarin die sintaktiese komponent πυρῖ die sintaktiese komponent κατακαύσει nader bepaal, is die betekenis van die sintaktiese funksie Bepaling in hierdie sin.

Die algemene term in hedendaagse literatuur is grammatiese betekenis (Nida 1975,27+28; 1975b,16; Louw 1976,63). Hierdie term is egter misleidend omdat grammatiese beide die morfologiese en sintaktiese fasette van taal omvat. Daarom is grammatiese betekenis 'n ontoereikende term, en word dit vervang met die betekenis van 'n sintaktiese funksie (In 2.2.3 hieronder word aangetoon dat die betekenis van 'n sintaktiese funksie sinoniem is met semantiese funksie; vgl. aldaar). Vorster (1971,147) gebruik hiervoor skynbaar die term sintaktiese betekenis.

1.7 Sintaktiese eenheid

'n Sintaktiese eenheid is 'n sintaktiese komponent of (meestal) kombinasie van sintaktiese komponente wat as geheel 'n individuele selfstandige taaluiting vorm. Sintaktiese eenheid toon ooreenkoms met wat Louw (1979,30) 'n kolon noem.

1.8 Sintaktiese struktuur

Die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting is die struktuur wat deur die onderlinge verhoudings tussen die sintaktiese komponente van daardie taaluiting gevorm word.

1.9 Ontleding van sintaktiese struktuur

Nida (1975b,142) se definisie van syntactic analysis is die volgende: "In syntactic analysis we are concerned only with the classes of terms which may co-occur, and what they refer to is quite irrelevant (provided, of course, that the combinations make sense)". Hierdie definisie is te eng, aangesien dit nie verder as die morfologiese faset van taal kom nie. Daarom word die volgende definisie aan die hand gedoen:

Die ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting hou in die eerste plek in die afbakening van die sintaktiese komponente van die taaluiting en in die tweede plek die bepaling en deursigtige aanduiding van die verhouding (en/of verhoudingsmoontlikhede) tussen hierdie sintaktiese komponente.

1.10 Sintaktiese transkripsie

Sintaktiese transkripsie is die herleiding van 'n sintaktiese eenheid (of enige stuk taal) tot sy sintaktiese funksies. Die transkribering tot sintaktiese funksies sluit om praktiese toepassingsredes ook die toevoeging van die betekenis van die sintaktiese funksie in. Hierdie insluiting vind egter net plaas wanneer die sintaktiese funksie Bepaling of Byvoeging is, en by Byvoeging slegs wanneer die morfologiese konstruksie van die Byvoeging 'n selfstandige naamwoord of voor-naamwoord is. Streng gesproke is dit dus nie suiwer sintaktiese transkripsie nie maar sintakties-semantiese transkripsie. Omdat die sintaktiese faset egter die basis vorm, word dit kortweg sintaktiese transkripsie genoem.

Die volgende voorbeeld illustreer die praktyk van sintaktiese transkripsie:

Die sintaktiese transkripsie van ἀφωρισμένος εἰς εὐαγγέλιον (Rm 1:1 - afgesonder vir die evangelie) is: Handeling + Bepaling t.o.v. doel by Handeling. Die transkripsie kan ook soos volg gedeeltelik gesimboliseer word:

ἀφωρισμένος
└───┬───> εἰς εὐαγγέλιον

Handeling
└───┬───> Bepaling t.o.v. doel

1.11 Sogenaamde sintaktiese dieptestruktuur

Deist (1978,270) merk tereg op dat konstituentanalise en sintaktiese dieptestruktuur twee verskillende vlakke van sintaksis is wat nie verwar moet word nie. Vir die doeleindes van die ontleding van die sintaktiese struktuur van die Griekse Nuwe Testament is dit belangrik dat die volgorde van die sintaktiese komponente nie versteur word nie maar dat met die teks self gewerk word (vgl. hfst. 3, 3.2). Daarom is dit nie moontlik om eers 'n taaluiting te herlei (of: terug te transformeer) tot sy sogenaamde dieptestruktuur en dan die sintaktiese funksies posisioneel te bepaal en te definieer nie.

Chomsky (1965,16,135,141), De Haan e.a. (1977,35,51,52) en Anderson (1971,15) werk wel met sodanige dieptestruktuur. Fillmore (1968,88) sê tereg van die suiwer sintaktiese dieptestruktuur van die Chomskyane: "It is an artificial intermediate level ... the properties of which have more to do with the methodological commitments of grammarians than with the nature of human languages".

Tog kan die onderskeiding van sodanige dieptestruktuur waarde hê, maar dan vir doeleindes anders as diê van die ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n afgeronde taaluiting.

2. DIE MORFOLOGIESE EN DIE SEMANTIESE FASET VAN TAAL IN ONDERSKEIDING VAN DIE SINTAKTIESE FASET

- 2.1 Die morfologiese faset van taal
- 2.2 Die semantiese faset van taal
- 2.3 Gevolgtrekking

Die morfologiese en die semantiese faset van taal word nie op sig self behandel nie en gevolglik ook nie uitputtend behandel nie. Albei die fasette word slegs behandel ter onderskeiding van die sintaktiese faset van taal en om die sintakties tersaaklike terminologiese presisering en definiëring te maak.

2.1 Die morfologiese faset van taal

- 2.1.1 'n Definisie van die morfologiese faset van taal
- 2.1.2 Morfologiese woordsoort en morfologiese woordsoortfamilie
- 2.1.3 Morfologiese konstruksie
- 2.1.4 Morfologiese transkripsie

2.1.1 'n Definisie van die morfologiese faset van taal

Die morfologiese faset van taal het te doen met die woord op sigself en soos hy in die woordgroep, sinsnede, bysin, sin en gedagte-eenheid vergestalt word. Nie die betekenis van die betrokke woord is ter sake nie maar sy vorm, d.w.s. sy onderdeel en hoe hulle verbind is, en ook die wyse waarop die woord met ander woorde verbind word om morfologiese konstruksies (vgl. 2.1.3) te vorm.

2.1.2 Morfologiese woordsoort en morfologiese woordsoortfamilie

'n Morfologiese woordsoort is die naam van die groep woorde wat as groep vormlike ooreenkomste en gesamentlik dieselfde sintaktiese funksie moontlikhede vertoon. Morfologiese woordsoort kom in mindere of meerdere mate ooreen met die sogenaamde rededele.

Sekere morfologiese woordsoorte vertoon vormlike ooreenkomste. Sodanige morfologiese woordsoorte vorm saam 'n morfologiese woordsoortfamilie.

Morfologiese woordsoortfamilie kom in mindere of meerdere mate ooreen met wat Newman & Nida (1973,312) grammatical categories noem. Die term grammatical is egter misleidend, aangesien dit beide die morfologiese en sintaktiese fasette van taal omvat. De Haan e.a. (1977,30) gebruik 'n ewe onbevredigende term nl. leksikale elemente.

Die volgende tabel gee 'n samevatting van die verskillende morfologiese woordsoorte en woordsoortfamilies. In die linkerkolom word die tersaaklike vormlike eienskappe van elke woordsoortfamilie vermeld.

Vormlike eienskappe	Die morfologiese woordsoortfamilies en die morfologiese woordsoorte van elke familie
1. Vormlik niks aanduidend, funksioneel verhouding-aanduidend. Onvervoegbaar en onverbuigbaar.	1. Verhoudingswoorde 1.1 Voorsetsels, bv. εἰς 1.2 Voegwoorde bv. γάρ 1.3 Voegwoordelike partikels, bv. δέ
2. Vormlik niks aanduidend, funksioneel kwalifikasie-aanduidend. Onvervoegbaar en onverbuigbaar.	2. Kwalifikasiewoorde 2.1 Bywoorde, bv. καλῶς 2.2 Kwalifiserende partikels, bv. δὴ
3. Verbuigbaar (Verbuigingsvorme dui geslag, getal en naamval aan).	3. Nominaalwoorde 3.1 Selfstandige naamwoorde, bv. ἀπόστολος 3.2 Voornaamwoorde, bv. αὐτός 3.3 Byvoeglike naamwoorde, bv. καλός
4. Vervoegbaar (Vervoegingsvorme dui persoon, getal, tyd, modus en aktief/pas-sief/medium aan).	4. Verbaalwoorde 4.1 Oorganklike en onoorganklike werkwoorde, bv. λύω 4.2 Koppelwerkwoorde, bv. εἰμί
5. Verbuig- en vervoegbaar. (Die verbuigings-/vervoegingsvorme dui geslag, getal, naamval, tyd en aktief/pas-sief/medium aan).	5. Verbaal-nominaalwoorde 5.1 Infinitiewe, bv. (τὸ) λύειν 5.2 Deelwoorde, bv. λυόμενος

2.1.3 Morfologiese konstruksie

'n Morfologiese konstruksie ontstaan wanneer verskillende morfologiese woordsoorte tot 'n sintaktiese eenheid verbind word, bv:

* ἐν τῇ οἰκίᾳ

(in die huis)

- * ὁ μέγας ἀνὴρ (die groot man)
- * ὅτι ἐκεῖνος φοβεῖται (omdat hy vrees)

In die geval van sintetiese tale soos Grieks met sy verbuiging/vervoeging van die meeste morfologiese woordsoorte staan die morfologiese woordsoort baie sentraal in die morfologie. By die analitiese tale soos Afrikaans, waar verbuiging en vervoeging nouliks voorkom, staan die morfologiese konstruksie weer baie sentraal.

2.1.4 Morfologiese transkripsie

Morfologiese transkripsie is die benoeming van die morfologiese woordsoorte van 'n morfologiese konstruksie. Elke taaluiting kan tot morfologiese woordsoorte getranskribeer word:

- * ἐν τῇ οἰκίᾳ : Voorsetsel+lidwoord+selfstandige naamwoord
- * ὅτι ἐκεῖνος φοβεῖται : (onderskikkende) voegwoord+voor-naamwoord+werkwoord

2.2 Die semantiese faset van taal

- 2.2.1 'n Definisie van die semantiese faset van taal
- 2.2.2 Semantiese woordsoort
- 2.2.3 Semantiese funksie
- 2.2.4 Semantiese komponent
- 2.2.5 Gedagte-eenheid
- 2.2.6 Gedagtestruktuur
- 2.2.7 Ontleding van gedagtestruktuur

2.2.1 'n Definisie van die semantiese faset van taal

In aansluiting by Nida & Taber (1974,206) en in 'n mindere mate by Grabner-Haider (1974,13) word die volgende definisie van die semantiese faset van taal as uitgangspunt geneem:

Die semantiese faset van taal het te doen met die woord, die woord-groep, die sinsnede, die bysin, die sin en gedagte-eenheid. Nie die vorm, konstruksie of struktuur van hierdie taalelemente op sigself is

ter sake nie maar die betekenis van die elemente self en die betekenis van hulle onderlinge verhouding in 'n taaluiting.

2.2.2 Semantiese woordsoort

'n Semantiese woordsoort is die naam van die groepe woorde wat tot dieselfde uiteindelijke grootste betekenis-kategorieë behoort. Vier sodanige kategorieë word algemeen erken, nl. entiteite, gebeure, abstrakte en relasies.⁷⁾

2.2.3 Semantiese funksie

'n Semantiese funksie is die betekenis van 'n sintaktiese funksie, bv: In die sin κατακαύσει πυρὺ (hy sal met vuur verbrand) is die sintaktiese funksie van πυρὺ (met vuur) Bepaling. Die semantiese funksie daarvan is dat dit Bepaling ten opsigte van instrument by κατακαύσει is.

2.2.4 Semantiese komponent

'n Sintaktiese komponent kom ooreen met 'n sintaktiese eenheid. 'n Semantiese komponent is dus 'n sintaktiese komponent of (meestal) kombinasie van sintaktiese komponente wat as geheel 'n individuele selfstandige gedagte vorm. 'n Semantiese komponent is dus 'n gedagtekomponent.

Semantiese (of gedagte-) komponent kom min of meer ooreen met wat Louw (1979,30) 'n kolon noem: "... though structurally a syntactic unit, a colon as a coherent piece of information, is also a semantic unit, and as such a unit of thought - in fact the smallest performative unit of thought in a discourse".

Op grond van bostaande definisie van semantiese komponent en op grond van die feit dat die term semantiese so gelade is, sal voortaan konsekwent van gedagtekomponent, gedagte-eenheid, gedagtestruktuur en ontleding van gedagtestruktuur gepraat word. Hierdie terme word verkies bo die meer algemene kolon, diskoers/redevoering en diskoers-/redevoeringsanalise, omdat eersgenoemde terme meer beskrywend en minder gelade is.

7) Vergelyk onder andere Nida (1975a,178-86) vir 'n bespreking en uiteensetting van hierdie kategorieë.

2.2.5 Gedagte-eenheid

'n Gedagte-eenheid ontstaan wanneer verskillende gedagtekomponente tot 'n hegte eenheid saamgevoeg word. Kleiner gedagte-eenhede (kombinasie van selfstandige sinne en paragrawe) word verbind om groter gedagte-eenheid (hoofstukke en uiteindelik hele boeke) te vorm.

2.2.6 Gedagtestruktuur

Die gedagtestruktuur van 'n taaluiting is die struktuur wat deur die onderlinge verhoudings tussen die gedagtekomponente gevorm word.

2.2.7 Ontleding van gedagtestruktuur

Die ontleding van die gedagtestruktuur van 'n gedagte-eenheid hou in die eerste plek in die afbakening van die gedagtekomponente van die gedagte-eenheid en in die tweede plek die bepaling van die verhouding en/of verhoudingsmoontlikhede tussen hierdie gedagtekomponente.

2.3 Gevolgtrekking

Die sintaktiese faset van taal het te doen met die verhouding (relasie/verband) tussen sintaktiese komponente in 'n selfstandige sinvolle woordreeks, en - waar dit sintaktiese vergestaltung vind - die verhouding tussen selfstandige sinvolle woordreekse.

Met die morfologiese en semantiese fasette is dit egter soos volg gesteld:

Die morfologiese faset van taal het te doen met die woord, en wel met die woord se vorm en hoe die woord met ander woorde verbind word om morfologiese konstruksies te vorm. Die semantiese faset van taal het te doen met die woord, die woordgroep, die sinsnede, die bysin, die sin en die gedagte-eenheid. Nie die vorm, konstruksie of struktuur van hierdie taalelemente is op sigself ter sake nie, maar die betekenis van die element self en die betekenis van hulle onderlinge verbinding in 'n taaluiting.

3. DIE VERBAND TUSSEN DIE SINTAKTIESE FASET VAN TAAL EN DIE MORFOLOGIESE EN DIE SEMANTIESE FASET

- 3.1 Die verband tussen die sintaktiese en die morfologiese faset van taal
- 3.2 Die verband tussen die sintaktiese en die semantiese faset van taal
- 3.3 Die verband tussen die morfologiese en die semantiese faset van taal
- 3.4 Gevolgtrekking

3.1 Die verband tussen die sintaktiese en die morfologiese faset van taal

Die sintaktiese en die morfologiese faset van taal word in die reël vermeng, en die verband tussen die twee fasette word dikwels nie korrek gesien nie. Veral ten opsigte van terminologie is dit nie altyd duidelik vanuit watter faset 'n besondere onderskeiding en benoeming gemaak word nie. Daarom is dit belangrik om die verband tussen die genoemde fasette korrek te bepaal. Hierdie bepaling word met betrekking tot die volgende gedoen:

- 3.1.1 'n Vergelyking op grond van die definisies van beide fasette;
- 3.1.2 die vervlegtheid van die morfologiese en die sintaktiese faset van taal;
- 3.1.3 'n nadere aanduiding van die onderskeid en verband tussen morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies;
- 3.1.4 die nut van die onderskeiding tussen morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies.

3.1.1 'n Vergelyking op grond van die definisies van beide fasette

'n Vergelyking van die definisies van die sintaktiese en die morfologiese faset van taal laat blyk dat die morfologiese faset met die vorm van morfologiese woordsoorte en konstruksies te doen het. Daarenteen raak die sintaktiese faset van taal die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies in 'n sin.

Die verskil het dus met vorm en verhouding te make.

Ook Mickelsen (1963,130) sien die verband tussen die morfologiese en sintaktiese fasette s6. Bloomfield (1935,183-4 en veral 207) sien die verband soos volg: "... morphology includes the construction of words and parts of words, while syntax includes the construction of phrases". Die ongeldigheid van hierdie definisie blyk uit die feit dat wat volgens sy definisie vir Afrikaans sintaksis sou wees, in baie gevalle vir Grieks morfologie sou wees.

3.1.2 Die vervlegtheid van die sintaktiese en die morfologiese faset van taal

Tog is die sintaktiese en die morfologiese faset van taal nie waterdig te skei nie (De Saussure 1966,90-1). Ter illustrasie hiervan dien die volgende:

- 1) Die vorm van woorde (veral sigbaar by verbuig- en vervoegbare woorde) word bepaal deur die sintaktiese funksie van die betrokke woorde in die sin (Funk 1977 I,69 en Stoker 1968,160), bv. die vorme van $\sigma\acute{\upsilon}$ (jy) en $\acute{\epsilon}\gamma\acute{\omega}$ (ek) in die volgende twee sinne:

* $\sigma\acute{\upsilon}$ $\pi\acute{\epsilon}\mu\pi\epsilon\lambda\varsigma$ $\mu\epsilon$ (jy stuur my)
* $\acute{\epsilon}\gamma\acute{\omega}$ $\pi\acute{\epsilon}\mu\pi\omega$ $\sigma\epsilon$ (Ek stuur jou)

- 2) Ook die vorm van morfologiese konstruksies word deur die sintaktiese funksie van die betrokke konstruksie bepaal. Veel meer egter as in die geval van woorde het dieselfde morfologiese konstruksie dikwels 'n hele reeks sintaktiese funksiemoontlikhede. Vergelyk bv. die morfologiese konstruksie $\delta\tau\lambda$ + Indikatief in tabel 3.4.1 in bylae 1.

Die sintaktiese en morfologiese fasette van taal moet dus onderskei word, maar 'n waterdigte skeiding tussen hierdie fasette is nie moontlik nie.

3.1.3 'n Nadere aanduiding van die onderskeid en verband tussen morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies

Sintaktiese funksie is 'n onderskeiding en benoeming wat vanuit die sintaktiese faset van taal geskied, en morfologiese woordsoorte of konstruksies 'n onderskeiding en benoeming wat vanuit die morfologiese faset van taal gedoen word. Net so belangrik as wat dit is dat genoemde fasette nie vermeng word nie, is dit dat die onderskeidings en benoemings vanuit hierdie twee fasette nie vermeng word nie.

Die implikasie hiervan is die insig dat één morfologiese woordsoort (of konstruksie) verskillende sintaktiese funksies kan vervul.⁸⁾ Die verskillende sintaktiese funksiemoontlikhede van die morfologiese konstruksie $\acute{\omicron}$ $\acute{\alpha}\nu\eta\rho$ (die man) in die volgende drie sinne is opvallend:

8) Kruger (1961,13) vermeld ook hierdie verskynsel maar dui nie die uitwerking daarvan end-uit aan nie.

- | | |
|-------------------------------------|---------------------------------------|
| * <u>ὁ ἀνὴρ</u> βαπτίζει τὸν δοῦλον | (<u>Die man</u> doop die slaaf) |
| * ὁ δοῦλος δικάζει τὸν ἄνδρα | (Die slaaf agtervolg <u>die man</u>) |
| * δίδωσι τῷ ἄνδρι βύβλον | (Hy gee <u>die man</u> die boek) |

Die omgekeerde is ook waar: één sintaktiese funksie kan deur verskillende morfologiese woordsoorte (of konstruksies) vervul word. Dit blyk byvoorbeeld uit die feit dat die volgende drie verskillende morfologiese konstruksies elkeen dieselfde sintaktiese funksie (Behandelde) in die volgende drie sinne vervul:

- | | |
|------------------------------|---------------------------------------|
| * ὁ δοῦλος δικάζει τὸν ἄνδρα | (Die slaaf agtervolg <u>die man</u>) |
| * ὁ δοῦλος δίδωσι τὸ καλόν | (Die slaaf gee <u>die mooie</u>) |
| * αἰτέω μένειν | (Ek vra <u>om te bly</u>) |

Dit blyk dus duidelik dat die onderskeid tussen morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies terminologies en eksplisiet gehandhaaf moet word.

Nida & Taber (1974,57) bly in gebreke om hierdie onderskeid te handhaaf as hulle die rededele 'n syntactic class noem. Ook Louw (1979,29) bly skynbaar in gebreke, aangesien hy naas syntactic structure slegs semantic function onderskei. In elk geval maak hy nêrens die onderskeiding tussen morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies eksplisiet nie.

3.1.4 Die nut van die onderskeiding tussen morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies

3.1.4.1 Die ontwerping van 'n terminologiesistiem vir die ontleding van sintaktiese struktuur

Funk (1977 I,69) poneer tereg die volgende stelling: "A traditional syntax of the cases attempts to systematize the various relationships between words and word groups signaled by case-forms. Syntactical categories thus developed are seldom clearcut and never exhaustive". Die metode van onderskeiding wat hy self aan die hand doen (vgl. hfst.3, 4.5) slaag egter ook nie daarin om resultate te lewer wat as 'n terminologiesistiem kan dien aan die hand waarvan die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting ontleed kan word nie. Die grondfout wat deur Funk en ander Griekse taalkundiges begaan word, is dat die morfologiese woordsoorte en konstruksies as uitgangspunt geneem word in plaas van 'n sintaktiese onderskeiding, nl. die sintaktiese funksies.

Ponelis (1979) volg skynbaar dieselfde metode as Funk in dié opsig dat hy met morfologiese woordsoorte en konstruksies as uitgangspunt sy hoofstukke onder andere volgens hierdie woordsoorte en konstruksies indeel⁹⁾ en dan onder elke woordsoort of konstruksie die verskillende sintaktiese funksies waarvoor hierdie woordsoort of konstruksie gebruik kan word, behandel.

Net so probeer Mickelsen op hierdie wyse die sintaksis van Nuwe-Testamentiese Grieks tipeer. Hy gee 'n tipering van Griekse sintaksis, maar vanuit die verskillende morfologiese woordsoorte en konstruksies, wat hy klassifiseer onder verb (p.132-7), noun(p.142-7) en clause (p.149-53). Verder noem hy verb, noun en clause " ... the basic elements of syntax" (1963,131).

Trouens, die afdelings oor sintaksis in al die geraadpleegde boeke oor Griekse sintaksis en taalkunde (vgl. Bibliografie) pas in 'n mindere of meerdere mate hierdie werkswyse toe.

Ongetwyfeld het hierdie werkswyse op sigself waarde vir die beskrywing van 'n taal, soos Ponelis se monumentale werk oor die Afrikaanse sintaksis (1979) duidelik laat blyk. Omdat die uitgangspunt vir die behandelingsorde egter vanuit die morfologiese faset van taal gestel word, word 'n onderbroke beskrywing van die sintaksis van die betrokke taal gegee en boonop 'n beskrywing wat - soos hierbo gestel is - in elk geval nie daarin slaag om resultate te lewer wat as terme kan dien aan die hand waarvan die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting ontleed kan word nie.

Indien dus nie die sintaktiese funksies as uitgangspunt geneem word nie, word uiteindelik nie die sintaksis getipeer nie maar die morfologie. Daarom is sodanige metode dan ook nie bruikbaar vir die ontleding van sintaktiese struktuur nie.

3.1.4.2 Die ontwerp van 'n uitgangspunt vir die behandelingsorde van 'n sintaksishandboek

Daar is ook nog 'n verdere winspunt: selfs 'n beskrywing van byvoorbeeld Grieks kan met groter welslae aan die hand van die sintaktiese funksies as uitgangspunt vir behandelingsorde geskied. So 'n beskrywing sal dan onder elke sintaktiese

9) Ponelis (1979) se hoofstukindeling is die volgende: Naamwoorde (2-7); Setsels (8); Werkwoorde (9-12); adjektiewe (13); adjunkte (14); ontkenning, sinstipe en sinskleur (15); omskrywing (16); sinsinlywing en bysinne (17); naamwoordsinne (18); betreklike konstruksies (19); nominaalkonstruksies (20); plasing, nadruk, anaforiek (21-23); neweskikking (24).

funksie al die morfologiese woordsoorte en konstruksiemoontlikhede behandel wat die betrokke sintaktiese funksie kan verrig.¹⁰⁾ Die resultaat is dat 'n geheel-beeld van die sintaksis van die betrokke taal verkry word. In bylae 1 word die koers vir sodanige handboek aangedui. Die waarde hiervan vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante word in hfst. 5 (1.1-1.5) aangetoon.

3.1.4.3 Die vergemakliking van sintaktiese kommentaar

3.1.4.3.1 Die sintaktiese ontleding van 'n sin

Die sinvolheid van die onderskeiding en benoeming van sintaktiese funksies blyk verder uit die feit dat dit kommentaar op die sintaksis van 'n taaluiting aansienlik vergemaklik en verhelder.

Ter illustrasie word die volgende uit Chomsky (1965,64) aangehaal. Chomsky gee vooraf die sin sincerity may frighten the boy (p.63) en daarna die volgende ontleding daarvan:

The NP sincerity functions as the Subject of the sentence, whereas the VP frighten the boy functions as the Predicate of this sentence; the NP the boy functions as the Object of the VP, and the V frighten as its Main Verb; the grammatical relation Subject-Verb holds of the pair (sincerity, frighten), and the grammatical relation Verb-Object holds of the pair (frighten, the boy).

Indien die ontleding van bogenoemde sin op grond van die sintaktiese funksies gedoen word, is die kommentaar helderder en minder omslagtig. Die hele aangehaalde paragraaf sou vervang kon word met:

Sincerity is Handelende, may frighten Handeling en the boy Behandelde.

'n Verdere illustrasie: Chomsky (1965,70) gee vooraf die sin John was persuaded by Bill to be examined, en sê dan van die sin: "Bill is the ("logical") Subject of the sentence, rather than John, which is the so-called "grammatical" Subject of the Sentence, that is, the Subject with respect to the surface structure."

10) Dit hou onder andere in dat 'n konstruksie behandel en sintakties beskryf moet word soos hy in 'n betrokke sin staan en nie soos hy geskiedkundig of andersins uit 'n (vermeende) bron ontwikkel het nie, soos Ponelis (1979,150) doen. Vir sintaksis is primêr die huidige gebruik van die betrokke konstruksie ter sake en nie hoe dit geskiedkundig tot by daardie gebruik ontwikkel het nie. Laasgenoemde is wel ter sake by die teoretiese behandeling van die sintaksis van 'n taal, en selfs dan slegs as verklaring vir die huidige gebruik. By die ontleding van sintaktiese struktuur geld slegs die huidige gebruik van 'n konstruksie, d.w.s. die sintaktiese funksie wat dit in die betrokke sin vervul.

Hierdie selfde opmerking sou onder die volgende woorde gebring kon word: John is Behandelde en Bill Handelende. John is ook die tema van die sin.

3.1.4.3.2 Onderskeiding tussen morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies

Die sinvolheid van die onderskeiding en benoeming van sintaktiese funksies blyk verder uit die feit dat sintaktiese funksies en morfologiese woordsoorte of konstruksies helder en sonder omslagtigheid onderskei kan word.

Ter illustrasie word eers 'n aanhaling uit Chomsky (1965,68) gegee, en daarna word dieselfde saak wat hy beredeneer het, op grond van die onderskeiding tussen en benoeming van morfologiese woordsoorte of konstruksies en sintaktiese funksies uiteengesit:

The notion "Subject" as distinct from the notion "NP", designates a grammatical function rather than a grammatical category. It is, in other words, an inherently relational notion ... Functional notions like "Subject", "Predicate" are to be sharply distinguished from categorical notions such as "Noun Phrase", "Verb", a distinction that is not to be obscured by the occasional use of the same term for notions of both kinds.

Vergelyk hierdie omslagtigheid met: Elke sintaktiese funksie kan gevul word deur verskillende morfologiese woordsoorte en/of konstruksies.

Alhoewel dit nie nodig is nie, sou - vir verdere helderheid - die volgende bygevoeg kon word: So byvoorbeeld is die konstruksiemoontlikhede vir naamwoorde, -bepalings en -bysinne, en die verskillende naamwoorde en naamwoordsinne.

3.2 Die verband tussen die sintaktiese en die semantiese faset van taal

Ten opsigte van die verband tussen die sintaktiese en die semantiese faset van taal is daar uiteenlopende standpunte. 'n Raadpleging van die literatuur in hierdie verband toon die volgende groeperings: Daar is diegene wat die semantiese oorwaardeer ten koste van die sintaktiese (Nida (1975,198; 1975b,10); Louw (1976,64); De Stadler (1976,50); Kruger (1961,11)); dié wat die sintaktiese oorwaardeer ten koste van die semantiese (Chomsky (1957,15,17,106-8;

1965,16,135,141,154,163); Greenlee (1972,131) en talle leidende strukturele taalkundiges, soos oortuigend aangetoon deur Saumjan (1971,103)); dié wat die kunsmatige skeiding tussen die sintaktiese en die semantiese fasette handhaaf (Katz & Postal (1964); Abraham & Kiefer (1966,46,64)); dié wat die sintaktiese en die semantiese fasette vermeng (Chafe (1970,68), en algemene generatiewe semantiese model soos aangedui deur De Haan e.a. (1977,153)), en die wat 'n korrekte en gebalanseerde standpunt handhaaf.

Om die verband tussen die sintaktiese en semantiese fasette aan te toon en so doende standpunt teenoor bogenoemde eensydighede in te neem, word die volgende aan die orde gestel:

- 3.2.1 'n vergelyking op grond van die definisies van albei fasette;
- 3.2.2 die verband tussen sintaktiese-eenheid en gedagtekomponent;
- 3.2.3 die implikasie van die onderskeid en verband tussen sintaktiese funksie en semantiese funksie;
- 3.2.4 die implikasie van die onderskeid en verband tussen sintaktiese struktuur en gedagtestruktuur;
- 3.2.5 Verdere aanduiding van die vervlegtheid van die sintaktiese en die semantiese faset van taal.

3.2.1 'n Vergelyking op grond van die definisies an albei fasette

'n Vergelyking van die definisies van die sintaktiese en die semantiese faset van taal laat blyk dat die sintaktiese faset met die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies in 'n sin te doen het. Die semantiese faset daarenteen het te doen met die betekenis van morfologiese woordsoorte en konstruksies en met die betekenis van hulle onderlinge verhouding in 'n taaluiting.

Die verskil gaan dus om verhouding en betekenis. Hierdie standpunt word in 'n mindere of meerdere mate gehandhaaf deur: Anderson (1971,15); Botha (1980,12); De Haan e.a. (1977,52,150); De Saussure (1966,93); De Villiers (1975,178); Grabner-Haider (1974,13); Loader (1978,32); Louw (1979 I,14-16); Louw, Nida & Smith (1977,144); McCawley (1968,161,167); Mickelsen (1963,129,130,132); Oller (1972,46,48); Saumjan (1971,105,106,335); Stork (1974,95); Thiselton (1977,76).

3.2.2 Die verband tussen sintaktiese eenheid en gedagtekomponent

Uit die definisie van gedagtekomponent (2.2.4) blyk dit dat 'n gedagtekomponent dieselfde as 'n sintaktiese eenheid kan wees. Uit die definisie van sintaktiese eenheid (1.7) is dit weer duidelik dat sintaktiese eenheid nie onafhanklik van semantiese oorwegings bepaal kan word nie.

3.2.3 Die implikasie van die onderskeid en verband tussen sintaktiese funksie en semantiese funksie

Onder 2.2.3 is beredeneer dat semantiese funksie die betekenis van 'n sintaktiese funksie is. Elke sintaktiese funksie omvat 'n aantal semantiese funksies. Hierdie semantiese funksies is die semantiese funksiemoontlikhede van die betrokke sintaktiese funksie. Ter illustrasie dien die volgende:

Die sintaktiese funksie Bepaling (in tradisionele terme: bywoord + bywoorde=like bepalings/bysinne) omvat 'n hele aantal semantiese funksies, waaronder instrument, plek, doel, tyd en rede. Slegs op grond van semantiese oorwegings is dit moontlik om in 'n bepaalde geval 'n keuse tussen die semantiese funksiemoontlikhede te maak. Vergelyk:

* κατακαύσει πυρῖ (Hy sal met vuur verbrand)

Langs die weg wat hieronder (3.2.5.1) geïllustreer word, word bepaal dat die sintaktiese funksie van die komponent πυρῖ Bepaling by κατακαύσει is. 'n Keuse tussen die semantiese funksiemoontlikhede kan alleenlik op grond van die betekenis vandie hele uiting κατακαύσει πυρῖ gemaak word. Tereg sê De Villiers (1975, 178) in hierdie verband: "Ook betekenis van die woorde in die stel moet by die behandeling van die struktuur van die stel betrek word".

Die sintaktiese funksie van πυρῖ is dus Bepaling by κατακαύσει, en die semantiese funksie is instrument. So kan uiteindelik gekonkludeer word dat πυρῖ 'n Bepaling ('n onderskeiding vanuit die sintaktiese faset van taal) ten opsigte van instrument ('n onderskeiding vanuit die semantiese faset van taal) by κατακαύσει is.

Hieruit blyk dit dat Nida (1975b,42) 'n kunsmatige skeiding maak en die sintaktiese faset onderwaardeer deur te sê: "What is important ... is not the

syntactic structure in which an element is found, but the semantic relation between the head and the qualifier".

3.2.4 Die implikasie van die onderskeid en verband tussen sintaktiese struktuur en gedagtestruktuur

Sintaktiese struktuurontleding moet by die ontleding van gedagtestruktuur sy regmatige rol vervul. Tereg skryf Louw in hierdie verband "... dat enige semantiese teorie noodwendig teen die agtergrond van die sintaktiese gebou moet word, want in taalgebruik is die semantiese altyd in die sintaktiese gegee, omdat ons sonder 'n sintaktiese struktuur geen taaluiting het nie". Louw werk egter in sy 1976-publikasie nie die praktiese konsekwensies van die stelling uit nie. In praktyk maak hy 'n sprong van die morfologiese na die semantiese; die sintaktiese sluit hy wel per implikasie in, maar hy maak dit nie eksplisiet nie. In 'n latere publikasie (1979,14) stel hy dit eksplisiet: "In analyzing discourse, syntactic features will always have priority".

Die stelling dat sintaktiese struktuurontleding by die ontleding van die gedagtestruktuur sy regmatige rol moet vervul, is veral van toepassing op die nie-moedertaalleser en veral wanneer sy moedertaal so ver verwyder is van die stuk wat bestudeer moet word, soos Afrikaans van Nuwe-Testamentiese Grieks.

Ter illustrasie van die verband tussen sintaktiese struktuur en die ontleding daarvan enersyds, en gedagtestruktuur en die ontleding daarvan, andersyds, die volgende:

Omdat die bepaling van 'n sintaktiese eenheid gewoonlik nie anders as op grond van semantiese oorwegings kan geskied nie en omdat die bepaling van die sintaktiese funksie van 'n sintaktiese komponent normaalweg nie anders as op grond van semantiese oorwegings gedoen kan word nie, volg dit logies noodwendig dat die ontleding van sintaktiese struktuur ook nie anders as op grond van semantiese oorwegings gedoen kan word nie.

Die omgekeerde is egter ook waar: die skrywer het juis sy gedagtes taals geopenbaar; daarom sal die gedagtestruktuur van 'n gedagte-eenheid nie dwars teen elke moontlike sintaktiese struktuur ingaan nie.

Die implikasie hiervan is dat die ontleding van sintaktiese struktuur en die ontleding van gedagtestruktuur in die praktyk nie noodwendig kronologies op me-

kaar volg nie. Omdat die skrywer in sy taalse openbaring van sy gedagtes van sintaktiese struktuurvorms gebruik maak, vorm die sintaktiese faset egter die basis en gee die riglyne vir die ontleding van gedagtestruktuur. Die sintaktiese struktuurontleding is egter in baie opsigte voorlopig, veral omdat dit (aanvanklik) die verhoudingsmoontlikhede van die sintaktiese komponente tot mekaar bied. Veral tussen verskillende selfstandige sinne kan die verhoudingsmoontlikhede net in 'n beperkte mate op sintaktiese vlak vasgestel word. Hierdie verhoudingsmoontlikhede kan normaalweg uitsluitlik langs die weg van die ontleding van die gedagtestruktuur vasgestel word. Daarom dien die ontleding van die gedagtestruktuur op sy beurt weer as kontrole vir die sintaktiese struktuurontleding.

Daar is dus deurentyd 'n wisselwerking, maar met die (voorlopige) sintaktiese struktuurontleding as basis, uitgangspunt en verwysingsraamwerk. Hierdie wisselwerking word in hfst. 5 (2.1.4, p.168) aan die hand van Rm 8:28-30 geïllustreer.

Loader (1978,26) gee dieselfde voorrang aan die sintaktiese struktuurontleding.

Saumjan (1971,106) kom tot dieselfde gevolgtrekking: "From the standpoint of logic the syntactic level must be considered primary, and the semantic level subordinate, since only the syntactic level can be an objective, formal basis for investigating the meaning of linguistic units".

Louw (1979,4) stel dit sō: "(Analysis) ... is primarily a semantic procedure, and yet its starting point is not semantic, but syntactic since it is based on the surface structure representation of a discourse"; en op p14: "In analyzing discourse, syntactic features will always have priority".

Vorster (1971,147) gaan skynbaar 'n ander rigting op, soos blyk uit die volgende stelling: "Gedagtig daaraan dat taal 'n samehangende sisteem is waarin daar betrekkinge bestaan tussen die lede van die sisteem, is die kleinste eenheid waarby 'n ondersoek begin moet word, die perikoop ... Daarna word die sin, as onderdeel van die perikoop gesien, ondersoek en ook die waarde van die woord binne hierdie eenheid bepaal".

Dit is te betwyfel of die metode wat deur Vorster voorgestel word, 'n vrugbare of selfs uitvoerbare werkmetode is. Die sin is eerder die goeie beginpunt, want eers as jy sien hoe sinne inmekaarskakel en aanmekaarskakel, kan jy kleiner- en groter gedagte-eenhede bepaal en so uiteindelik die perikoop afbaken. Hiervol-

gens word die wisselwerking tussen die ontleding van sintaktiese en gedagte=struktuur nie ontken nie: die één is immers eers afgehandel as die geheel afgehandel is. Dit wil sê: Eers as die eksegeese van die betrokke gedagte-eenheid volledig afgehandel is, kan beide die sintaktiese struktuurontleding en die gedagtestruktuurontleding as finaal beskou word.

Deist (1978,267-8) het tereg aangetoon dat teksbinding op veel meer vlakke as die sintaktiese en die semantiese opereer. Deur slegs die sintaktiese en semantiese te behandel, word die bestaan van ander faktore nie ontken nie. Hierdie faktore is egter nie vir die doeleindes van hierdie proefskrif onmiddellik ter sake nie.

3.2.5 Verdere aanduiding van die vervlegtheid van die sintaktiese en die semantiese faset van taal

3.2.5.1 Wyse van bepaling van sintaktiese funksie

Die bepaling van die sintaktiese funksie van 'n sintaktiese komponent wat in die sin waarin sy staan, twee of meer verhoudingsmoontlikhede het, kan nie anders as op grond van semantiese oorwegings gedoen word nie. In hierdie verband sê Pone-lis (1979,495) dat daar by die ordening van sintaktiese komponente meer betrokke is, soos historiese en semantiese faktore. Dit volg dus logies dat semantiese oorwegings gebruik moet word om te bepaal waarom die bepaalde "ordering" juis sō is. Loader (1978,32) stel dit soos volg: "... semantiese of betekenis-kwes-sies kan ook 'n rol speel in die bepaling van die verbindings in die "oppervlakte-struktuur".

Die volgende voorbeeld illustreer die bepaling van sintaktiese funksie:

* ὁ δύκαλος ἐκ πίστεως ζήσεται (die regverdige/uit geloof/sal lewe)
(Rm1:17)

Die sintaktiese komponent ἐκ πίστεως kan sintakties Byvoeging by ὁ δύκαλος wees of Bepaling by ζήσεται. Op grond van semantiese oorwegings - onder andere die vasstelling van die bedoeling van die hele gedagte-eenheid - blyk dit egter dat ἐκ πίστεως Byvoeging by ὁ δύκαλος is.

In hierdie verband oorwaardeer Kruger (1961,11) die semantiese faset as hy sê: "Die verklaring van elke woordgebruik, d.w.s. die woord in funksie, is vasgelê deur die woord voordat dit in 'n sin gebruik word, d.w.s. deur sy wese, wat identiek is aan woordbetekenis".

Nida (1972,81-2), aan die ander kant, maak 'n valse teenstelling tussen die sintaktiese en semantiese fasette en oorwaardeer die semantiese faset. In verband met die uitdrukking $\chi\acute{\alpha}\rho\iota\varsigma$ καὶ ἀποστολῆν in Rm 1:5 sê hy: "It is important to note that the syntactically coordinate construction grace and apostleship is semantically subordinate". Indien raakgesien word dat καὶ ἀποστολῆν nie net die sintaktiese funksie Behandelde (d.w.s. newegesik aan $\chi\acute{\alpha}\rho\iota\varsigma$) het nie maar onder andere ook die sintaktiese funksie Byvoeging (d.w.s. nader verklarend by $\chi\acute{\alpha}\rho\iota\varsigma$) kan hê, is dit slegs nodig om op grond van semantiese oorwegings 'n keuse tussen die twee sintaktiese funksiemoontlikhede te maak.

Chomsky (1957,17) gaan weer 'n ander uiterste op as hy sê: "I think that we are forced to conclude that grammar is outonomous and independent of meaning ...". Tereg merk Oller (1972,45) op dat dit onder andere die rede is waarom die verband sintaksis-semantiek vir Chomsky so problematies is.

Op grond van bogenoemde voorbeeld uit Rm 1:17 kan in verband met die wyse van bepaling van sintaktiese funksie tot die gevolgtrekking geraak word dat sintaktiese komponente dikwels op sintaktiese vlak meer as een verhoudingsmoontlikheid openbaar. Slegs op grond van semantiese oorwegings kan daar 'n keuse tussen hierdie moontlikhede gemaak word en daarmee die sintaktiese funksie van die betrokke sintaktiese komponent bepaal word. Hierdie semanties-geörienteerde keuse moet egter voorafgegaan word deur 'n wetenskaplik verantwoorde beslissing oor watter interpretasies sintakties moontlik is. Oorwegings vanuit die sintaktiese faset bly dus die basiese.

3.2.5.2 Die praktyk van sintaktiese transkripsie

Die praktyk van sintaktiese transkripsie laat die vervlegtheid van die sintaktiese en die semantiese faset van taal blyk in die opsig dat sintaktiese transkripsie nie onafhanklik van oorwegings vanuit die semantiese faset van taal kan plaasvind nie.

3.3 Die verband tussen die morfologiese en die semantiese faset van taal

Die verband tussen die morfologiese en die semantiese faset van taal word slegs in dié mate aangetoon as wat dit implikasies vir die sintaktiese faset van taal het, t.w.:

- 3.3.1 'n vergelyking op grond van die definisies van beide fasette;
- 3.3.2 die verband en verhouding tussen morfologiese woordsoorte en semantiese woordsoorte;
- 3.3.3 die gevaar en realiteit van die sprong om van die morfologiese onmiddellik na die semantiese faset van taal te beweeg.

3.3.1 'n Vergelyking op grond van die definisies van beide fasette

'n Vergelyking van die definisies van die morfologiese en die semantiese faset van taal laat blyk dat die morfologiese faset van taal met die vorm van morfologiese woordsoorte en konstruksies te doen het. Daarteenoor het die semantiese faset van taal te doen met die betekenis van morfologiese woordsoorte en/of konstruksies en met die betekenis van hulle onderlinge verhouding in 'n taaluiting.

Die verskil raak dus vorm en betekenis.

3.3.2 Die verband en verhouding tussen morfologiese en semantiese woordsoorte

'n Morfologiese woordsoort is die naam van die groep woorde wat as groep vormlik ooreenkomste en gesamentlik dieselfde sintaktiese funksie moontlikhede vertoon. 'n Semantiese woordsoort daarenteen is die naam van die groep woorde wat tot dieselfde uiteindelige grootste betekenis-kategorieë behoort.

Die implikasie hiervan is dat een woord woordsoortelik verskillend benoem kan word: die woord doop in die doop van Johannes is byvoorbeeld morfologies 'n nominaalwoord (nog nader bepaal: 'n selfstandige naamwoord), terwyl die woord semanties 'n gebeurewoord is.

Morfologiese en semantiese woordsoorte is dus duidelik twee onderskeie woordsoorttipes.

3.3.3 Die gevaar en realiteit van die sprong om van die morfologiese onmiddellik na die semantiese faset van taal te beweeg

3.3.3.1 Valse teenstelling tussen "oppervlak-" en "dieptestruktuur"

Wanneer van die morfologiese faset van taal regstreeks na die semantiese beweeg word, hou dit 'n sprong in wat 'n valse teenstelling tussen "oppervlak-" en

"dieptestruktuur" tot gevolg het. Ter illustrasie van die gevaar en realiteit van hierdie sprong word die volgende uit Nida (1975b,50-2) aangehaal:

Aan die hand van die voorbeeld Miss Jones slapped Miguel, and he knived her sê Nida:

In some instances what may appear to be simply an additive-different structure (in term of its surface structure) is actually an expression of a reason-result relation. ... It is not unusual for a writer to mask intentionally the real meaning of a semantic relation by employing imprecise overt markings.

Afgesien van die feit dat Nida hier 'n onnodige teenstelling tussen oppervlak- en dieptestruktuur maak, lê die grondfout van sy redenasie daarin dat hy implisiet van die morfologiese faset regstreeks na die semantiese faset van taal beweeg. Indien raakgesien word dat die morfologiese konstruksie and ... knived ook vir die sintaktiese funksie Bepaling ten opsigte van gevolg gebruik kan word, word dit duidelik dat daar geen rede vir die skynbare teenstelling tussen oppervlak- en dieptestruktuur van 'n taaluiting is nie.

Ponelis (1979,359) illustreer hierdie verskynsel aan die hand van die feit dat die sintaktiese funksie van maar ... beskik en terwyl ... beskik in die volgende sinne identies is:

Die Suide het tradisie, terwyl die Noorde oor die geld beskik
Die Suide het tradisie, maar die Noorde beskik oor die geld

3.3.3.2 Temabepaling van 'n taaluiting

Wanneer van die morfologiese faset van taal regstreeks na die semantiese beweeg word, kan dit inhou dat die tema (d.i. die fokus) van die betrokke taaluiting nie taalkundig gemotiveer kan word nie maar slegs op grond van 'n subjektiewe aanvoeling. Ter illustrasie van sodanige taalkundige motivering word die temas van die volgende twee sinne bepaal:

- (1) Die funksionering van die stelsel is gebrekkig
- (2) Die stelsel funksioneer gebrekkig

Funksionering en funksioneer is albei semanties woordsoortlik gebeurwoorde. Wanneer bloot met hierdie onderskeiding gewerk word, lyk dit asof die twee sinne semanties identies is.

Ponelis (1979,478-9) toon egter oortuigend dat die verskillende sintaktiese funksies van stelsel in (1) en (2) met verskillende kommunikatiewe inhoud gepaard gaan. Stelsel is slegs in (2) die tema; in (1) is dit bloot 'n kwalifikasie by funksionering.

Deur dus nie regstreeks van die morfologiese na die semantiese faset van taal te beweeg nie maar aan die sintaktiese faset sy regmatige posisie te verleen, kan die tema van 'n taaluiting taalkundig gemotiveer word.

Dit is dus belangrik dat daar nie - implisiet of eksplisiet - van die morfologiese faset van taal onmiddellik na die semantiese beweeg word nie maar dat die sintaktiese faset sy regmatige rol vervul.

3.4 Gevolgtrekking

3.4.1 Die verband tussen die sintaktiese en die morfologiese faset van taal

Die verskil tussen die sintaktiese en die morfologiese faset van taal lê daarin dat die sintaktiese faset van taal met die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies te doen het, en die morfologiese faset met die vorm van morfologiese woordsoorte en konstruksies.

Die verband tussen die sintaktiese en die morfologiese faset van taal het die belangrike implikasie dat die onderskeid tussen sintaktiese funksies en morfologiese woordsoorte of konstruksies terminologies en eksplisiet gehandhaaf moet word.

3.4.2 Die verband tussen die sintaktiese en die semantiese faset van taal

Die verskil tussen die sintaktiese en die semantiese faset van taal lê daarin dat die sintaktiese faset met die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies in 'n taaluiting te doen het, en die semantiese faset met die betekenis van morfologiese woordsoorte en konstruksies en met die betekenis van hulle onderlinge verhoudings in 'n taaluiting.

Die verband tussen die sintaktiese en die semantiese faset van taal het die volgende belangrike implikasies:

- 1) 'n Sintaktiese eenheid kan nie anders as mede op grond van semantiese oorwegings bepaal word nie.
- 2) Die keuse tussen die semantiese funksiemoontlikhede van 'n sintaktiese funksie kan nie anders as op grond van semantiese oorwegings gemaak word nie.
- 3) By die bepaling van die sintaktiese en gedagtestruktuur van 'n gedagte-eenheid is daar deurentyd 'n wisselwerking tussen oorwegings op sintaktiese en oorwegings op semantiese vlak. Die oorwegings op sintaktiese vlak - en dus die (voorlopige) sintaktiese struktuurontleding van die betrokke gedagte-eenheid - vorm die basis, uitgangspunt en verwysings- en motiveringsraamwerk en gee die riglyne vir die ontleding van die gedagtestruktuur, maar is eweneens onderhewig aan toetsing en beïnvloeding deur die ontleding van die gedagtestruktuur.
- 4) Die bepaling van die sintaktiese funksie van 'n sintaktiese komponent wat in die betrokke taaluiting meer as een sintaktiese funksiemoontlikheid het, kan nie anders as op grond van semantiese oorwegings geskied nie.
- 5) Die praktyk van sintaktiese transkripsie kan nie anders as mede op grond van semantiese oorwegings toegepas word nie.

3.4.3 Die verband tussen die morfologiese en die semantiese faset van taal

Die verskil tussen die morfologiese en die semantiese faset van taal lê daarin dat die morfologiese faset van taal met die vorm van morfologiese woordsoorte en konstruksies te doen het, en die semantiese faset met die betekenis van morfologiese woordsoorte en/of konstruksies en met die betekenis van hulle onderlinge verhoudings in 'n taaluiting.

Die verband tussen die morfologiese en die semantiese faset van taal het die volgende twee belangrike sintakties relevante implikasies:

- 1) Morfologiese en semantiese woordsoorte is twee onderskeie woordsoortetipes.
- 2) Daar mag nie van die morfologiese faset van taal regstreeks na die semantiese faset beweeg word nie: die sintaktiese faset moet sy regmatige rol vervul.

4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

- 4.1 Die gemeenskaplike tussen die sintaktiese faset en die morfologiese en die semantiese faset van taal is dat al drie met morfologiese woordsoorte en/of konstruksies te doen het. Die onderskeidende is dat die sintaktiese faset te doen het met die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies, die morfologiese faset met die vorm van die morfologiese woordsoorte en konstruksies en die semantiese faset met die betekenis van morfologiese woordsoorte en konstruksies en die betekenis van die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies.
- 4.2 Die implikasie van die gemeenskaplike is dat daar nie 'n algehele skeiding tussen die sintaktiese faset en die morfologiese en die semantiese faset van taal gemaak kan word nie maar dat daar 'n vervlegtheid en onderlinge afhanklikheid is.
- 4.3 Die implikasie van die onderskeidende is dat dit moontlik is om onderskeidings vanuit elke faset te maak wat net aan daardie faset eie is maar tog nie onafhanklik van oorwegings vanuit die ander fasette nie. Die feit van die faset-uniekheid van sodanige onderskeidings maak die eksplisiete en terminologiese handhawing daarvan dwingend. Die feit van die afhanklikheid van oorwegings vanuit die ander fasette maak duidelike definiëring van die onderskeidings dwingend.
- 4.4 Sodanige faset-unieke onderskeidings wat in die voorgaande eksplisiet gemaak, gedefinieer en benoem is, is die volgende:
- 4.4.1 Onderskeidings vanuit die sintaktiese faset van taal
1. Sintaktiese komponent
 2. Sintaktiese sinstipe
 3. Sintaktiese funksie
 4. Die betekenis van 'n sintaktiese funksie
 5. Sintaktiese eenheid
 6. Sintaktiese transkripsie
 7. Sintaktiese struktuur
- 4.4.2 Onderskeidings vanuit die morfologiese faset van taal
1. Morfologiese woordsoortfamilie
 2. Morfologiese woordsoort
 3. Morfologiese konstruksie
 4. Morfologiese transkripsie

4.4.3 Onderskeidings vanuit die semantiese faset van taal

1. Gedagtekomponent
2. Semantiese funksie
3. Semantiese woordsoort
4. Gedagtestruktuur

HOOFSTUK 3: 'N METODE VIR DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR

1. Die noodsaaklikheid van sintaktiese struktuurontleding in die Griekse Nuwe Testament 67
2. Die noodsaaklikheid van die konsekwente gebruik van 'n bepaalde metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur 74
3. Die vereistes waaraan 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur moet voldoen 76
4. Die toepasbaarheid van bestaande metodes van struktuurontleding en van taalkundige terminologiesisteme vir die ontleding van sintaktiese struktuur 77
5. Die ontwerp van 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur 96

1. Die noodsaaklikheid van sintaktiese struktuurontleding in die Griekse Nuwe Testament

Dit is noodsaaklik om die sintaktiese struktuur van die Grieks van die Nuwe Testament te ontleed. Hierdie stelling word gemotiveer deur op die volgende te wys:

- 1.1 Sintaktiese struktuur as 'n objektiewe kriterium;
- 1.2 die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament, veral in vergelyking met Afrikaans;
- 1.3 die keuse tussen 'n veelvoud van sintaktiese funksiemoontlikhede;
- 1.4 die implikasie van die feit dat ook die taalmatige vormgewing van die Griekse Nuwe Testament geïnspireer is;
- 1.5 gevolgtrekking.

1.1 Sintaktiese struktuur as 'n objektiewe kriterium

Nadat Loader (1978,19) beredeneer het dat alle taaluitings gestruktureer moet wees om sin te maak, poneer hy die volgende stelling: "Omdat dit 'n basiese kenmerk van taaluiting is, moet ons 'n objektiewe kriterium vind wat ons in staat stel om die struktuur van die taaluiting na te spoor op ons pad na die betekenis daarvan. Hierdie kriterium is die groepering van woorde in 'n sin".

Hierdie stelling van Loader word onderskryf. Die ontleding van sintaktiese struktuur bied 'n objektiewe kriterium om die struktuur van 'n taaluiting na te spoor.

1.2 Die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament, veral in vergelyking met Afrikaans

Alle tale vertoon 'n eie sintaksis (Dillard 1978b,117; Vorster 1974,22; Louw 1974, 80; Thiselton 1977,87; Wonderly 1968,182; De Villiers 1975,29; Nida 1954,206; Goetchius 1965,23; Botha 1980,4; Chafe 1970,81). Hierdie andersheid is veral daarin geleë dat, terwyl 'n komponent van 'n bepaalde taaluiting se sintaktiese funksie konstant bly tussen tale, die morfologiese konstruksie van die komponent aansienlik kan verskil. Verskillende tale het dus verskillende voorkeurkonstruksies vir dieselfde sintaktiese funksies. Verder is sekere tale minder of meer vatbaar vir onderskikking en neweskikking respektiewelik.

Die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament word hieronder aan die hand van 'n voorbeeld uit Romeine 8 geïllustreer.

1.2.1 Onderskikking teenoor neweskikking

Grieks - besonderlik ook die Grieks van Paulus se briewe - het hoofsaaklik 'n onderskikkende en gekompliseerde sintaktiese struktuur. Nida (1975b,76) tipeer hierdie kenmerk van Grieks soos volg: "... the special structure of Greek ... permits long sentences made up of several clauses which are rather intricately combined. Few other languages can compare with Greek in this type of style". Hedendaagse Afrikaans, daarenteen, het hoofsaaklik 'n neweskikkende en eenvoudige sintaktiese struktuur.

Hierdie verskynsel is goed te illustreer deur die volgende vergelyking van die Griekse teks, die 1933- Afrikaanse vertaling (wat die Griekse sintaksis en morfologiese konstruksies meestal feitlik onveranderd weergee) en die 1979- Afrikaanse vertaling:

Grieks	1933-Afrikaans	1979-Afrikaans
3. τὸ γὰρ ἀδύνατον τοῦ νόμου, ἐν ᾧ ἠσθένει διὰ τῆς σαρκός, ὁ θεὸς τὸν ἑαυτοῦ υἱὸν πέμψας ἐν ὁμοιώματι σαρκὸς ἁμαρτίας καὶ περὶ ἁμαρτίας κατέκρινεν τὴν ἁμαρτίαν ἐν τῇ σαρκί,	Want God het - wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees - deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,	Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur as 'n offer vir die sonde.
4. ἵνα τὸ δικαίωμα τοῦ νόμου πληρωθῇ ἐν ἡμῖν τοῖς μὴ κατὰ σάρκα περπατοῦσιν ἀλλὰ κατὰ πνεῦμα.	sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.	Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.

Rm 8:3v

Veral die volgende is opmerklik:

1. Vers 3 en 4 vorm in die Grieks (en ook in die 1933- Afrikaanse vertaling) een saamgestelde sin, terwyl dit in die 1979- Afrikaanse vertaling in drie

selfstandige sinne verdeel is.

2. Die 1979- Afrikaanse vertaling voeg ter wille van die verdeling in meer sinne sekere ekstra sintaktiese komponente in, bv.:

Vers 3: om te doen	Vers 4: Nou
dit	ons
het (God) gedoen	

3. Die Afrikaans gebruik ander elemente om die bindings tussen sinne en sinsdele aan te dui, bv.:

Vers 3: Wat die wet nie by magte was om te doen nie, dit ...

Vers 4: Hierdie vers begin met Nou om die binding tussen vers 3 en 4 aan te dui. Die herhaling van ons vind plaas om aan te dui waarby die byvoeglike bysin wat ons lewe nie ... 'n kwalifikasie is.

1.2.2 Voorkeurkonstruksies vir bepaalde sintaktiese funksies

'n Tweede verskynsel waarin die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament vergestaltung vind, is die feit dat Grieks in baie gevalle ander voorkeurkonstruksies vir 'n bepaalde sintaktiese funksie het as wat Afrikaans het. Hierdie verskynsel kan goed geïllustreer word aan die hand van die vergelykende tabel op die vorige bladsy:

Vers 3: 1. τὸ γὰρ ἀδύνατον τοῦ νόμου (lidwoord + verselfstandigde byvoeglike naamwoord + genitief van 'n selfstandige naamwoord) word in die 1979-vertaling wat die wet nie by magte was om te doen nie ('n byvoeglike bysin met wet as onderwerp).

2. περὶ ἁμαρτίας (voorsetsel + selfstandige naamwoord) word 'n offer vir die sonde (twee selfstandige naamwoorde met 'n voorsetsel verbind).

Vers 4: 1. κατὰ πνεῦμα (voorsetsel + selfstandige naamwoord) word deur die Gees laat beheers (voorsetsel + selfstandige naamwoord + werkwoord).

1.2.3 Implikasie

In die voorgaande is geïllustreer dat die Grieks van die Nuwe Testament tot onderskikking neig maar hedendaagse Afrikaans tot neweskikking. Daar is ook geïllustreer dat Grieks en Afrikaans dikwels verskillende voorkeurkonstruksies vir dieselfde sintaktiese funksies het.

Die implikasie hiervan is die volgende: Paulus wou onder leiding van die Heilige Gees iets sê, en om dit te sê gebruik hy die sintaktiese struktuurvorme van die Grieks van sy tyd. Hierdie sintaktiese struktuurvorme sê presies wat Paulus wil sê, maar dan vir sy lesers wat self hierdie Grieks ken.

Daar is 'n bepaalde verhouding tussen dit wat Paulus wou sê (die "dieptestruktuur"), en die sintaktiese struktuurvorme wat hy gebruik om dit te sê (die "oppervlakstruktuur").

Waarmee die leser te doen kry is die "oppervlakstruktuur". Vir die moedertaalleser is dit normaalweg geen probleem om van die "oppervlakstruktuur" na die "dieptestruktuur" te gaan nie; trouens, hy doen dit so intuïtief dat hy dit meestal nie agterkom nie. "Oppervlak-" en "dieptestruktuur" is eintlik nie 'n onderskeiding wat hy hoof te maak nie, aangesien die taaluiting vir hom normaalweg deursigtig is. Deur na die oppervlak te kyk, sien hy die diepte.

Indien Paulus egter hedendaagse Afrikaans geskryf het, sou hy onder andere ander sintaktiese struktuurvorme gebruik het om presies dieselfde te sê. Die verhouding tussen die "oppervlakstruktuur" en die "dieptestruktuur" is dus in die geval van Afrikaans anders as dié in Grieks.

Aan die hand van simbole kan hierdie saak soos volg geïllustreer word: Gestel dit wat Paulus wil sê (d.w.s. die "dieptestruktuur"), is α . Die sintaktiese struktuurvorme wat hy gebruik om dit te sê (d.w.s. die "oppervlakstruktuur"), is y wanneer hy as Afrikaanssprekende dit doen, en z wanneer hy as Griekssprekende dit doen. Wat die Griekse leser voor hom kry, is z - en onmiddellik sien hy α . Wat die Afrikaanse leser voor hom kry, is y - en onmiddellik sien ook hy α . Dus kry die twee lesers onderskeidelik $z\alpha$ en $y\alpha$ voor hulle. Langs verskillende weë ($z \rightarrow \alpha$ en $y \rightarrow \alpha$) vorm albei dus dieselfde inhoud (α).

Wanneer die Afrikaanse leser z voor hom kry, sien hy egter nie α nie, want nie z as "oppervlakstruktuur" bring hom by α as "dieptestruktuur" nie, maar slegs y as

"oppervlakstruktuur". As hy z voor hom kry, sien hy dus iets anders as α , of sien hy α nie duidelik raak nie.

Dit blyk dus dat "oppervlak-" en "dieptestruktuur" nie twee aparte onderdele van 'n taaluiting is nie. "Oppervlak-" en "dieptestruktuur" is slegs 'n onderskeiding en nie 'n skeiding nie. Hulle is wesenlik één, en die moedertaalleser of die kenner van die taal ervaar dit ook as 'n eenheid.

Die volgende beeld illustreer hierdie eenheid tussen "oppervlak-" en "dieptestruktuur":

As 'n mens die betrokke taaluiting (gestel $z\alpha$) met 'n kuil helderskoon water vergelyk, dan is die oppervlakte van die water z , en die water in sy diepte α . (Let daarop dat z en α sããm die water uitmaak.) Wanneer mens die kuil water sou bestudeer, hang jou waarneming af van die hoek waaruit jy die oppervlak benader: indien die hoek reg is, word die kuil water in sy volle diepte gesien. Wanneer die hoek egter nie korrek is nie, word ðf 'n skeefgetrokke beeld van die kuil water gekry, ðf die oppervlak word 'n spieël wat geen insig bied nie. Die moedertaalleser se benaderingshoek is intuïtief reg (d.w.s. sy interpretasie van die oppervlakstruktuur is intuïtief reg). Wanneer hy z sien, interpreteer hy z sð dat hy α sien.

Die volgende gevolgtrekking kan met reg gemaak word: Wanneer 'n Afrikaanse vertaling van die Griekse Nuwe Testament die Griekse sintaktiese struktuur onveranderd oorneem, interpreteer die gemiddelde Afrikaanssprekende leser dit asof dit tipies Afrikaanse sintaktiese struktuur is. Sy interpretasie is egter dan uit die aard van die saak in baie opsigte nie korrek nie of nie duidelik nie.

Daar is egter ook diegene wat sê dat die 1933- Afrikaanse vertaling vir hulle honderd persent deursigtig is. Die rede is voor die hand liggend: jare lank het hulle die Skrif bestudeer en na prediking geluister waarin die Skrif verklaar word. (Dink maar hoe dikwels 'n mens in 'n preek die volgende stelling hoor: 'Maar wat daar eintlik in die grondtaal staan ... ') Sonder dat sodaniges dit weet, het hulle algaande geleer om vanuit die Griekse sintaktiese struktuur die bedoeling van die skrywer te snap. Hulle het dus die Griekse sintaksis bemagtig!

Selfs wanneer iemand met die Grieks self werk - veral wanneer sodanige persoon nie werklik in Grieks onderlê is nie - is hierdie probleem nie uitgesluit nie. Al snap hy die bedoeling, is hy nie in staat om sy begrip van wat geskryf staan, wetenskaplik taalkundig te motiveer nie. Hy verval dan gewoonlik in een van twee uiterstes: òf hy kom nie verder as 'n formeel gelyke vertaling nie, òf hy skets sy insig in die bedoeling van die teksgedeelte aan die hand van 'n parafrasevertaling.

Die sleutel lê daarin dat sodanige interpreteerder in staat gestel moet word om die Griekse sintaktiese struktuur te deursien in sy eksegetiese arbeid en as verwysings- en motiveringsraamwerk te gebruik. Dan kan hy gemotiveerd wetenskaplik en kontroleerbaar van die Griekse sintaktiese struktuur afwyk.

1.3 Die keuse tussen 'n veelvoud van sintaktiese funksieoortikthede

Grieks vertoon dikwels - veral vir die nie-moedertaalleser - 'n veelvoud van sintaktiese funksieoortikthede vir 'n bepaalde sintaktiese komponent. Martin (1977,222) sê tereg in hierdie verband: "... there will be a residue of places where the grammatical or syntactical sense is unclear several instances of this ambiguity and it is uncertain exactly how the prepositional phrases, dependent clauses and adverbial expressions fit together as the author originally intended. Several permutations and combinations are possible". In hfst. 2 (3.2.5.1) word hierdie verskynsel geïllustreer aan die hand van ὁ δόκαλος ἐκ πίστεως ζήσεται (Rm 1:17 - Hy wat uit geloof geregverdig is, sal lewe), waarin ἐκ πίστεως (uit geloof) twee sintaktiese funksieoortikthede het.

Ook Afrikaans vertoon hierdie verskynsel, maar vir die moedertaalleser lewer dit die minimum van probleme op. Tereg toon Mickelsen (1963,129) aan dat wanneer 'n nie-moedertaalleser die Grieks verklaar, dit ongetwyfeld so is dat hy by aandagtige deurlees baie van die gedagtegang snap, sonder dat hy begrip van die sintaktiese komponente en hulle funksies hoef te hê. Maar afgesien van die feit dat hy baie verhoudings tussen komponente nie gaan raaksien of korrek interpreteer nie - met die gevolglike gebrekkige insig in die bedoeling van die skrywer -, moet die wetenskaplike verklaarder gemotiveerd wetenskaplik, d.w.s. met eksplisiete taalkundige aanduiding en motivering, die funksieoortikthede bepaal en 'n keuse daartussen maak. Hy kan dit slegs doen wanneer die sintaktiese struktuur van die Grieks deursien word en as basis en verwysingsraamwerk gebruik word.

1.4 Die implikasie van die feit dat ook die taalmatige vormgewing van die Grieks van die Nuwe Testament geïnspireer is

In hfst. 1 (5.5.2) is gekonkludeer dat die skrywers van die Nuwe Testament nie slegs ten opsigte van die inhoud van wat geskryf staan, geïnspireer is nie, maar dat hulle ook ten opsigte van die taalmatige vormgewing wat hulle gekies het om te sê wat hulle onder leiding van die Heilige Gees wou sê, geïnspireer is.

Omdat taalmatig tipiese Griekse vormgewing en taalmatig tipiese Afrikaanse vormgewing van dieselfde gedagte egter in baie opsigte verskillend is, volg dit as vanselfsprekend dat die interpretasie van 'n teksgedeelte nie afgehandel is wanneer die vertaalekwivalente van woorde gevind is nie. Ook die taalmatige vormgewing, en dan meer bepaald die sintaktiese struktuur, moet geïnterpreteer word.

Dit hou onder meer in dat die gepaste sintaktiese struktuurekwivalent in die moedertaal gevind moet word. Dillard (1978b,118) sê tereg in hierdie verband: "Both the Biblical languages and our own language are adequate to convey the revelation of God, but we must respect the structural uniqueness and integrity of each".

Die implikasie van die feit dat ook die taalmatige vormgewing van die Grieks van die Nuwe Testament geïnspireer is, is dat die interpreteerder genoodsaak word om ook die sintaktiese struktuur te interpreteer.

1.5 Gevolgtrekking

'n Interpreteerder van 'n teksgedeelte is genoodsaak om die sintaktiese struktuur van Grieks te interpreteer en gemotiveerd wetenskaplik in vertaling daarvan af te wyk waar sy moedertaal dit vereis. Vir die Afrikaanssprekende interpreteerder hou dit in dat hy moet afwyk van die tipies Griekse onderskikking ter wille van tipies Afrikaanse newskikking, en van 'n tipiese Griekse voorkeurkonstruksie vir 'n bepaalde sintaktiese funksie ter wille van 'n tipiese Afrikaanse voorkeurkonstruksie vir daardie selfde sintaktiese funksie.

Om dit te kan doen is dit nie alleen noodsaaklik dat die interpreteerder die sintaktiese struktuur van Grieks deursien nie maar ook dat hy dit eksplisiet as uitgangspunt en verwysings- en motiveringsraamwerk gebruik. Greenlee (1972,140)

merk dan ook tereg op dat hoe ingewikkelder 'n sin is, hoe noodsaakliker word dit dat 'n ontleding van die samestellende dele gemaak word om die sintaktiese verhoudings te bepaal.

Dit is dus noodsaaklik dat die sintaktiese struktuur van die Grieks van die Nuwe Testament ontleed word.

2. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE KONSEKWENTE GEBRUIK VAN 'N BEPAALDE METODE VIR DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR

Nadat hierbo gekonkludeer is dat dit noodsaaklik is om die sintaktiese struktuur van die Grieks te deursien en as uitgangspunt en verwysingsraamwerk te gebruik (1.5), word vervolgens daartoe oorgegaan om aan te toon dat genoemde sake alleenlik moontlik is wanneer die sintaktiese struktuur van 'n teksgedeelte konsekvent aan die hand van 'n bepaalde metode ontleed word. Hiertoë word die volgende sake agtereenvolgens aan die orde gestel.

- 2.1 Konsekwentheid
- 2.2 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis en verwysings- en motiveringsraamwerk
- 2.3 Kontroleerbaarheid
- 2.4 Die beperkings van en bedoeling met 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur.

2.1 Konsekwentheid

Konsekwentheid is by enige wetenskaplike arbeid en veral by enige ontleding 'n vereiste. Aan hierdie vereiste kan alleen voldoen word wanneer die ontleding konsekvent aan die hand van 'n bepaalde metode geskied. Louw (1979 II,4) sê tereg in hierdie verband: "What is important is to use a method which can be applied consistently producing the greatest possible range of relevant information in obtaining a particular goal". Daarom is dit noodsaaklik dat sintaktiese struktuur konsekvent aan die hand van 'n bepaalde metode ontleed word.

Aan die hand van sodanige sintaktiese struktuurontleding is dit dan nie slegs moontlik om die verhoudings en verhoudingsmoontlikhede tussen verskillende sintaktiese komponente te begryp en aan te toon nie maar ook om dit wetenskaplik te motiveer.

2.2 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis en verwysings- en motiveringsraamwerk

Hierbo (1.2.3) is aangetoon dat dit noodsaaklik is dat die sintaktiese struktuurontleding van 'n teksgedeelte as basis en verwysings- en motiveringsraamwerk in eksegetiese arbeid gebruik word. 'n Sintaktiese struktuurontleding kan egter met welslae en eksplisiet as basis en verwysings- en motiveringsraamwerk gebruik word slegs wanneer sodanige ontleding konsekwent aan die hand van 'n bepaalde metode geskied het.

2.3 Kontroleerbaarheid

By alle wetenskaplike arbeid is kontroleerbaarheid 'n vereiste - dus ook by die ontleding van sintaktiese struktuur en alle eksegetiese arbeid wat hierdie struktuurontleding as basis en verwysingsraamwerk gebruik. Aan hierdie eis van kontroleerbaarheid kan egter alleen voldoen word wanneer die sintaktiese struktuur konsekwent aan die hand van 'n bepaalde metode ontleed word.

2.4 Die beperkings van en bedoeling met 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur

Uit die voorgaande is dit duidelik dat dit noodsaaklik is dat 'n bepaalde metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur konsekwent gebruik word.

Geen metode mag egter tot die enigste en absoluut onfeilbare verhef word nie. Uit die aard van die saak is dié metode wat die meeste insig in die sintaktiese struktuur bied en wat in die eksegetiese arbeid die bruikbaarste is, die beste. Op watter metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur egter ook al besluit word, mag dit nooit gehanteer word asof dit 'n meganiese sisteem is aan die hand waarvan 'n Skrifgedeelte meganisties verklaar kan word nie (Floor 1980b,13,20). Geen metode is immers - soos Berkouwer (1975,135) tereg sê - 'n goue sleutel waarmee die Skrif ontsluit kan word nie. Elke metode vir die verklaring van die Skrif kan alleen met welslae toegepas word as die toepasser daarvan dit doen in lewende kntak met Christus, wie se Gees die eintlike Skrywer en dus ook die eintlike Verklaarder van die Skrif is.

'n Sintaktiese struktuurontleding is bedoel om beskrywend te wees en nie voor=skrywend nie. Tereg waarsku Deist (1978,261,262,268) daarteen dat 'n struktuur=ontleding van 'n teks met die teks self geïdentifiseer word. Ook die sintaktiese struktuurontleding van 'n teks is 'n struktuurontleding daarvan. Dit is 'n teore=tiese beskrywing van die teks en slegs objektief in die mate waarin die blootleg=ging vandie verhoudings tussen die betrokke komponente nie problematies is nie. Daarom is enige verstaanproses wat aan sodanige struktuurontleding gekoppel word, teoriebemiddeld en dus relatief ten opsigte van geldigheid van die teorie.

3. DIE VEREISTES WAARAAN 'N METODE VIR DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR MOET VOLDOEN

Die ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting is eerstens die afbakening van die sintaktiese komponente daarvan en tweedens die bepaling en deursigtige aanduiding van die verhouding (en/of verhoudingsmoontlikhede) tussen hierdie sintaktiese komponente.

Volgens hierdie definisie van die ontleding van sintaktiese struktuur moet 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur aan die volgende vereistes voldoen:

- 3.1 Die metode moet gebaseer wees op 'n teoreties-gefundeerde sintaktiese teorie en konsekwent aan daardie teorie beantwoord, sodat daar sover moontlik geen ad hoc-beslissings gevel hoef te word nie. (Deist (1979,168) wys op die belangrikheid hiervan.)
- 3.2 Die metode moet met die teks voorhande werk en nie met byvoorbeeld 'n vermeende dieptestruktuur onder of agter die teks of met 'n simbolisering van die teks wat die teks volledig vervang nie.
- 3.3 Die metode moet nie in die eerste plek daarop gerig wees om samehang binne 'n gedagte-eenheid aan te dui nie maar om die sintaktiese struktuur van die gedagte-eenheid deursigtig te maak. Op grond van sodanige sintaktiese struktuurontleding kan dan die gedagtestruktuur en alles wat daarmee saamhang, ontleed word.
- 3.4 Die metode moet riglyne vir die afbakening van die sintaktiese komponente van 'n taaluiting voorsien.

- 3.5 Die metode moet voorrang gee aan die sintaktiese funksie van 'n komponent en nie aan die Griekse konstruksie wat daartoe gebruik word nie.
- 3.6 Die metode moet riglyne vir die bepaling van die sintaktiese funksie (of funksiemoontlikhede) van elke sintaktiese komponent voorsien. Sodanige riglyne hou onder andere in dat:
- 1) alle sintaktiese funksies van 'n taal bepaal en benoem moet word;
 - 2) die sintaktiese sintipes bepaal en benoem word;
 - 3) 'n sintaktiese ordening van die Griese grammatika as 'n noodsaaklike hulpmiddel by die ontleding van sintaktiese struktuur beskikbaar moet wees.
- 3.7 Die metode moet 'n skakeling en struktureringsstelsel voorsien aan die hand waarvan die verhouding tussen die sintaktiese komponente van 'n taaluiting eenvoudig maar tog deursigtig aangedui kan word.
- 3.8 Die metode moet 'n nommeringsstelsel voorsien aan die hand waarvan sintaktiese komponente genummer kan word om verwysings na 'n bepaalde komponent te vergemaklik en te vereenvoudig.

Samevattend

'n Metode vir die ontleding van die sintaktiese struktuur moet dus sodanig wees dat die sintaktiese struktuurontleding van 'n taaluiting wat op grond van sodanige metode bepaal is, geslaagd, sonder verwarring en kontroleerbaar as basis en verwysingsraamwerk in enige eksegetiese arbeid gebruik kan word.

4. DIE TOEPASBAARHEID VAN BESTAANDE METODES VAN STRUKTUURONTLEDING EN VAN TAALKUNDIGE TERMINOLOGIESISTEME VIR DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR

Die volgende metodes van struktuurontleding en taalkundige terminologiesisteme word hieronder kortliks behandel ter bepaling van die toepasbaarheid daarvan vir die ontleding van die sintaktiese struktuur van die Griekse Nuwe Testament:

- 4.1 Phrase structure grammar
- 4.2 Die transformasionele model
- 4.3 Diskoersanalise
- 4.4 Kasusgrammatika
- 4.5 Funksionele Analytical scheme of notation
- 4.6 Samevattend

Geeneen van hierdie metodes word op sigself behandel en beoordeel nie, maar hulle word slegs getipeer ter bepaling van die waarde van die metode en/of onderskeidings daarbinne vir die ontleding van sintaktiese struktuur.

4.1 "Phrase structure grammar"

Die volgende metodes van struktuurontleding, wat almal variasies van phrase structure grammar vertoon, word agtereenvolgens behandel:

- 4.1.1 "Constituent analysis"
- 4.1.2 "String analysis"
- 4.1.3 "Systematic grammar, tagmemics, stratificational grammar"
- 4.1.4 Evaluering

4.1.1 "Constituent analysis"

Bloomfield (1935) wil in sy metode van struktuurontleding in die uiteensetting van die sintaktiese struktuur van 'n gedagte-eenheid alleenlik van spreidingsmetodes gebruik maak. Soos Howard (1979,20) tereg aandui, is Bloomfield (en die aanhangers van sy benadering wat as die formele benadering bekend staan) die mening toegedaan dat die ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n taal geensins op grond van die betekenis van die woorde en sinne gemaak mag word nie. Met "constituent analysis" wil Bloomfield en sy navolgers toon in watter mate alle sinne gesien kan word as die opeenvolging van twee konstituente (=samestellende dele) nl. onderwerp en predikaat, met die toevoegings by elke konstituent (Harris 1962,19).

Alhoewel met "constituent analysis" waardevolle onderskeidings in verband met die onderverdeling van sinne in "konstituente" verkry word, word die verhoudings tussen hierdie "konstituente" nie met welslae ontbloot nie. 'n Verdere leemte is dat die verhoudings tussen "konstituente" volgens hierdie metode nie gelaagd benoem word nie.

4.1.2 "String analysis"

Harris (1963, veral p.18-9) stel 'n nuwe prosedure van struktuurontleding voor, nl. "string analysis". Hierdie tipe ontleding stel hy voor as plaasvervanging van die metode "constituent analysis" aan die een kant, en "transformational analysis" aan die ander kant. Die besondere van "string analysis" is dat hiervolgens een kernsin uit elke sin geïsoleer word; "constituent analysis" isoleer geen sin nie, en "transformational analysis" reduseer die hele sin tot verskillende kernsinne. Verder bring "String analysis" alle sinne wat dieselfde kernsin en toevoegings bevat, met mekaar in verband.

"String analysis" bied dus nie 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur nie. Dit bied wel bruikbare insigte maar lê nie die verhoudings tussen die onderdele van 'n sin bloot nie.

4.1.3 "Systematic grammar", "tagmemics" en "stratificational grammar"

Stork (1974,97-100) onderskei drie verdere tipes "phrase structure grammar", nl. "systematic grammar", "tagmemics" en "stratificational grammar".

"Systematic grammar" word veral geassosieer met M.A.K. Halliday. Volgens hierdie metode word drie vlakke van taalanalise onderskei, nl. dié van vorm, substansie en konteks. Verder word 'n hiërargiese opbou van die sin onderskei: 'n sin het 'n struktuur van sinsnedes, 'n sinsnede 'n struktuur van woordgroepe, 'n woordgroep 'n struktuur van woorde en 'n woord 'n struktuur van morfeme.

Die onderskeiding van die drie vlakke van taalanalise is korrek, maar die korrekte verhouding tussen hierdie vlakke vind nie in die uiteindelijke struktuurontleding vergestaltung nie. 'n Verdere leemte is dat die herkenning van die hiërargiese opbou van 'n sin nog nie die sintaktiese struktuur van daardie sin geslaagd blootlê nie.

"Tagmemics" is veral deur K.L. Pike ontwikkel. Hiervolgens word ook drie vlakke van taalanalise onderskei, nl. die fonologiese, grammatikale en leksikale. Verder verskil dit van die "systematic grammar" daarin dat ook die paragraaf en

diskoers in die hiërargie van grammatikale eenhede ingesluit word. Die basiese eenheid op grammatikale vlak word gesien as die tagmeem, 'n onderskeiding wat na aan sintaktiese funksie kom.

Die "tagmemics" het 'n groot waarheidsmoment beet met die onderskeiding van tagmeme. Daar is egter geen geslaagde aanduiding van die soorte tagmeme wat bestaan nie. Verder is geen metode ontwikkel om die verhouding tussen die tagmeme in 'n taaluiting aan te dui of te ontbloot en te benoem nie.

"Stratificational grammar" is veral deur S.M. Lamb ontwikkel. Hiervolgens word struktureenhede op die volgende vier strata bepaal: die sememiese, leksemiese, morfemiese en fonemiese. Die verhouding tussen hierdie strata is hiërargies. Die sintaktiese funksies word skynbaar by die sememiese stratum ingesluit.

Dit blyk dus dat die "stratificational grammar" nie eksplisiet met die sintaktiese faset van taal werk nie maar dit bloot as onderdeel van die sememiese stratum behandel.

Al drie hierdie tipes "phrase structure grammar" het die volgende belangrike wins gemeen: hulle baseer hulle waarnemings op 'n teks; die ontleding is dus afhanklik van 'n korpus van gegewens, en empiriese waarnemings word op grond van hierdie korpus gemaak (Stork 1974,100).

Die onderskeidings wat volgens die drie laasgenoemde tipes "phrase structure grammar" gemaak word, is egter nie op sigself vir die ontleding van sintaktiese struktuur bruikbaar nie.

4.1.4 Evaluering

Die bostaande variasies van "phrase structure grammar" vertoon die gemeenskaplike ontoereikendheid dat die verhoudings tussen die onderdele gebrekkig bepaal, blootgelê en benoem word. Verder lyk dit asof al hierdie metodes die formele faset ten koste van die semantiese faset oorbeklemtoon. Soos Saumjan (1971, 103) tereg aantoon, is daar 'n poging om taalstruktuur te beskryf langs die weg van suiwer nie-semantiese onderskeidings, d.w.s. deur slegs sintaktiese definisies te gebruik. Hiermee is 'n valse skeiding tussen die sintaktiese en semantiese fasette van taal gemaak, waardeur die finale struktuurontleding vir eksegetiese onbruikbaar is.

Geeneen van bostaande metodes leen hom dus tot 'n geslaagde ontleding van die sintaktiese struktuur van die Grieks van die Nuwe Testament nie.

4.2 Die transformasionele model


4.2.1 Tipering

Vir die transformasioneel generatiewe grammatika (TGG) is die doel nie om 'n teks te analiseer nie, omdat dit slegs 'n paar willekeurige sinne uit 'n wye spektrum is. Die doel is eerder om die onderliggende sisteem wat dit vir die taal moontlik maak om onbeperk te wees, te ondersoek (Chomsky 1957,13; Stork 1974,101). Tereg merk Van Jaarsveld (1979,48) op dat die TGG die menslike taal= vermoë as deel van sy totale psigiese vermoë tot studieobjek het. Die TGG is dus 'n poging om die taalkundige intuïsie van moedertaalsprekers te bestudeer (Howard 1979,32; De Haan e.a. 1977,82).


Tereg word die transformasionele grammatika regstreeks verbind aan Noam Chomsky, wat die teorie geformuleer het en in 1957 in sy Syntactic structures aan die wêreld bekendgemaak het (Vorster 1971,146).

Nadat Chomsky die "phrase structure"-model ondersoek het, kom hy tot die gevolgtrekking dat die moontlikheid om natuurlike tale aan die hand van hierdie metode te beskryf, beperk is. Daarom vervang hy dit met 'n kragtiger generatiewe model, waaraan hy die naam "transformational" gee (Chomsky 1957,47; Saumjan 1971,118). Hierdie transformasionele model laat nie die "phrase structure"-model vaar nie maar sluit dit as een van die vlakke van generasie in. Tereg toon Stork (1977,104) aan dat dit ten opsigte van die transformasionele element van taalkunde is dat Chomsky verder gaan as "phrase structure". Terwyl "phrase structure grammar" sinne ontleed en die onderdele daarvan benoem, gaan die transformasionele grammatika verder deur ook die verwantskap tussen sinne met verskillende oppervlakstrukture aan te toon.

Die ontleding van 'n sin volgens die transformasionele model geskied volgens die boomvormige stukbeeld. Die volgende voorbeeld uit Chomsky (1957,27) dien as 'n goeie illustrasie:



Nida (1966,30) se variasie hierop is die sogenaamde tangetjiesstukbeeld:



Hierdie stukbeeld is - met die oog op sintaktiese struktuurontleding - beter as die boomvormige stukbeeld maar vertoon soos dié van Chomsky die leemte dat nie die teks self volgens sy sintaktiese struktuur herskryf word nie. Die sin word slegs daarvolgens geskakel.

Verder is Chomsky (1957,92) van mening dat 'n sin slegs verstaan kan word wanneer daardie sin teruggetransformeer word tot die (vermeende) kernsinne waaruit die sin sou ontstaan het. Deel van die prosedure is die vasstelling van die transformasionele geskiedenis van die ontwikkeling van daardie sin uit kernsinne.

4.2.2 Evaluering

Die transformasionele model het baie beperkte waarde vir die ontleding van die sintaktiese struktuur van die Griekse Nuwe Testament, veral omdat die transformasionele model nie met taal as "performance" werk nie maar met taal as "competence" (Snyman 1979,9). Saumjan gaan nog verder as hy van die transformasionele model sê: "... it confuses elements of two fundamentally different levels of abstraction in a language - the genotype and the phenotype" (1971,339).

Die transformasionele model is dus nie - soos Deist (1978,264) tereg stel -

in tekste geïnteresseer nie maar in enkele sinne, en veral in die vraag hoe telkens nuwe sinne verstaan en voortgebring kan word. Hiertoë word na 'n veralgemening van sinne gesoek wat wyd genoeg sal wees om alle sinne te dek. Tereg meld Deist (1978,264) dat die teksanalitikus nie basies in veralgemenings met betrekking tot sinne in die algemeen geïnteresseerd is nie, maar in wat die reeds geproduseerde sin en sinsgroep beteken.

Ook die transformasieproses (Chomsky 1957,92) het nie waarde vir die ontleding van die sintaktiese struktuur van die Grieks van die Nuwe Testament nie, aangesien dit belangrik is om in laasgenoemde ontleding met die konstruksies in die teks voorhande te werk en nie met vermeende kernsinne daaronder of daaragter waaruit dit sou ontwikkel het nie.

'n Verdere gebrek van die transformasionele model is dat daar 'n oorbeklemtoning van die sintaktiese faset van taal ten koste van die semantiese faset is en ook 'n gevolglike kunsmatige skeiding tussen hierdie fasette (McCawley 1968,166; Oller 1972,45). Chafe (1970,60) verwys daarom dan ook tereg na die transformasionele model as "syntacticism".

Ook die praktiese ontleding van 'n sin volgens die transformasionele metode verduister eerder die sintaksis van die sin as wat dit die struktuur deursigtig maak. Aangesien van die feit dat dit slegs vir die ingewyde verstaanbaar is, bied dit in elk geval nie 'n oorsig van en insig in die sintaktiese struktuur nie. Nie die teks self word volgens sy sintaktiese struktuur herskryf nie; die teks kom eers by nabaat aan die orde.

4.3 Diskoersanalise

Omdat diskoersanalise soos ontwikkel en beoefen deur J.P. Louw 'n selfstandige karakter verkry het, word dit selfstandig naas diskoersanalise in die algemeen behandel.

4.3.1 Diskoersanalise in die algemeen

4.3.1.1 Tipering

Volgens Du Toit (1974,54) en Nida (1975b,24) is een van die belangrikste faktore wat tot die ontstaan van diskoersanalise gelei het, die insig dat sinne op 'n grammatiese en op 'n semantiese vlak onderling afhanklik en medebepalend is,

d.w.s. die insig dat taal veel meer is as die blote opeenvolging van individuele sinne.

In diskoersanalise word daar hoofsaaklik van semanties gelykwaardige klasse gebruik gemaak: herhalings van dieselfde woord of sinonieme/antonieme daarvan word gemerk en struktureel verbind. In ooreenstemming hiermee tipeer Harris (1963,7) sy eie weergawe van diskoersanalise soos volg:

Discourse analysis ... finds the recurrence relative to each other of classes of morpheme sequences, given a segmentation into morpheme sequences by a suitable grammar, and having the intention that the classes set up are such that their regularity of occurrence will correspond to some relevant semantic interpretation of the discourse.


Deist (1978,265) stel tereg dat semanties gelykwaardige klasse in die huidige diskoersanalitiese arbeid een van die belangrikste kriteriums is waarmee struktuurbeskrywing gedoen word. Du Toit (1974,56) stel dat die diskoersanalise gebruik maak van sintaktiese, stilistiese, semantiese en alle ander insigte wat deur strukturele analise beskikbaar gestel word.

Ter illustrasie van die tipiese resultaat van hierdie werkswyse word die volgende diskoersanalise van 1 Pt 1:3-13 deur Du Toit (1974,65) op die teenoorstaande bladsy gegee.

4.3.1.2 Evaluering

Dit blyk dat sintaktiese oorwegings by hierdie diskoersanalise geen eksplisiete rol speel nie. Die eindresultaat - bv. dié van 1 Pt 1:3-13 - bied ook nie 'n insig in die sintaktiese struktuur van die betrokke gedagte-eenheid nie, aangesien dit nie uit die struktuurontleding duidelik is hoe die verskillende komponente skakel nie.

Dit blyk dus baie duidelik dat hierdie metode van diskoersanalise nie vir die ontleding van sintaktiese struktuur toepassingsmoontlikhede het nie. Tereg toon Deist (1978,265) aan dat hierdie metode van struktuurontleding problematies is, onder andere as gevolg van die feit dat die sintaktiese faset van taal nie daarin tot sy reg kom nie.




4.3.2 Diskoersanalyse soos ontwikkel deur J.P. Louw

4.3.2.1 Tipering

Louw is die toonaangewende eksponent van die diskoersanalyse in Suid-Afrika. In sy diskoersanalitiese metode is daar 'n duidelike ontwikkeling te bespeur. In sy Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks (1976) vind sy metode nog baie sterk aansluiting by die algemene diskoersanalyse soos hierbo getipeer. In sy A semantic discourse analysis of Romans (1979) is daar veral ten opsigte van die ekplisietmaking van die rol van die sintaktiese 'n positiewe ontwikkeling te bespeur.

Struktuurontleding in sy 1976-publikasie vertoon geen blyke daarvan dat die sintaktiese faset van taal as uitgangspunt gebruik is nie. Die volgende struktuurontleding van Rm 8:1-13 (1976,153) toon die aard van hierdie vroeëre vorm van diskoersanalise aan:

Rom 8. 1-13



Dit val veral op dat daar geen afbakening van sintaktiese komponente is nie en dat daar gevolglik ook geen aanduiding van die skakeling tussen die komponente is nie en ook geen aanduiding van onderskikking/neweskikking nie.

In sy 1979-publikasie maak Louw egter die rol van die sintaktiese teoreties en prakties eksplisieter en hiermee ondervang hy 'n groot leemte van sy metode soos dit in sy 1976-publikasie vergestaltung vind.


Ter illusrasie van die teoretiese ontwikkeling word die volgende twee aanhalings uit onderskeidelik p.3 en p.4 (1979) gegee:

"... analysis involves the marking of constituents and their relations to one another;

"... analysis is primarily a semantic procedure, and yet its starting point is not semantic, but syntactic since it is based on the surface structure representation of a discourse".

Ter illustrasie van die praktiese ontwikkeling word 'n afdruk van sy diskoers=ontleding van Rm 8:1-13 (1979 I,17) op die volgende bladsy gegee.

Hierdie struktuurontleding is, wat die eksplisering van die rol van die sintaktiese betref, baie beter as dié in die 1976-uitgawe. Let byvoorbeeld daarop hoedat onderskikking/neweskikking en ook in 'n beperkte mate die skakeling tussen sekere sintaktiese komponente aangedui word.



4.3.2.2 Evaluering

Louw se diskoersanalise metode het groot waarde vir die ontleding van sintaktiese struktuur, aangesien - soos hy self ook sê - hy daarin die sintaktiese faset van taal as uitgangspunt gebruik (1979,4). Tog kan hierdie metode nie sonder meer as 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur toegepas word nie, aangesien daar op teoretiese sowel as praktiese vlak bepaalde leemtes is.

Louw se teoretiese oorwegings vertoon veral die volgende drie leemtes (1979 II,3-31):

- 1) Elke sin word basies in 'n nominale en verbale gedeelte verdeel in plaas daarvan dat al die sintaktiese komponente van elke sin afgebaken word.
- 2) Die verhoudingsmoontlikhede tussen sintaktiese komponente (d.w.s. die sintaktiese funksies) word nie benoem en ekplisiet gebruik nie; Louw (1979 II,29) maak slegs die onderskeiding "a syntactic structure and a semantic function" in plaas daarvan om ten opsigte van die "syntactic structure" tussen morfologiese konstruksie en sintaktiese funksie te onderskei.
- 3) Ses tipes kolonkonstruksies word onderskei in plaas van die onderskeiding van sintaktiese sinstipes.

Sy uiteensetting van die struktuurontleding (vgl. die afdruk op die teenoorstaande bladsy) vertoon - vanuit die sintaktiese faset beoordeel - veral twee leemtes:

- 1) Nie alle sintaktiese komponente word afgebaken nie, en gevolglik word die skakeling tussen sintaktiese komponente nie deurgaans aangedui nie.
- 2) Die skakelingslyne en -pyltjies is dikwels verwarrend en dit is nie onmiddellik duidelik waarvandaan die skakeling gemaak word en wat die betekenis van die skakeling is nie.

Dit blyk dus dat - ten spyte van kosbare waarheidsmomente - ook Louw se diskoersanalise metode nie sonder meer vir die ontleding van sintaktiese struktuur bruikbaar is nie.

4.4 Kasusgrammatika

4.4.1 Tipering

Stork (1974,109,110) toon tereg aan dat kasusgrammatika ("case grammar") een van die meer resente ontwikkelings is vanuit die opvatting wat aanvanklik deur die TGG ontwikkel is. Die vader van die kasusgrammatika is veral Fillmore, en dit word ook deur onder andere Anderson, Chafe en (in Suid-Afrika) De Villiers beoefen.

Stork (1974,110) toon verder tereg aan dat die beskouing wat tot die ontstaan van kasusgrammatika gelei het, dié is dat die "dieptestruktuur" van sinne die sleutel tot die semantiese interpretasie van die "oppervlakstruktuur" bied. Die "oppervlakstruktuur" dui hiervolgens nie altyd die ware aard van dieptestruktuurverhoudings aan nie, en die kasusgrammatika wil hierdie probleem oplos deur in die vermeende "dieptestruktuur" kassusse te poneer. Volgens die beskouing van die kasusgrammatika kan hierdie kassusse dan op 'n verskeidenheid van wyses in die "oppervlakstruktuur" van sinne gerealiseer word. Kassus verwys dus nie na sintagmatiese verhoudings in die "oppervlakstruktuur" nie maar na onderliggende verhoudings in die "dieptestruktuur" (Anderson 1971,14; Fillmore 1968,21 e.v.).

Die doel van die ontleding van 'n sin is dus volgens die kasusgrammatika om in die "oppervlakstruktuur" die "dieptestruktuur"-kassusse te ontdek.

Die volgende kassusse word deur die volgende leidende kasusgrammatici onderskei:

- 1) Fillmore (1968,24,25): agentive, instrumental, dative, factitive, locative, objective, benefactive. Hy meld ook dat "additional cases will surely be needed" (p.32).
- 2) Chafe (1970): patient, agent, experiencer, beneficiary, instrument, complement, location.
- 3) De Villiers (1975,180): doener, betrokke, mutant (veranderde), resultaat, instrument, lokatief, ondervinder, belanghebbende.

Die volgende dien as illustrasie van die toepassing van die onderskeiding van die verskillende kasusrolle:

De Villiers (1975,181) sê byvoorbeeld dat 'n onderwerp in die volgende kususrolle kan voorkom:

- 1) doener : die kinders het gespeel
- 2) ondervinder : ons bewonder hom
- 3) betrokke : die voorstel het verval
- 4) belanghebbende : hy besit vier plase
- 5) instrument : die skêr het hom gestek
- 6) mutant : die trein beweeg agteruit
- 7) lokatief : die huis het vier slaapkamers

Dit blyk dus dat nie die sintaktiese funksie by die onderskeiding van die kususrolle nie die deurslag gee nie maar die betekenisrol van die betrokke komponent in die sin.

4.4.2 Evaluering

Die onderskeidings wat binne die kususgrammatika gemaak word, het wel relatiewe waarde vir die ontleding van sintaktiese struktuur hoofsaaklik omdat die begrippe case en sintaktiese funksie raakvlakke vertoon. Die toepassing van die onderskeidings van die kususgrammatika op die ontleding van sintaktiese struktuur is egter nie moontlik nie, veral omdat die kususgrammatikametode se kususrolonderskeidings op die vlak van die "dieptestruktuur" gemaak word. Uiteindelik speel die sintaksis van die teks voorhande feitlik geen rol nie, aangesien daar ter bepaling van die kususrol na 'n vermeende "dieptestruktuur" teruggetransformeer moet word, bv.:

Die kususrol van the box in die sin the box contains the money word gesien as lokatief, aangesien die terugtransformasie van die sin the money is in the box sou wees.

'n Verdere leemte is dat die werkwoord skynbaar - volgens die kususrolverdeling - slegs 'n relatiewe funksie vervul. Aan die werkwoord word gevolglik nie sy regmatige posisie toegeken nie.

In die geheel gesien sou die onderskeidings van die kususgrammatika waardevol wees vir die ontleding van sintaktiese struktuur indien die sintaksis van die teks voorhande - en nie die vermeende "dieptestruktuur" daarvan nie - 'n

groter rol in die onderskeiding van die kasusrolle gespeel het.

4.5 Funk se analytical scheme of notation

4.5.1 Tipering

Funk (1977 II,377-610) het 'n metode ontwikkel vir die simbolisering van die struktuur van sinne. Hierdie metode noem hy 'n "analytical scheme of notation" (1977 II, 383).

Ter tipering van die metode is dit nodig om kortliks te noem watter terminologiese onderskeidings hy maak en watter simbool hy vir elke onderskeiding gebruik.

Funk (1977 II,383-6) onderskei slegs subject (1), verb (2) en predicate (3-6) as ekwivalent van wat eintlik sintaktiese funksies is. Verder onderskei hy die volgende soorte "predicate":

- 3) A word or word group with the head term in the nominative case
- 4) A word or word group with the head term in the accusative case
- 5) A word or word group with the head term in the dative case
- 6) A word or word group with the head term in the genitive case

Aan hierdie ses onderskeidings ken hy die volgende Arabiese syfers as simbole toe: "Subject" = 1; "verb" = 2; en die vier soorte "predicate" 3,4,5 en 6 in die volgorde wat hulle hierbo genoem is.

Funk (1977 II,378-92) onderskei die volgende ses sinstipes ("sentence types") (Funk se terminologie word onvertaald behou):

Sentence type 1: "Subject + verb": εἶδεν / ὁ ἀνὴρ εἶδεν (Hy het gesien / die man het gesien).

Sentence type 2: "Subject + verb + subject complement": ἐγώ εἰμι τὸ φῶς (Ek is die lig).

Sentence type 3: "+ direct object": ὑμεῖς ποιεῖτε τὰ ἔργα (Julle doen die werke).

Sentence type 4: "+ indirect object": ταῦτα γράφω ὑμῖν (ek skryf hierdie

dinge aan julle).

Sentence type 5: "+ object compliment": φεύστην ποιοῦμεν αὐτὸν (Ons maak hom 'n leunaar).

Sentence type 6: "+ two direct objects": ἐκεῖνος ὑμᾶς διδάξει πάντα (Hy sal julle alles leer).

Aan hierdie ses sinstipes ken Funk onderskeidelik die Romeinse syfers I - VI toe.

Hy (1977 II,421) onderskei die tradisionele woordsoorte, waaraan hy hoof- en kleinletters as simbole toeken, bv.: "Noun" = n; "Adverb" = A; "Adjective" = a.

Hy (1977 II,421) onderskei woordgroepe volgens dié woordsoort wat daarin die "head term" is, en ken dan aan daardie woordgroepe die simbool van die betrokke woordsoort toe, met 'n plusteken onmiddellik langs die simbool, bv.:

n+ = "word cluster headed by a noun";

a+ = "word cluster headed by a adjective".

Hy (1977 II,475-526) onderskei negatives, conjunctions, sentence connectors en subordinators, en noem hulle met term function words. Die simbole wat hy aan hulle toeken, is N, B, C en D onderskeidelik.

Aan voorsetsels ken hy die simbool p toe (1977 II,476).

Ter illustrasie van die toepassing van die "analytical scheme of notation", word die volgende voorbeeld uit Funk (1977 II,488) gegee:

2-1	D	4d+	5n	C	6d+	5n+
ἀπόδοτε οὖν	τὰ	καίσαρος	καίσαρι	(καὶ)	τὰ τοῦ θεοῦ	/ τῷ θεῷ
Betaal	dan	dié van die	keiser /	aan die keiser	en dié van	God / aan God

Hierdie sin kan ook sonder die Grieks herskryf word: 2-1 / D / 4d+ / 5n / C / 6d+ / 5n+.

Die interpretasie van die simbole is die volgende:

- 2-1: Werkwoord (2), met insluiting van onderwerp (1)
 D : "Sentence connector"
 4d+: 4 - Predikaat met "head term" in die akkusatief
 d+ - Woordgroep waarin pronominale adjektief die "head term" is
 5n : 5 - Predikaat met "head term" in die datief
 n - selfstandige naamwoord
 6d+: Soos hierbo
 5n+: 5 - Soos hierbo
 n+ - Woordgroep waarin 'n selfstandige naamwoord "head term" is.

4.5.2 Evaluering

Funksie "analytical scheme of notation" het bepaalde winspunte en toon in sekere opsigte toepasbaarheid vir die ontleding van sintaktiese struktuur. Die metode toon egter etlike leemtes, waarvan die volgende die belangrikste is:

- 1) Dit is beperk tot individuele sinne.
- 2) Daar is geen aanduiding van die skakeling tussen die onderdele van 'n betrokke sin nie.
- 3) Die blote feit dat die simboliseringsstelsel 'n sin so volledig in simbole omskakel, dat die versimboliseerde sin onafhanklik van die Griekse sin kan funksioneer, toon dat die simboliseringsstelsel te omvangryk en daarom ook te gekompliseerd is. Dit is in der waarheid 'n nuwe "taal", want dit simboliseer die Griekse sin volledig.

'n Simboliseringsstelsel wat slegs die allernoodsaaklikste simbolisering gebruik om saam met die betrokke Griekse taaluiting die struktuur daarvan aan te dui, sal baie eenvoudiger wees.

- 4) Die onderskeidings word nie vanuit die sintaktiese faset van taal gemaak nie maar vanuit die sogenaamde grammatiese, wat beide die morfologiese en die sintaktiese faset insluit. Die lei onder andere tot die volgende:
- 5) Die eindproduk is nie 'n ontbloting van die sintaktiese strukture van die sin nie maar slegs 'n taalkundige transkripsie van die sin. Nie

die struktuur word ontbloot nie maar - in baie gevalle sintakties nie-ter sake - taalkundige inligting (soos: watter woordsoort betrokke is, in watter naamval dit staan, of dit 'n woord of 'n woordgroep is, ens.) word versimboliseer. Vir die doeleindes van die ontleding van sintaktiese struktuur is die metode gevolglik onnodig ingewikkeld.

- 6) Die teks self word nie volgens sy sintaktiese opbou herskryf of gestruktureer nie.

Funksie "analytical scheme of notation" is dus nie sonder meer as 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur toepasbaar nie.

4.6 Gevolgtrekking

Met betrekking tot die toepasbaarheid van bestaande metodes van struktuurontleding en taalkundige terminologiesisteme vir die ontleding van sintaktiese struktuur is die grootste enkele teoretiese leemte dat alle pogings om die sintaksis van 'n bepaalde taal te beskryf, hulle uitgangspunt nie ekplisiet in die sintaksis neem nie. Daar word in een van twee uiterstes verval: òf die morfologiese woordsoorte en konstruksies word as uitgangspunt en indelingsbeginsel geneem, òf die uitgangspunt en indelingsbeginsel word vanuit die semantiese faset van taal geneem. As gevolg hiervan word 'n onderbroke visie van die sintaksis van die betrokke taal verkry, omdat nie onderskeidings wat primêr vanuit die sintaktiese faset van taal gemaak is, as uitgangspunt en indelingsbeginsel gebruik word nie. Daarom is dit ook nie moontlik om hierdie onderskeidings met welslae ter ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting te gebruik nie.

Wat die praktiese metode vir die uiteensetting en opskrifstelling van die geanaliseerde struktuur betref, is dit alleen Louw wat - in sy Semantic discourse analysis (1979) - 'n metode bied wat in sekere opsigte toepasbaar is vir die ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n gedagte-eenheid. Sy metode lewer egter ook bepaalde probleme, wat dit nie volledig toepasbaar maak nie.

Dit blyk dus dat nie een van die bostaande metodes van struktuurontleding en taalkundige terminologiesisteme volledig as metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur toepasbaar is nie.

5. DIE ONTWERP VAN 'N METODE VIR DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR

Aangesien nie een van die bestaande metodes van struktuurontleding volledig as metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur toepasbaar is nie, word nou oorgegaan tot die ontwerp van 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur. Die metode word onder die volgende twee hoofpunte uitgewerk:

- 5.1 Die afbakening en benoeming van sintaktiese komponente
- 5.2 Die uiteensetting van sintaktiese struktuur

5.1 Die afbakening en benoeming van sintaktiese komponente

5.1.1 Die afbakening van sintaktiese komponente

Die eerste stap in die afbakening van sintaktiese komponente is die voorlopige afbakening van sinne, d.w.s. die bepaling van dié groep woorde wat saam 'n selfstandige sin vorm. Vervolgens word tot die afbakening van die sintaktiese komponente van daardie sin oorgegaan.

Die afbakening van sintaktiese komponente hou in die afbakening van die morfologiese woordsoorte en/of morfologiese konstruksies wat as woord of konstruksie 'n bepaalde sintaktiese funksie in die betrokke selfstandige sin vervul. Hierdie prosedure kan aan die hand van sinstipe 2 geïllustreer word:

φίλε, καλῶς ἀνῆρ ἀεί δίδωσι βίβλον τῷ δούλῳ
(vriend, 'n goeie man altyd gee 'n boek vir die slaaf)

Die afbakening van die sintaktiese funksies van die sin οὗτος ἦλθεν ἵνα δῶ βίβλους τοῖς καλοῖς δούλοις (hy het gekom om boeke vir die goeie slawe te gee) sien dus soos volg daaruit:

οὗτος ἦλθεν ἵνα δῶ βίβλους τοῖς καλοῖς δούλοις
(hy het gekom om te gee boeke vir die goeie slawe)

ἵνα δῶ βίβλους τοῖς καλοῖς δούλοις word as één sintaktiese komponent afgebaken, omdat die hele sinsdeel as morfologiese konstruksie één sintaktiese funksie vervul.

Nadat die genoemde drie komponente afgebaken is, kan daartoe oorgegaan word om die derde komponent in sy sintaktiese komponente onder te verdeel op dieselfde

wyse as wat die selfstandige sin onderverdeel is:

ἕνα δῶ | βύβλους | τοῦς καλοῦς δούλους
(met die doel dat hy gee boeke vir die goeie slawe)

Die komponent τοῦς καλοῦς δούλους kan vervolgens in sy sintaktiese komponente onderverdeel word:

τοῦς | καλοῦς | δούλους

Hierdie drie stappe kan soos volg gekombineer word:

οὗτος | ἦλθεν | ἕνα δῶ | βύβλους | τοῦς | καλοῦς | δούλους

5.1.2 Die benoeming van die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent

Nadat die sintaktiese komponente afgebaken is, moet die sintaktiese funksie (of funksiemoontlikhede) van elke komponent bepaal word. 'n Eenvoudige prosedure hiertoe - wat natuurlik net vir die beginner nodig sal wees - is die volgende:

- 1) Bepaal tot watter sintaktiese sinstipe die betrokke sin behoort.
- 2) Skryf die betrokke sintaktiese sinstipe (sinstipe 1 of 2) neer, met sy komponente afgebaken en benoem.
- 3) Skryf die sin wat ontleed moet word, bokant die sintaktiese sinstipe neer, baken sy komponente af en korreleer hierdie sin se komponente met dié van die sintaktiese sinstipe.



Hiertoe is die volgende onontbeerlik:

1. 'n goeie basiese kennis van die Griekse grammatika, onder andere met die oog op 'n voorlopige vertaling;
2. begrip van die definisie van elke sintaktiese funksie;
3. begrip en gebruikmaking van die tabelle van elke sintaktiese funksie se Griekse konstruksiemoontlikhede (gegee in bylae 1, 2.1-10);
4. begrip en gebruikmaking van die tabelle van elke morfologiese woordsoort se sintaktiese funksiemoontlikhede (gegee in bylae 1, 3.1-5).

Hierdie eenvoudige prosedure word vervolgens aan die hand van die sin οὗτος ἦλθεν ἕνα δῶ βύβλους τοῦς καλοῦς δούλους (Hy het gekom om boeke vir die goeie slawe te gee) geïllustreer:

Stap 1: Bogenoemde sin kom ooreen met sinstipe 2.


Stap 2 en 3:



Die sintaktiese komponente van die sin en hulle funksies is dus:

- οὗτος - Handelende
- ἦλθεν - Handeling
- ἵνα ... δούλοις - Bepaling.

Vervolgens word laasgenoemde Bepalingsin se komponente langs dieselfde weg as dié van die selfstandige sin bepaal en benoem:



Die Bepaling ἵνα ... δούλοις se komponente en die sintaktiese funksies van elk is dus:

- ἵνα δῶ - Handeling
- βίβλους - Behandelde
- τοῖς - Byvoeging
- καλοῖς - Byvoeging
- δούλοις - Betrokkene

5.2 Die uiteensetting van sintaktiese struktuur

Nadat die sintaktiese komponente van 'n taaluiting bepaal en elkeen se sintaktiese funksie benoem is, word nou tot die uiteensetting van die sintaktiese struktuur oorgegaan.

Die algemene beginsel by hierdie uiteensetting is die volgende: die verhouding tussen die verskillende sintaktiese komponente word visueel aangedui deur die komponente ooreenkomstig hulle onderskeie sintaktiese funksies met verbindingslyne aan mekaar te skakel. Hierdie skakeling geskied op so 'n wyse dat aan die vereistes wat hierbo (3.1-8) gestel is, voldoen word.


In die praktyk beteken dit 'n herstrukturering van die teks volgens sy sintaktiese struktuur. In hierdie sintaktiese herstrukturering mag die woordorde egter in geen opsig versteur word nie. Hieronder volg 'n uiteensetting van die breë riglyne hiertoe.

- 5.2.1 Algemene beginsel vir skakeling
- 5.2.2 Skakeling van komponente met sintaktiese funksies uniek aan sintipe 1
- 5.2.3 Skakeling van komponente met sintaktiese funksies uniek aan sintipe 2
- 5.2.4 Skakeling van komponente waarvan die sintaktiese funksies in sintipe 1 en 2 voorkom
- 5.2.5 Verdere algemene riglyne
- 5.2.6 Die nommering van die sintaktiese komponente in 'n struktuurontleding
- 5.2.7 Sintaktiese kommentaar op 'n struktuurontleding

5.2.1 Algemene beginsel vir skakeling

Die algemene beginsel vir die skakeling van komponente is die volgende: dié sintaktiese komponent wat "gekwalifiseer" word, word onderstreep, en van die streep af word 'n verbindingslyn getrek na die betrokke "kwalifikasie" toe. Behalwe by Koppeling-Gekoppelde en waar dit absoluut nie anders kan nie, behoort die "gekwalifiseerde" en "kwalifikasie" nie op dieselfde reël geskryf te word nie.

5.2.2 Skakeling van komponente met sintaktiese funksies eiesoortig aan sintipe 1





Genoemde word onderstreep, 'n verbindingspyl word na Koppeling wat op 'n afsonderlike reël staan, getrek; van Koppeling af - sonder om Koppeling te onderstreep - word 'n verbindingspyl na Gekoppelde wat op dieselfde reël as Koppeling staan, getrek. Gekoppelde staan egter nie op dieselfde reël as Koppeling



wanneer Gekoppelde woordordelik aan Koppeling voorafgaan nie (vgl. vb.3).

Voorbeelde (Lidwoorde en verhoudingswoorde word nie afsonderlik geskakel nie; vgl. 5.2.5.8 hieronder):



- (1) θεὸς ἐστὶν ὁ δικαίων
God is die regverdige




- (2) ἐστὶ διδάσκαλος ὁ ἀνὴρ
die man is leermeester





- (3) διδάσκαλος ἐστὶ ὁ ἀνὴρ
die man is leermeester





- (4) ἔστιν συνήθεια ἵνα ἕνα ἀπολύσω ὑμῶν
dat ek een vir julle loslaat, is gewoonte (Jh 18:39)



- (5) οὗτοι υἱοὶ θεοῦ εἰσιν
hulle is kinders van God (Rm 8:14)





- (6) τὸ φρόνημα ἐστὶ ζωὴ καὶ εἰρήνη
die bedinking is lewe en vrede (Rm 8:6)



5.2.3 Skakeling van komponente met sintaktiese funksies eiesoortig aan sinstipe 2



5.2.3.1 Handelende en Handeling





Handeling en Handelende word op verskillende reëls geskryf, met Handeling meer links; Handeling word onderstreep. 'n Vertikale streep word onmiddellik links van Handelende getrek. 'n Verbindingspyl word van die vertikale strepie of na die streep onder Handeling getrek.

Voorbeelde:



- (1) ὁ ἀνὴρ τὸν βίβλον δίδωσιν
die man gee die boek





- (2) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βίβλον
die man gee die boek



- (3) ὁ βίβλος δίδοται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός
die boek word deur die man gegee





5.2.3.2 Handeling en Behandelde





Handeling en Behandelde word op verskillende reëls geskryf, met Handeling meer links as Behandelde. Handeling word onderstreep en van die streep af, word 'n verbindingspyl met 'n dubbele pylpunt na Behandelde getrek.

Voorbeelde:



- (1) δίδωσι βιβλον
hy gee 'n boek





- (2) βιβλον δίδωσι
hy gee 'n boek



- (3) ὁ βιβλος δίδεται
die boek word gegee





5.2.3.3 Handeling en Betrokkene





Handeling en Betrokkene word op verskillende reëls geskryf, met Handeling meer links as Betrokkene. Handeling word onderstreep en van die streep af 'n verbindingspyl na Betrokkene getrek.

Voorbeelde:



- (1) δίδωσι τῷ δούλῳ
hy gee vir die slaaf



- (2) τῷ δούλῳ δίδωσι
hy gee vir die slaaf



- (3) ὁ βίβλος δίδοται τῷ δούλῳ
die boek word vir die slaaf gegee



5.2.4 Skakeling van komponente met sintaktiese funksies wat in sinstipe 1 en 2 voorkom



5.2.4.1 Onverbondene

Onverbondene



Onverbondene word op 'n afsonderlike reël geskryf en geblok. Geen verbindingslyne word getrek nie.

Voorbeelde:


- (1) φίλε, δίδωσι τὸν βίβλον
vriend, hy gee die boek



- (2) φίλε, ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
vriend, die man is leermeester



5.2.4.2 Handelende/Behandelde/Betrokkene/Onverbodene en Byvoeging





Handelende (ens.) en Byvoeging word op afsonderlike reëls geskryf, met Handelende (ens.) meer links as Byvoeging. Handelende (ens.) word onderstreep, en van die streep af word 'n verbindingspyl na Byvoeging getrek.



Byvoegings wat gekonstrueer is uit lidwoorde hoef nie op aparte reëls geskryf en geskakel te word nie (vgl. 5.2.5.8).

Voorbeelde:



- (1) οὗτος ὁ ἀνὴρ δίδωσι βιβλὸν ἐκεῖνῳ τῷ δούλῳ
hierdie man gee 'n boek vir daardie slaaf




- (2) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τῷ καλῷ δούλῳ
die man gee vir die mooi slaaf



- (3) ὁ ἀνὴρ δίδωσι βιβλὸν τῷ ἐν τῇ οἰκίᾳ δούλῳ
die man gee 'n boek vir die slaaf in die huis





5.2.4.3 Koppeling/Gekoppelde/Handeling/Byvoeging en Bepaling





Koppeling (ens.) en Bepaling word op afsonderlike reëls geskryf, met Koppeling (ens.) meer links as Bepaling. Koppeling (ens.) word onderstreep, en van die streep af word 'n verbindingspyl na Bepaling getrek.

Voorbeelde:



- (1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι ἀεὶ βιβλον
die man gee altyd 'n boek




- (2) ὁ ἀνὴρ ἀεὶ δίδωσι βιβλον
die man gee altyd 'n boek



- (3) ὁ θεὸς κατέκρινεν ἵνα τὸ δικαίωμα πληρωθῇ (Rm 8:3v)
God het veroordeel, met die gevolg dat die eis volbring word





5.2.4.4 Voegwoord/partikel en Handeling/Koppeling




Voegwoorde/partikels vorm nie selfstandige sintaktiese komponente nie en word daarom ook nie selfstandig geskakel nie. Sintakties vorm hulle 'n eenheid met die betrokke Handeling/Koppeling.

Voorbeelde:

- (1) ποιῆσαι ἵνα καὶ οὗτος μὴ ἀποθάνῃ ((Jh 11:37)
 maak dat hierdie man ook nie sterf nie



- (2) καὶ ὑστερήσαντος οἴνου λέγει ἡ μήτηρ (Jh 2:3)
 en toe die wyn opmaak, sê die moeder





5.2.4.5 Voorsetsele en Byvoeging/Bepaling

Voorsetsele Byvoeging


Voorsetsele vorm nie selfstandige sintaktiese komponente nie en word ook nie geskakel nie. Sintakties vorm voorsetsele 'n eenheid met die betrokke Byvoeging/Bepaling.

Voorbeelde:

- (1) ὁ ἐν τῇ οἰκίᾳ ἀνὴρ δίδωσι βιβλόν
 die man in die huis gee 'n boek




(2) ὁ ἀνὴρ δίδωσι ἐν τῇ οἰκίᾳ τοῦ στρατηγοῦ βίβλον
 die man gee in die huis van die generaal 'n boek



5.2.5 Verdere algemene riglyne


5.2.5.1 'n Reeks skakelings by dieselfde sintaktiese komponent

5.2.5.1.1 Wanneer 'n sintaktiese komponent deur meer as een sintaktiese komponent gekwalifiseer word en hierdie "kwalifikasies" dieselfde sintaktiese funksies vervul, geskied die skakeling soos volg:




Voorbeeld:

ὄψεσθε τὸν οὐρανὸν ἀνεψφότα καὶ τοὺς ἀγγέλους ἀναβαίνοντας (Jh 1:50)
 julle sal die hemel geopend en engele neerdalend sien





5.2.5.1.2 Wanneer 'n sintaktiese komponent deur meer as een sintaktiese komponent gekwalifiseer word en hierdie "kwalifikasies" verskillende sintaktiese funksies vervul, geskied die skakeling soos volg:





Voorbeelde:


- (1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι βιβλον τῷ δούλῳ
die man gee 'n boek vir die slaaf



- (2) λέγει αὐτῷ, Πόθεν με γινώσκεις; (Jh 1:48)
hy sê vir Hom: "Waarvandaan ken U my?"





5.2.5.1.3 'n Bepaling of Byvoeging kwalifiseer per implikasie noodwendig ook enige voorafgaande Bepalings/Byvoegings by dieselfde komponent. Die skakeling word egter uit die betrokke komponent alleen gedoen:



Byvoeging (2) kwalifiseer nie net Handelende nie maar Handelende + Byvoeging (1).



Voorbeelde:

- (1) πνεῦμα υἰοθεσίας ἐν ᾧ κρίζομεν (Rm 8:15)
die Gees van aanneming tot kinders deur Wie ons roep



Die komponent υἰοθεσίας kwalifiseer πνεῦμα. 'Ἐν ᾧ κρίζομεν kwalifiseer nie slegs πνεῦμα nie maar πνεῦμα υἰοθεσίας.

- (2) τὸ φρόνημα ἐστὶν ἔχθρα εἰς θεόν, οὐ γὰρ ὑποτάσσεται (Rm 8:7, aangepas)
die bedinking is vyandskap jeens God, want dit onderwerp hom nie



Die komponent οὐ γὰρ ὑποτάσσεται kwalifiseer nie slegs ἐστὶν nie maar ἐστὶν ἔχθρα εἰς θεόν.





5.2.5.2 Aanduiding van newegeskiktheid

Om newegeskiktheid van sinne (selfstandige sinne onderling en bysinne onderling) aan te dui word die betrokke sinne op dieselfde vertikale lyn begin.

Voorbeeld:

εἰ γὰρ κατὰ σάρκα ζῆτε μέλλετε ἀποθνήσκειν, εἰ δὲ πνεύματι τὰς πράξεις τοῦ σώματος θανατοῦτε ζήσεσθε (Rm 8:13)

immers, as julle volgens julle sondige natuur leef, gaan julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe




Die feit dat μέλλετε ἀποθνήσκειν en ζήσεσθε onderskeidelik Handeling van twee newegeskikte sinne is, blyk uit die feit dat hulle op dieselfde vertikale lyn begin.

5.2.5.3 Skakeling van sinne wat neweskikkende semanties beduidende voegwoorde bevat

Sinne of singsgroepe wat aan sinne voorafgaan waarin semanties beduidende neweskikkende voegwoorde voorkom, is sintakties newegesik aan hierdie sinne, ten spyte van die feit dat die binding tussen die sinne sintakties deur die voegwoorde vergestaltung vind (vgl. bylae 1, 3.1.2.2).

Daarom word die begin van sodanige sinne by die uiteensetting van sintaktiese struktuur op dieselfde vertikale vlak geplaas. Wanneer dit slegs enkelsinne is wat betrokke is, kan skakeling nogtans - d.i. ten spyte van die neweskikking - plaasvind, en wel met 'n stippellyn, bv.:

τὰ ἐπίγεια ἐλπον ὑμῖν καὶ οὐ πιστεύετε (Jh 3:12)
 Ek het vir julle aardse dinge gesê, nogtans glo julle nie





Wanneer die voorgaande egter 'n groep sinne is, is skakeling meestal nie wenslik nie, aangesien die struktuuruiteensetting daardeur onnodig gekompliseer word. In die sintaktiese kommentaar moet egter gewys word op die binding wat daar tussen die betrokke sinne bestaan.

5.2.5.4 Veronderstelling van 'n komponent ter wille van skakeling

Wanneer 'n komponent of gedeelte van 'n komponent ter wille van skakeling veronderstel moet word, word die betrokke woord/konstruksie tussen hakies geplaas en word die onderstreping en skakeling soos onder gewone omstandighede gedoen.

Voorbeeld:


εἰ ὁ θεὸς ὑπὲρ ἡμῶν, τίς καθ' ἡμῶν; (Rm 8:31)
 Aangesien God vir ons is, wie kan teen ons wees?



5.2.5.5 Onderbroke sintaktiese komponent

Wanneer 'n sintaktiese komponent verdeel is, word die skakeling soos volg gedoen:



ἄξια πρὸς τὴν μέλλουσαν δόξαν ἀποκαλυφθῆναι εἰς ἡμᾶς (Rm 8:18)
 weeg op teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar gaan word



5.2.5.6 Kruising van verbindingslyne

Die kruising van verbindingslyne moet so ver as moontlik vermy word, aangesien sodanige kruising die ontleding aansienlik kompliseer. In die linkerontleding hieronder is die kruising vermy, terwyl die regterontleding lynkruising bevat:

οὐδὲν ἄρα νῦν κατάκριμα τοῖς ἐν Χριστῷ (Rm 8:1)
 Daar bestaan dan nou geen veroordeling vir diegene in Christus nie



5.2.5.7 Uitgebreide Onverbodene


Wanneer 'n uitgebreide Onverbodene ('n parentese) in 'n taaluiting voorkom, word die hele konstruksie geblok - vgl. die onderdeel van Jh 2:9 hieronder (5.2.7).

5.2.5.8 Opsomming van komponente en onderdele van komponente wat nie geskakeel hoef te word nie

Slegs verhoudingswoorde (voorsetsels, voegwoorde en partikels) en Byvoeging=komponente wat uit lidwoorde gekonstrueer is, word nie geskakeel nie. Verhoudingswoorde word, waar moontlik, op dieselfde reël behou as die komponent waarvan dit deel uitmaak. Lidwoorde word, waar moontlik, op dieselfde reël behou as die komponent waarby dit Byvoeging is. Dat die konstruksie steeds as een sintaktiese komponent beskou word, word met behulp van die nommering van die komponente aangedui (vgl. 5.2.6).

5.2.6 Die nommering van sintaktiese komponente in 'n struktuurontleding

Om kommentaar te vergemaklik en die sintaktiese struktuurontleding as verwysings- en motiveringsraamwerk bruikbaar te maak, kan elke sintaktiese komponent genummer word, en wel soos volg:



Die versnommer word aan die linkerkant van die bladsy geskryf. Voor die eerste komponent van die vers word 'n 1 tussen hakies geplaas. So word die komponente in die volgorde waarin hulle voorkom, progressief van 1 af verder genummer. Elke nuwe vers se nommering begin weer by 1.


Veronderstelde komponente word selfstandig en met 'n 0 voor die nommer aangedui. Die eerste veronderstelde komponent in 'n vers sal dus (01) wees, die tweede een

(02), ens. Verhoudingswoorde en lidwoorde word nie afsonderlik genommer nie maar as onderdeel van die betrokke konstruksie. Verselfstandigde lidwoorde word egter wel selfstandig genommer.

Voorbeelde: 1. θεός ὁ δικαίων (Rm 8:33)
God is die Een wat regverdig verklaar

33) (5)θεός
 └─→ ((01)ἔστι) → (6)ὁ δικαίων

2. οὐδὲν νῦν κατάκριμα τοῖς ἐν Χριστῷ (Rm 8:1, met ἄρα weggelaat)
daar is nou geen veroordeling vir diegene in Christus nie



Wanneer 'n sintaktiese komponent onderbreek word, word die nommer met toevoeging van a) voor die eerste deel van die komponent geplaas en dieselfde nommer met die toevoeging van b) voor die tweede deel van die komponent.

Byvoorbeeld:

τοῖς μὴ κατὰ σάρκα περιπατοῦσιν (Rm 8:4)
vir diegene wat volgens die "vlees" wandel

(5a)τοῖς μὴ → (6)κατὰ σάρκα
 └─→ (5b)περιπατοῦσιν

Komponent 5 is τοῖς μὴ περιπατοῦσιν, en komponent 6 is κατὰ σάρκα.

Indien περιπατοῦσιν in bostaande voorbeeld veronderstel moes word, word dit tussen hakies geplaas met 0 voor die 5b, d.w.s. (05b).


5.2.7 Sintaktiese kommentaar op 'n struktuurontleding

Nadat die struktuur van 'n taaluiting uiteengesit is en die komponente genommer is, kan sintaktiese kommentaar gelewer word, met die struktuurontleding as verwysingsraamwerk.

Voorbeeld:

ὡς ἐγεύσατο ὁ ἀρχιτρίκλινος τὸ ὕδωρ οἶνον γεγεννημένον, καὶ οὐκ ᾔδει πόθεν ἐστίν, οἱ δὲ διάκονοι ᾔδεισαν οἱ ἠντιληκότες τὸ ὕδωρ, φωνεῖ τὸν νυμφίον ὁ ἀρχιτρίκλινος.

Toe die hoofkelner die water wat wyn geword het, proe en hy nie geweet het waarvandaan dit kom nie - maar die kelners wat die water geskep het, hulle het geweet - het die hoofkelner die bruidegom geroep (Jh 2:9).



Komponent (afgekort: K) 1-5 en K6-8 is tweeledige Bepaling t.o.v. rede by K13.

K9-12 is Onverbondene.

K14 is Behandelde by K13.

K15 is Handelende by K13.

K1-5: K1 is Handeling in 'n Bepalingsin t.o.v. rede by K13.

K2 is Handelende by K1.

K3 is Behandelde by K1.

K5 is Byvoeging by K3.

K4 is Gekoppelde by K5, 'n deelwoord wat na sy werkwoordelike aard Koppeling is.

K6-8: K6 is Handeling in 'n Bepalingsin t.o.v. rede by K13.

K8 is Behandelde by K6.

K7 is Bepaling t.o.v. plek waarvandaan by K8.

K9-11: K10 is Handeling in 'n Onverbondenesin.
K9 is Handelende by K10.
K11 is Byvoeging by K9 en is 'n bystelling.
K12 is Behandelde by K11.

HOOFSTUK 4: TOEPASSING VAN DIE ONTWERPTE METODE OP ROMEINE 8

Ter illustrasie van die toepassing van die ontwerpte metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur word vervolgens 'n sintaktiese struktuurontleding van Romeine 8 gemaak. Die Griekse teks is dié van die derde uitgawe van die United Bible Societies (Aland e.a., 1975). Die sintaktiese struktuurontleding verskyn telkens bo-aan die linkerkantse bladsy. Onmiddellik daaronder, na vier horisontale parallele lyne, en op die teenoorstaande (regterkantse) bladsy volg die kommentaar op die sintaktiese struktuur. Die linker- en regterkantse bladsye moet dus telkens as 'n eenheid gelees word.

Die gedagtestruktuurontleding word eers in hfst. 5 gedoen. Die resultate daarvan word egter reeds by die sintaktiese struktuurontleding ingewerk in dié opsig dat die afbakening van die verskillende gedagte-eenhede aangedui word en dat die tema van elke groter en kleiner gedagte-eenheid vermeld word.

Die kommentaar op die sintaktiese struktuur word sin vir sin afgehandel, en wel soos volg:


Elke kommentaargedeelte van die bladsy word in twee kolomme verdeel. In die linkerkolom word die skakeling van die sintaktiese komponente verduidelik deur die sintaktiese funksie van elke komponent te noem. Die semantiese funksie van Bepalings word ook vermeld en ook dié van Byvoegings wanneer die konstruksie van die betrokke Byvoeging 'n selfstandige of voornaamwoord is. Die naamvalgebruike van sodanige selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde word ook telkens benoem. In die kommentaar word die Grieks nie herhaal nie maar word daar slegs na die betrokke komponentnommer verwys, bv.: "K2 is Byvoeging by K1." Wanneer daar vanuit die struktuurontleding verwarring kan wees oor watter vers se K2, byvoorbeeld ter sprake is, word die versnommer voor die komponentnommer geplaas, bv.: "K4.2 is Byvoeging by K3.1." Hierdie stelling beteken: "Vers 4 se komponent 2 is Byvoeging by vers 3 se komponent 1."

In die regterkolom word van elke komponent 'n vertaling gegee wat sy sintaktiese funksie die beste weergee.

Die kommentaar van elke sin word afgesluit deur 'n vertaling van die betrokke sin te gee. Die vertaling is daarop gemik om 'n getroue Afrikaanse weergawe van die Griekse sintaktiese struktuur te gee.


In gevalle waar daar groot verskil van mening onder kommentatore oor die sintaktiese funksie van 'n komponent is, word dit in 'n voetnoot aangedui.

1. Vers 1: Opsomming van die voorgaande en die grondstelling vir wat vorentoe beredeneer gaan word: vir dié wat in Christus is, is daar geen veroordeling nie.



2. Vers 2-17: Wat dit beteken om "in Christus" te wees: jy is bevry van die dood, want Christus se lewendmakende Gees woon in jou; laat jou dus deur die Gees van God lei, en lewer so bewys dat jy kind van God is.

2.1 Vers 2: In Christus! Dus vry van die heerskappy van jou sondige natuur, wat niks anders as die dood is nie, en onder die bevrydende en lewendmakende heerskappy van Christus se Gees.



Vers 1:

K02b is veronderstelde Handeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die konkluderende neweskikkende voegwoord ἄρα.¹⁾

K3 is Bepaling t.o.v. tyd by K02b.²⁾

K4 is Handelende by K02b.

K1 is Byvoeging by K4.

K5 is Betrokkene by K02b.

K6 is Byvoeging by K5.

K7 is Byvoeging by K6.

Dit bestaan dan

Dit bestaan nou

Veroordeling bestaan

geen veroordeling

bestaan vir diegene

diegene in Christus

in Christus Jesus

Vertaling: Nou bestaan daar geen veroordeling vir diegene wat in Christus Jesus is nie.

Vers 2:

K2b is Handeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.³⁾

K1 is Handelende by K2b.

K3 is Byvoeging by K1 en is Handelendegenitief.⁴⁾

K4 is Byvoeging by K3 en is Behandeldegenitief.⁵⁾

K5 is Byvoeging by K4.⁶⁾

K6 is Byvoeging by K5.

K7 is Behandelde by K2b.

K8 is Bepaling t.o.v. verwydering by K2b.

K9 en K10 is 'n tweeledige Byvoeging by K8 en is telkens doelsaanduidende genitief.⁷⁾

hy het immers bevry

die wet het bevry

die wet van die Gees (= die Gees gee die wet)

die Gees van die lewe (= die Gees gee lewe)

die lewe in Christus

in Christus Jesus

bevry jou


bevry jou van die wet

die wet van die sonde en van die dood (die wet wat tot sonde en dood lei)

Vertaling: Immers, die wet van die Gees wat die lewe in Christus Jesus gee, het jou vrygemaak van die wet wat tot sonde en dood lei.

-
- 1) Ook Newman & Nida (1973,144) beskou ἀρα as konkluderende neweskikkende voegwoord.
 - 2) So ook Newman & Nida (1973,144) en Lekkerkerker (1974,324).
 - 3) Ook Newman & Nida (1973,145) beskou γάρ as neweskikkende motiverende voegwoord.
 - 4) Barth (1933,273) beskou K3 verkeerdelik as 'n naderbepaling by K1. Van Leeuwen & Jacobs (1932,139) vertaal K1 en K3-4 verkeerdelik as "een geestelijke levenswet".
 - 5) So ook Newman & Nida (1973,145), Ridderbos (1959,171). Bruce (1969,160) beskou K4 as Byvoeging by K1, soos blyk uit sy vertaling: "The law of the Spirit is the law of life". Ook Nygren (1949,311) beskou K4 as Byvoeging by K1.
 - 6) Ook Louw (1979,1:17), Versteeg (1971,347) en Greijdanus (1933,355) beskou K5 as Byvoeging by K4. Nygren (1949,311) en Barrett (1957,155) beskou K5 as Byvoeging by K1. Murray (1960,276) meld dat K5 Byvoeging by K4 kan wees of dat K5 Bepaling t.o.v. wyse by K2b kan wees. Cranfield (1975,375) en Alford (1877,386) beskou K5 as Bepaling t.o.v. wyse by K2b.
 - 7) Versteeg (1971,345) vertaal K8-10 tereg soos volg: "... de wet die tot de zonde en de dood leidt." Ook Newman & Nida (1973,146) beskou K9 en K10 as tweeledige Byvoeging by K8 en vertaal dit: "the law which declares/shows/causes sin and death". Greijdanus (1933,355) is dieselfde mening as Newman & Nida toegedaan. Louw (1979 II,89) sien dit anders: Hy beskou die καὶ in K9 as epekegeties en vertaal: "the control of sin, which means (καὶ) that of death." So sien ook Cranfield (1975,376) dit.

2.2 Vers 3+4: Hoe hierdie bevryding bewerkstellig is, en wat die gevolg daarvan is: God het ons onder nuwe heerskappy gestel, en nou kan ons die eis van die wet vervul.



Vers 3:

- K02b is veronderstelde Handeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γὰρ. Vers 3-4 motiveer dus die voorafgaande.
- K1 is Behandelde by K02b.
- K3 is Byvoeging by K1 en is Handelendegenitief.
- K4 is Byvoeging by K1 en vermeld die rede vir K1+K3.⁸⁾
- K5 is Bepaling t.o.v. rede by K4.
- K14 is Handeling in 'n Byvoegingsin by K1.⁹⁾
- K6 is Handelende by K14 en implisiet by K02b.
- K9 is Bepaling t.o.v. wyse by K14.
- K7 is Behandelde by K9.
- K8 is Byvoeging by K7.
- K10 is Bepaling t.o.v. van wyse by K9.
- K11 is Byvoeging by K10 en is genitief van vergelyking.

Hy het immers die onmoontlike gedoen
 Hy het die onmoontlike gedoen
 die onmoontlike vir die wet (= dit wat die wet nie kan doen nīe)
 die onmoontlike ... omdat dit swak was
 (= die wet kan nie, omdat dit swak was)
 ... swak was, weens die "vlees"
 die onmoontlike, nl. Hy het veroordeel
 God het veroordeel(en by K02b: God het ge-
 doen ...) Hy het veroordeel deurdat Hy gestuur het
 Hy het sy Seun gestuur
sy eie Seun
 ... gestuur in gestalte gelyk aan¹⁰⁾
 in gestalte gelyk aan die "vlees"

K12 is Byvoeging by K11 en is Gekoppeldegenitief.

K13 is Bepaling t.o.v. rede by K9.

K15 is Behandelde by K14.

K16 is Bepaling t.o.v. plek by K14.¹²⁾

Vertaling: Immers, wat die wet nie kon doen nie, omdat dit te swak was vanweë die sondige natuur, dit het God gedoen: Hy het die sonde in die liggaam van sy eie Seun veroordeel deur Hom in gestalte gelyk aan die sondige mens te stuur juis omrede van die sonde.

Vers 4:

K4.1b is Handeling in 'n Bepalingsin t.o.v. gevolg by K3.14 en word deur die onderskikkende voegwoord *ὅτι* ingelei.¹³⁾

K2 is Behandelde by K1.

K3 is Byvoeging by K2 en is Handelendegenitief.

K4 is Handelende by K1.¹⁴⁾

K5 is Byvoeging by K4.

K6 en K7 is tweeledige Bepaling t.o.v. wyse by K5.

Vertaling: Gevolglik kan die eis van die wet deur ons vervul word, ons wat ons nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.

die sondige "vlees" (= die vlees is sondig)
... gestuur juis omrede van die sonde¹¹⁾
Hy het die sonde veroordeel
Hy het in die "vlees" veroordeel

Hy het veroordeel, met die gevolg dat vervul kan word
sodat die reg vervul kan word
die reg van die wet (= die wet vereis)
vervul kan word deur ons
deur ons wat wandel
... wandel nie onder die "vlees" nie, maar onder die Gees

8) Vergelyk Versteeg (1971,353).

9) Louw (1979 I,17) is 'n ander mening toegedaan. Hy beskou K5-16 as 'n selfstandige sin naas K1-K5.

10) Vergelyk Versteeg (1971,356)

11) Nie as 'n offer vir die sonde soos die 1979-Afrikaanse vertaling vertaal nie. Die bedoeling is eerder: omrede van die sonde, d.w.s. om die sonde te veroordeel (Versteeg 1971,358).

12) Ook Newman & Nida (1973,146), Van Leeuwen & Jacobs (1932,139) en Alford (1877,387) beskou K16 as Bepaling by K14. Vir die vertaling in die liggaam (van sy eie Seun) vgl. Versteeg (1971,358-9).

13) Cranfield (1975,383) sê dat K4.1 doel én gevolg is: "...God's purposes carry also a consecutive sense (for all God's purposes come in the end to fulfilment). ...we may say that it has this as result".


Die volgende eksegete beskou K4.1 as Bepaling t.o.v. doel by K3.14:

Newman & Nida (1973,147), Barth (1933,282), Nygren (1949,316), Lekkerkerker (1974,328), Barrett (1957,157), Van Leeuwen & Jacobs (1932,142), Jager (s.j.,140), Greijdanus (1933,359), Ridderbos (1959,173), Murray (1960,274) Louw (1979 II,90) en Alford (1877,388).

14) Ook Newman & Nida (1973,147), Schlier (1977,236) en Louw (1979 II,90) beskou K4 as Handelende by K1.

Van Leeuwen & Jacobs (1932,143), Ridderbos (1959,173), Murray (1960,274), Cranfield (1975,371) en Alford (1877,388) beskou K4 as Bepaling t.o.v. plek by K1.

2.3 Vers 5-8 Motivering hoekom diegene wat hulle deur die Gees en nie deur hulle sondige natuur laat lei nie, die wet kan vervul: die Gees bring lewe en vrede, maar die sondige natuur vyaandskap met God.



Vers 5:

K2b is Handeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ. Vers 5 gee dus 'n motivering vir die voorafgaande.

K1 is Handelende by K2.

K3 is Bepaling t.o.v. toestand by K1.

K4 is Behandelde by K2.

Deur bloot die sintaktiese funksie van K6 te bepaal is tegelyk die modus van sy werkwoord verklaar. Die sintaktiese funksie van K6 is Behandelde. Die verklaring van die modus van ἐσμὲν is dus: ὅτι + indikatief in 'n Behandelde sin ("voorwerpsin").

In gevalle waar die sintaktiese funksie van die komponent waarin die betrokke werkwoord voorkom, Bepaling is, word die semantiese funksie van die Bepaling in die betrokke sin in die verklaring van die werkwoord se modus by genoem.

Ter illustrasie word na die volgende gedeelte van Rm 8:17 verwys:

(9)... συνπάσχομεν
 └─→ (10) ἵνα καὶ συνδοξασθῶμεν

K10 is Handeling in 'n Bepalingsin t.o.v. gevolg by K9. Die werkwoord in K10 is konjunktief. Die volledige benceming en verklaring van K10 is dus: K10 is Bepaling t.o.v. gevolg by K9 en die werkwoord is konjunktief in 'n gevolgsin.

Ook vir die dosent word die onderrig in die verklaring van naamvalle en modi aan die hand van 'n sintaktiese struktuurontleding aansienlik vergemaklik.

Wanneer 'n student 'n taaluiting sintakties gestruktureer het en die sintaktiese struktuur in ooreenstemming met die ontwerpte metode uiteengesit het, kan die dosent bloot op grond daarvan oordeel of die student insig in die betrokke taaluiting het. Dit is die geval veral omdat daar met die uiteensetting van sintaktiese struktuur reeds so baie gesê word.

Veral waar dit om die onderrig van die onervare student gaan, kan dit egter nodig wees om dit wat by wyse van onderstreping en verbindingspyle gesimboliseer is, ook taals uit te druk deur sintaktiese kommentaar op die struktuurontleding te lewer, soos in hfst. 4 met Romeine 8 gedoen is.

Die wins van sintaktiese struktuurontleding vir die dosent ten opsigte van die verklaring van naamvalle en modi is nie slegs dat die verduideliking van naamval- en modusgebruik vergemaklik word nie maar dat ook beoordeling van werk wat deur die student gedoen is, hiervolgens aansienlik vergemaklik en vaartbelynd gemaak word.

1.4 Sintaktiese ordening van die Griekse grammatika

As gevolg van die belangrike plek wat die sintaktiese faset van taal in die onderrig van Grieks beklee, is dit voor die hand liggend dat 'n Griekse grammatika wat met die sintaksis as uitgangspunt saamgestel is, 'n besondere wins vir die onderrig van Grieks sal wees.

Die ontwerpte metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur en veral die konstatering van sintaktiese funksies daartoe, open die weg vir die sintaktiese

ordening en behandeling van die Griekse grammatika. In bylae 1 word die koers vir sodanige ordening van die Griekse grammatika aangedui.

1.5 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk in die onderrig

In die voorgaande is in verskillende opsigte geïllustreer hoedat 'n sintaktiese struktuurontleding sowel deur die dosent as deur die student met welslae as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk in die onderrigsituasie gebruik kan word.

2. DIE WAARDE VAN DIE METODE VIR DIE EKSEGESE VAN DIE GRIEKSE NUWE TESTAMENT

- 2.1 Die waarde vir die eksegeese as sodanig
- 2.2 Die waarde vir die amptelike vertaling van die Nuwe Testament
- 2.3 Die waarde vir die prediking van die Nuwe Testament

2.1 Die waarde vir die eksegeese as sodanig

- 2.1.1 Die plek van die sintaktiese faset van taal in die eksegeese
- 2.1.2 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk in eksegetiese arbeid
- 2.1.3 Die ontleding van gedagtestruktuur op grond van 'n sintaktiese struktuurontleding
- 2.1.4 Die beoordeling van 'n gedagtestruktuurontleding op grond van 'n sintaktiese struktuurontleding

2.1.1 Die plek van die sintaktiese faset van taal in die eksegeese

Die plek van die sintaktiese faset van taal in die algemeen sowel as die plek daarvan in die onderrig van Grieks aan voornemende predikante impliseer ook reeds die plek daarvan in die eksegeese. Tog is dit nodig om die plek van die sintaktiese faset van taal in die eksegeese nader aan te dui.

Om eksegeese te doen is om die bedoeling van die oorspronklike skrywer vas te stel, en gevolglik ook watter betekenis die betrokke gedeelte vir die eerste

lesers gehad het (France 1977,252; Martin 1977,220). Om dit te kan doen moet die eksegeet hom onder andere vergewis van vorm en binding van elke woord in die teks en vasstel wat die implikasie daarvan vir die verklaring van die teks is (Van der Walt 1973,41; Coetzee e.a., 1980,19). Tereg poneer Groenewald (1938,16) die volgende stelling: "Grammatiese bestudering van die teks is van primêre belang, nie alleen om die regte betekenis te kan naspur nie, maar omdat die tug van die grammatika die eksegeet sal hou aan wat geskryf staan en hom bewaar van willekeurige verklaring of fantastiese inlegkunde".

Die standpunte van Berkouwer (1975,113) en Grosheide (1929,169) sluit hierby aan.

Verskeie Nuwe-Testamentici wys eksplisiet op die rol wat die sintaktiese faset van taal in die eksegeese speel. Onder hulle beklee Coetzee (1975,2) 'n baie belangrike plek. Hy verleen besondere prominensie aan die sintaktiese faset van taal in sy eksegetiese metode in die opsig dat hy naas formeel grammatiese eksegeese ook sintakties grammatiese eksegeese onderskei en toepas.

Hieronder volg tiperende aanhalings van ander Nuwe-Testamentici wat eksplisiet wys op die rol wat sintaktiese faset van taal in eksegeese speel:

Greenlee (1972,144): "In exegesis we should express correctly and understandably whatever syntax we do assign to these elements, such as by breaking the passage up into simple sentences and units".

Grosheide (1929,168): "Wie een tekst gaat verklaren, moet beginnen zich rekenschap te geven van de vormen en de syntactische bijzonderheden, welke in dien tekst voorkomen".

Mickelsen (1963,158): "Respect the syntactical links as connections forged by another. Do not try to separate what the author joined together. All such separations ... will lead to eisegesis ..."

Robertson (1923,389): "Exegesis is not syntax, but syntax comes before real exegesis".

Schenk (1975,491): "Eine Theologie des Neuen Testaments wird eine Syntaktik des Evangeliums sein".

Dit blyk dus dat die sintaktiese faset van taal 'n belangrike en grondleggende rol in eksegeese speel. Juis daarom is die eksplisering van die rol van die sintaktiese vir die eksegeese so belangrik.

2.1.2 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk in eksegetiese arbeid

Reeds in hfst. 3 is aangetoon dat dit noodsaaklik is dat die sintaktiese struktuur van die Griekse Nuwe Testament deursien en as uitgangspunt en motiverings- en verwysingsraamwerk in eksegetiese arbeid gebruik word. Dit wat reeds daar beredeneer is, word hier veronderstel en nie herhaal nie.

Wat hierbo (1.1-5) gesê is ten opsigte van die geslaagde gebruik van 'n sintaktiese struktuurontleding in die onderrig van Grieks, is in alle opsigte ook van toepassing op die gebruik daarvan as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk in eksegetiese arbeid, hetsy in die onderrig van Nuwe-Testamentiese eksegese aan teologiese studente, hetsy in selfstandige eksegese. Die waarde daarvan vir die eksegese is dus nie tot die sintaktiese faset van eksegese beperk nie, maar in die hele proses van die eksegese kan dit met welslae as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk gebruik word. Ter illustrasie hiervan word die verloop van die eksegese ¹⁾ van 'n gedagte-eenheid 'n breë trekke geskets en daarna ook aan die hand van 'n gedeelte uit Rm 8:23v geïllustreer:


Op grond van kursoriese eksegese kan 'n voorlopige sintaktiese struktuurontleding daar gestel word. Hierdie struktuurontleding kry sy finale beslag eers wanneer die eksegese volledig afgehandel is. Dit verhoed egter nie dat die ontleding uit die staanspoor as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk gebruik word nie.

Op grond van hierdie sintaktiese struktuurontleding en met verwysing daarna kan die eksegeties relevante morfologiese en sintaktiese kommentaar gelewer word. Hierdie kommentaar word aansienlik vergemaklik en verkort deurdat die sintaktiese struktuurontleding as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk gebruik word en daar bloot met 'n nommer na sintaktiese komponente verwys kan word.

Om die gebruik van 'n sintaktiese struktuurontleding as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk te illustreer²⁾ word sodanige ontleding van gedeeltes van Rm 8:23v gegee en op grond daarvan en met verwysing daarna enkele eksegetiese opmerkings gemaak:

1) Die metode van eksegese wat hieronder geskets word, is in navolging van 'n metode wat deur J.C. Coetzee (1975) uitgewerk is.

2) Vergelyk ook die voetnote in hfst. 4, waarin dit duidelik is hoe geslaagd 'n sintaktiese struktuurontleding as motiverings- en verwysingsraamwerk gebruik kan word.



K23.11 is Bepaling t.o.v. omstandighede by K23.2. Paulus sê dus met K11 onder watter omstandighede ons sug: ons sug terwyl ons uitsien.

K10 is Behandelde by K11. Dit waarna ons uitsien, sê Paulus, is dus die υἱοθεσίαν: ons sien uit daarna dat God bekend maak dat ons sy kinders is.

K12 is Byvoeging by K10 en is 'n bystelling. Die aanneming tot kinders is dus 'n bevryding. K13 is Byvoeging by K12 en die genitief is Behandeldegenitief. Dit hou in dat ons liggame die voorwerp van die bevryding is.

Die bedoeling van K23.10-14 is dus die volgende: ons sien uit dat God bekend maak dat ons sy kinders is; dit hou in dat hy ons liggame bevry.

K24.2 is Handeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die motiverende neweskikende voegwoord γάρ. Die werkwoord is aoristus indikatief; hierdeur word die feitlikheid van die gebeure wat deur die werkwoord uitgedruk word, beklemtoon. Die voegwoord γάρ toon aan dat K24.1 en K24.2 motiveer waarom ons met reg na die υἱοθεσίαν kan uitsien. Ons kan uitsien daarna dat God bekend maak dat ons sy kinders is, aangesien dit 'n feit is dat ons in die verlede klaar gered is.

K24.1 is Bepaling t.o.v. omstandighede by K24.2. K24.1 en K24.2 druk dus uit dat ons - terwyl ons nou 'n vaste verwagting daaroor het - in die verlede gered is.

Die bedoeling van K23.10 - K24.2 is dus die volgende:

Ons sien uit dat God bekend maak dat ons sy kinders is, wat inhou dat Hy ons liggame bevry. En ons kan met reg daarna uitsien, omdat ons weet dat God dit sal doen. Immers, net soos wat ons 'n vaste verwagting het dat God ons gered het - en dit staan vas dat ons in die verlede gered is -, net so kan ons die vaste verwagting hê dat God ons liggame sal bevry.

2.1.3 Die ontleding van gedagtestruktuur op grond van 'n sintaktiese struktuur=ontleding

- 2.1.3.1 Die afbakening van gedagte-een-hede
- 2.1.3.2 Die bepaling van die gedagte-oorgang van een gedagte-eenheid na die volgende
- 2.1.3.3 Die bepaling van die gedagtegang binne 'n gedagte-eenheid

Die ontwerpte metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur het besondere waarde vir die ontleding van die gedagtestruktuur van 'n taaluiting. Dit is die geval veral omdat - soos in hfst. 2 beredeneer is - die sintaktiese faset van taal die basis vorm en riglyne gee vir die ontleding van gedagtestruktuur. Hierby is dit belangrik om in gedagte te hou dat enige struktuurontleding slegs beskrywende verklarende funksie het en nie heuristiese funksie nie (Deist 1978, 264). 'n Sintaktiese struktuurontleding kan dus hoogstens 'n argument wees - alhoewel 'n deurslaggewende argument - waarom 'n teks sus nie s6 geïnterpreteer word nie.

2.1.3.1 Die afbakening van gedagte-eenhede

Die afbakening van gedagte-eenhede kan nie onafhanklik van semantiese oorwegings gedoen word nie. Vanweë die aard van die verhouding tussen die sintaktiese en semantiese fasette van taal (vgl. hfst. 2) is dit egter so dat die gedagtestruktuur van 'n gedagte-eenheid nie dwars teen elke moontlike sintaktiese struktuur van die betrokke taaluiting ingaan nie. Dit hou ten minste in dat 'n nuwe gedagte-eenheid beswaarlik met 'n sintaktiese komponent sal begin wat sintakties aan 'n komponent in die voorafgaande gedagte-eenheid ondergeskik is. Dit blyk dan ook die geval te wees in die afbakening van gedagte-eenhede van Rm 8: nie een van die gedagte-eenhede begin met 'n sintaktiese komponent wat sintakties aan 'n komponent in die voorafgaande gedagte-eenheid ondergeskik is nie.

Du Toit (1974,59) noem die volgende as 'n gevaar ten opsigte van die ontleding van gedagtestruktuur ("diskoersanalise", soos hy dit noem): "... another specific danger, viz. that the structure of a certain section is determined from our analysis of the contents (kursivering deur Du Toit), whereas it should be the reverse process, i.e. that the structure should lead us to the correct evaluation of the contents".

Uit hierdie stelling blyk dit dat Du Toit verkeerdlik die feit van sintaktiese merkers - wat vir die ontleding van gedagtestruktuur baie belangrik is - verontagsaam. Verder is dit nie korrek om te beweer dat die inhoud nie 'n rol mag speel nie. Sekerlik mag nie net op grond van die inhoud 'n ontleding van die gedagtestruktuur gemaak word nie, maar ook nie met verontagsaming van die inhoud nie.

In Rm 8 is dit juis opvallend dat elke nuwe gedagte-eenheid met 'n semanties-beduidende neweskikkende voegwoord ingelei word:

Rm 8:1 - ἄρα

Rm 8:2-17 - γάρ

Rm 8:18-30 - γάρ

Rm 8:31-9 - οὖν

Hierdie voegwoorde kan egter nie onafhanklik van semantiese maatstawwe as merkers vir die aanvang van 'n nuwe gedagte-eenheid dien nie, aangesien daar ook baie ander verse is wat deur sodanige voegwoorde ingelei word en tog nie 'n nuwe gedagte-eenheid inlei nie.

2.1.3.2 Die bepaling van die gedagteorgang van een gedagte-eenheid na die volgende

Die ontleding van die sintaktiese struktuur van Rm 8 het besondere waarde vir die bepaling van gedagteorgang van een gedagte-eenheid na die volgende. Deur bloot te let op die semantiese inhoud van die semanties-beduidende neweskikkende voegwoorde wat elke gedagte-eenheid inlei, kan die gedagteorgang tussen die gedagte-eenhede bepaal word.

Rm 8:1 word deur die konkluderende neweskikkende voegwoord ἄρα ingelei. Op grond van wat Paulus in Rm 5-7 beredeneer het, kom hy in Rm 8 tot 'n gevolgtrekking (vgl. Versteeg 1971,339). Hierdie gevolgtrekking, nl. dat daar geen veroordeling is vir diegene wat in Christus Jesus is nie, is tegelykertyd die grondstelling vir dit wat hy vorentoe in Rm 8 beredeneer.

Rm 8:2-17 word deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ ingelei. Wat Paulus in vv. 2-17 beredeneer, motiveer dus opnuut die stelling in Rm 8:1, nl. dat daar vir diegene in Christus geen veroordeling is nie (Versteeg 1971,343). Vers 2-17 motiveer vers 1 soos volg: jy is vry van die dood, omdat Christus

se lewendmakende Gees in jou woon en jy gevolglik kind van God is.

Rm 8:18-30 word deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ ingelei. Wat Paulus in vv. 18-30 beredeneer, motiveer die laaste stelling in vers 17, nl. dat ons kinders en erfgename van God en mede-erfgename saam met Christus is, aangesien ons saam met Christus ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik word. Vers 18-30 motiveer vers 17 soos volg: in die huidige bedeling ly ons (saam met Christus) maar nie sonder die versekerde uitsig op en intense verlange na die dag van Godse openbaring van ons heerlijkheid (saam met Christus) in die komende bedeling nie.

Rm 8:31-9 word deur die konkluderende neweskikkende voegwoord οὖν ingelei. In Rm 8:31-9 geraak Paulus dus tot 'n gevolgtrekking en geraak daartoe implisiet op grond van die hele gedeelte vanaf hfst. 5:1 tot 8:30. Rm 8:31-9 kom egter in die eerste plek tot die gevolgtrekking van dit wat in die onmiddellik voorafgaande (vv. 28-30, veral soos dit in vers 30 saamtrek) in verband met God se uitverkiesende liefde beredeneer is. In vers 30 sê die Heilige Gees deur Paulus: God het diegene wat Hy daartoe bestem het, ook geroep, regverdig verklaar en verheerlik. Vers 31-9 lei hieruit die volgende af: ons is algehele oorwinnaars omdat God ons in Christus Jesus liefhet.

2.1.3.3 Die bepaling van die gedagtegang binne 'n gedagte-eenheid

Die ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n gedagte-eenheid het besondere waarde vir die bepaling van die gedagtegang van daardie gedagte-eenheid. Die bepaling van die gedagtegang van die hele Rm 8 word ter illustrasie hier gedoen:

In die linkerkolom van die onderstaande tabel word die versnommering gegee, in die middelste kolom word die ontleding van die gedagtestruktuur gedoen, in die regterkolom word die gedagtestruktuurontleding vanuit die sintaktiese struktuurontleding (hfst. 4) gemotiveer. Ter wille van die logiese gang word die oorgang van die een gedagte-eenheid na die volgende (wat onder 2.1.3.2 reeds gedoen is) hier herhaal.

Vers	Ontleding van die gedagtestruktuur	Motivering vanuit sintaktiese struktuur=ontleding
1	Op grond van wat in die voorafgaande hoofstukke beredeneer is, kom Paulus tot 'n gevolgtrekking, nl. dat daar geen veroordeling is vir diene wat in Christus Jesus is nie. Hierdie gevolgtrekking is tegelykertyd die grondstelling vir dit wat hy verder in hfst. 8 beredeneer.	Ingelei deur die konkluderende neweskikken=de voegwoord ἄρα.
2-17	Vers 2-17 motiveer die stelling in v.1 soos volg: Jy is bevry van die dood, omdat Christus se lewendmakende Gees in jou woon en jy dus kind en erfgenaam van God is.	Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.
2	Vers 2 lei nie alleen die groter gedagte-eenheid vv.2-17 in nie maar ook 'n kleiner gedagte-eenheid, vv.2-4. Vers 2 is dus die onmiddellike motivering van die voorafgaande vers: daar is geen veroordeling vir diene in Christus Jesus nie, want die lewendmakende regering van Christus se Gees het hulle van die heerskappy van die sonde en die dood bevry.	Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.
3 en 4	Vers 3 en 4 motiveer hoe hierdie bevryding bewerkstellig is en wat die gevolg daarvan is: God het ons onder nuwe heerskappy geplaas, en nou kan ons die eis van die wet vervul.	Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.
3	<p>Hierdie bevryding geskied omdat God dit wat die wet nie kon doen nie, gedoen het.</p> <p>Die wet kon dit nie doen nie; die sondige natuur was die rede vir sy swakheid.</p> <p>Die onmoontlike wat God gedoen het, is dat Hy die sonde veroordeel het.</p> <p>God het die sonde veroordeel deur sy Seun te stuur in gestalte gelyk aan die sondige mens.</p> <p>Die rede waarom Hy sy Seun gestuur het, is die sonde, nl. die veroordeling daarvan.</p> <p>Die plek waar God die sonde veroordeel het, is in/aan die liggaam van sy Seun.</p>	<p>K3.02b word deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ ingelei.</p> <p>K4 is Byvoeging by K1 en vermeld die rede vir die onmag van die wet.</p> <p>K14 is Byvoeging by K1 en is 'n bystelling. K15 is Behandelde by K14.</p> <p>K9 is Bepaling t.o.v. wyse by K14. K10-12 is Bepaling t.o.v. wyse by K9. K13 is Bepaling t.o.v. rede by K9.</p> <p>K16 is Bepaling t.o.v. plek by K14.</p>
4	<p>Die feit dat God die sonde veroordeel het, het iets tot gevolg.</p> <p>Die gevolg van God se optrede is dat ons die eis van die wet kan vervul.</p> <p>Ons kan dit egter alleen doen kragtens die feit dat ons ons nie deur ons sondige natuur laat beheers nie maar deur die Gees.</p>	<p>K4.1 is Bepaling t.o.v. gevolg by K3.14.</p> <p>K4 is Handelende by K1, en K2 en K3 is Behandelde by K1.</p> <p>K5-7 is Byvoeging by K4.</p>
5-8	Vers 5-8 motiveer waarom diene wat hulle deur die Gees en nie deur hulle sondige natuur laat lei nie, die wet kan vervul: die Gees bring lewe en vrede maar die sondige natuur vyandskap met God.	Vers 5-8 word in v.5 deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ ingelei. Hierdie verse motiveer veral K4.1-7.
5	Slegs diene wat κατὰ πνεῦμα is (d.w.s. wat hulle deur die Gees laat lei), kan die eis van die wet vervul, omdat dié wat κατὰ σάρκα is (d.w.s. wat hulle deur hulle sondige natuur laat lei), hulle fokus instel op dit wat die sondige natuur wil; dié wat κατὰ πνεῦμα is, daarenteen, stel hulle fokus in op dit wat die Gees wil.	<p>K2b en K7b (wat deur δέ teenstellend newesgeskik is aan K2b) word deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ ingelei.</p> <p>K5 is Handelendegentief.</p> <p>K10 is Handelendegentief.</p>
6	Die rede vir hierdie stand van sake is dat die fokusinstelling op die sondige natuur, die dood is maar dié op die Heilige Gees lewe en vrede.	<p>K6.02b en K6.06b (wat deur δέ teenstellend newesgeskik is aan K6.02b) word deur die neweskikkende motiverende voegwoord γάρ ingelei.</p> <p>K7.01b word deur die motiverende neweskikkende voegwoord δούτι ingelei.</p>
7	<p>Die fokusinstelling op die sondige natuur is die dood, omdat dit vyandskap teen God is.</p> <p>Dit is vyandskap teen God, want die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet wat God gee nie.</p>	<p>K7b is Bepaling t.o.v. rede (γάρ) by K7.1. K8 is Byvoeging by K6 en is Handelendegentief.</p>

	Die sondige natuur onderwerp hom nie, want hy kan nie.	K9 is Bepaling t.o.v. rede (ingelei deur γάρ) by K7b.
8	Vers 5-7 word in vers 8 opgesom: Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laar beheers, kan die wil van God nie doen nie.	K2b word deur δέ ingelei, wat hier bloot voortsettingfunksie het.
9-11	Vers 9-11 stel egter die teendeel van vers 8; in vers 9-11 word die verlossingsfeit gekonstateer: In julle woon die Gees van God, ja, die Gees van Christus, deur Wie God ook julle sterflike liggame lewend sal maak.	K9.2 word ingelei deur die teenstellende neweskikkende voegwoord δέ.
K9.1-9	Die verlossingsfeit is egter dat julle julle nie deur julle sondige natuur laat beheers nie. Inteendeel, julle laat julle deur die Gees beheers.	Ingelei deur die teenstellende neweskikkende voegwoord δέ. Ingelei deur die teenstellende neweskikkende voegwoord ἀλλά.
K9.10-16	Julle laat julle deur die Gees beheers, aangesien die Gees van God in julle woon. Dit hou in dat 'n mens nie aan Christus behoort, as jy die Gees van Christus nie het nie.	K6 is Bepaling t.o.v. rede (ingelei deur εἶπερ) by K4. Ingelei deur δέ, wat hier bloot voortsettingsfunksie het.
10	Met julle is dit egter anders gesteld: Christus is in julle. Aangesien dit die geval is, is enersyds die liggaam dood. Die rede is die sonde. Maar andersyds is die Gees lewe. Die rede is die regverdiging.	K10 is Bepaling t.o.v. vergelyking by K11b. Ingelei deur die teenstellende neweskikkende voegwoord δέ. K1 is Bepaling t.o.v. rede (ingelei deur εἶ) by K02b en K02c. Ingelei deur korrelatief μέν. K7 is Bepaling t.o.v. rede by K02b. Ingelei deur die korrelatief δέ. K10 is Bepaling t.o.v. rede by K02c.
11	Die implikasie hiervan is die volgende: Hy wat Christus tussen die dooies uit opgewek het, sal ook julle sterflike liggame lewend maak. Hiervoor is die rede: Die Gees van Hom wat Jesus opgewek het, woon in julle. Hierdie lewendmaking sal Hy deur sy Gees doen, wat in julle woon.	Ingelei deur δέ, wat hier bloot voortsettingsfunksie het. K8 is Handelende by K2b. K1 is Bepaling t.o.v. rede (ingelei deur εἶ) by K2b. K14 is Bepaling t.o.v. middele by K2b.
12-17	Op grond van die feit dat die Gees van God in ons woon, kom die opdrag: laat jou lei deur die Gees van God en lewer sō bewys dat jy kind van God is. Vers 12-17 stel dus die verlossingsimperatief.	Vers 12 word ingelei deur dubbele konkluderende neweskikkende voegwoorde, nl. ἄρα οὖν.
12	Die gevolgtrekking uit die feit dat die Gees van God in ons woon, is dat ons wel onder 'n verpligting staan maar nie teenoor ons sondige natuur om ons daardeur te laat lei nie.	Ingelei deur die dubbele konkluderende voegwoorde ἄρα οὖν.
13	Die rede hiervoor is voor die hand liggend: As julle julle deur julle sondige natuur laat beheers, gaan julle sterwe. Maar - julle sal lewe. Die voorwaarde is egter dat julle julle sondige praktyke staak. Julle sal dit egter nie uit julleself kan doen nie maar deur die Gees.	Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ. K1 is Bepaling t.o.v. voorwaarde (ingelei deur εἶ) by K2b. Ingelei deur die teenstellende neweskikkende voegwoord δέ. K4 is Bepaling t.o.v. voorwaarde (ingelei deur εἶ) by K5b. K6 is Bepaling t.o.v. middel by K4.
14	Die rede waarom julle slegs dan sal leef, is dat alleen diegene wat hulle deur die Gees van God laat lei, kinders van God is.	Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.

15	<p>Die rede waarom jou kindskap van God slegs blyk wanneer jy jou deur die Gees van God laat lei, lê in dié opsig dat die Gees wat julle ontvang het, julle tot God se kinders maak; die Gees maak julle dus nie tot slawe nie.</p> <p>Die gevolg is dus nie dat julle God weer moet vrees nie; intendeel, Hy laat ons roep: "Abba".</p>	<p>Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.</p> <p>K1 en K6 is teenstellend newegesik deur ἀλλά.</p> <p>K5 is Bepaling t.o.v. gevolg by K1. Die teenstellende ἀλλά is steeds effektief, en verder is K9 Byvoeging by K7.</p>
16	<p>Vers 16 sit die gedagtegang van vv.14,15 daarin voort dat gestel word dat hierdie selfde Gees saam met ons getuig.</p> <p>Die inhoud van die getuienis is dat ons kinders van God is.</p>	<p>Geen voegwoord of ander sintaktiese binding nie. K1 (αὐτό) bring egter wel 'n gedagtebinding teweeg.</p> <p>K6-8 is Behandelde by K3.</p>
17	<p>Vers 17 kontinueer die beredenering in v.16: Aangesien ons kinders is, is ons ook erfgename.</p> <p>Aangesien ons erfgename van God is, is ons mede-erfgename saam met Christus.</p> <p>Die rede vir hierdie erfgenaamskap is dat ons saam met Christus ly.</p> <p>Gevolgtlik word ons ook saam met Hom verheerlik.</p>	<p>Δέ het voortsettingsfunksie.</p> <p>K1-3 is Bepaling t.o.v. rede (εἰ) by K02b.</p> <p>K03,5 en 6 is Bepaling t.o.v. rede by K04.</p> <p>K9 is Bepaling t.o.v. rede (εἴπερ) by K04.</p> <p>K10 is Bepaling t.o.v. gevolg by K9.</p>
18-30	<p>Vers 18-30 motiveer wat dit beteken om erfgenaam van God en mede-erfgenaam saam met Christus te wees. Dit beteken naamlik dat ons in die huidige bedeling (saam met Christus) ly, maar nie sonder die versekerde uitsig op en intense verlange na God se openbaarmaking in die komende bedeling van ons heerlikheid (saam met Christus) as sy kinders nie.</p>	<p>Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.</p>
18	<p>Vers 18 dien as inleiding en grondstelling vir die motivering van wat dit beteken om erfgenaam van God en mede-erfgenaam saam met Christus te wees: die huidige lyding weeg nie op teen die heerlikheid wat God in die komende bedeling aan ons gaan openbaar nie.</p>	<p>Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.</p>
19-27	<p>Vers 19-27 bied vierderlei motivering waarom die huidige lyding nie teen die komende heerlikheid opweeg nie:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1) Die skepping se gespanne verwagting en versugting (vv.19-22) 2) Ons eie versuggende verlange (vv.23-25) 3) Die Gees sug ook in afwagting (vv.26,27) 4) Ons weet dat God op grond van sy uitverkiesende liefde sy werk end-uit sal volvoer (vv.28-30). 	<p>Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.</p> <p>Δέ het hier voortsettingsfunksie, soos blyk uit die verbinding οὐ μόνον δέ; γάρ van v.19 word dus hier gekontinueer.</p> <p>Δέ het hier voortsettingsfunksie, soos blyk uit die verbinding ὡσαύτως δέ; γάρ van vv.19,23 word dus hier gekontinueer.</p> <p>Δέ het hier voortsettingsfunksie; γάρ van vv.19,23,26 word dus hier voortgesit.</p>
19-22	<p>Die eerste motivering waarom die huidige lyding nie teen die komende heerlikheid opweeg nie: die skepping se gespanne verwagting en versugting dat God bekendmaak wie sy kinders is.</p>	<p>Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.</p>
20	<p>Die rede vir die skepping se gespanne verwagting is die feit dat die skepping in die verlede aan verdeling onderworpe geraak het.</p> <p>Die skepping is nie uit eie beweging onderwerp nie, maar God het dit gedoen.</p> <p>Vir die onderworpe skepping is daar egter 'n uitsig, 'n vaste verwagting.</p>	<p>Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.</p> <p>K4 en K5 is tweeledige Bepaling t.o.v. rede by K2b.</p> <p>K6 is Bepaling t.o.v. gepaardgaande omstandighede by K2b.</p>
21	<p>Die inhoud van die vaste verwagting is dat ook die skepping self bevry sal word.</p> <p>Hy sal naamlik van die verslawing aan die verganklikheid bevry word tot die vryheid wat by die heerlikheid van die kinders van God hoort.</p>	<p>K1 is Byvoeging by K20.6 en is 'n bystelling.</p> <p>K4 is Bepaling t.o.v. verwydering by K1.</p> <p>K6 is Bepaling t.o.v. doel by K1.</p>

22	'n Verdere motivering vir die skepping se versugten- de verwagting is dat ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame kraampyne het tot nou toe.	Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ.
23-25 23	Die tweede motivering waarom die huidige lyding nie teen die komende heerlijkheid opweeg nie: ons eie versuggende verlange dat God bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het. Ja, selfs ons wat die Gees as Eerstelingsgawe reeds besit, selfs ons sug in onself. Hierdie sug is egter nie sonder uitsig nie: ons sug terwyl ons wag dat God openbaar dat Hy ons as sy kinders aangeneem het. Hierdie openbaarmaking van die aanneming tot kinders hou in dat God ons liggaam bevry.	Δέ het hier voortsettingsfunksie, soos uit die verbinding οὐ μόνον δέ blyk, en konti- nueer dus die γάρ van vers 19. K7 is Byvoeging by K3. K11 is Bepaling t.o.v. omstandighede by K2. K10 is Behandelde by K11. K12 is Byvoeging by K10 en is 'n bystelling. K13 is Byvoeging by K12 en is Behandeldege- nitief.
24	Hierdie versekerde uitsien na die aanneming tot kin- ders hang nie in die lug nie; daar is 'n rede waar- om ons dit met reg kan doen. Die rede is dat ons - terwyl ons nou slegs daarop hoop - in die verlede gered is; d.w.s. net soos wat ons 'n vaste verwagting het dat God ons gered het - en dit staan vas dat ons in die verlede gered is -, net so kan ons die vaste verwagting op die aanneming tot kinders oftewel die bevryding van ons liggaam hê. Hieruit kan 'n gevolgtrekking gemaak word oor die aard van hoop (= vaste verwagting): dit is gerig op iets wat nie gesien word nie. Die rede hiervoor is: as iemand iets sien, dan hoop hy tog nie meer daarop nie.	Ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ. K1 is Bepaling t.o.v. omstandighede by K2. K3-6 word deur die konkluderende neweskik- kende voegwoord δέ ingelei. K7-10 word deur die motiverende neweskik- kende voegwoord γάρ ingelei.
25	Uit vv.23,24 vloei nou die samevattende gevolgtrek- king voort: Ons wag met volharding daarop dat God openbaar wat ons nie sien nie, juis omdat ons 'n vaste verwagting het met betrekking tot dit wat ons nie sien nie.	K2b word deur die konkluderende neweskik- kende voegwoord δέ ingelei. K5 is Bepaling t.o.v. wyse by K2. K1 is Bepaling t.o.v. rede by K2. K3-4 is Behandelde by K1.
26+27 26	Die derde motivering waarom die huidige lyding nie teen die komende heerlijkheid opweeg nie: Die Gees sug ook in afwagting op die voleinding. Soos wat die skepping en ook ons sug, sug ook die Gees. Die Gees se sugting hou in dat Hy ons swakheid te hulp kom. Die rede vir ons swakheid is dat ons nie weet wat ons na behore moet bid nie. Maar - en dit is die rede waarom Paulus met reg kan sê dat die Gees ons swakheid te hulp kom - die Gees self pleit vir ons by God met versugtings wat nie onder woorde gebring word nie.	Δέ het hier voortsettingsfunksie, soos uit die verbinding ὡσαύτως δέ blyk, en kontin- ueer dus γάρ van v.19 (en 23). K1. K1 is Bepaling t.o.v. wyse by K2b. K6-10 word deur die motiverende neweskik- kende voegwoord γάρ ingelei. K11-15 word deur die teenstellende neweskik- kende voegwoord ἀλλά ingelei. γάρ van K6-10 is dus ook hierin van toepassing.
27	Die rede waarom bepleiting deur die Gees ons swak- heid te hulp kom, is dat God weet wat die bedoeling van die Gees is. Die rede waarom God weet wat die bedoeling van die Gees is, is dat die Gees in ooreenstemming met die wil van God vir die gelowiges by God intree.	Δέ het hier voortsettingsfunksie en konti- nueer γάρ van K26.7a. K7 is Bepaling t.o.v. rede by K2b.
28-30	Die vierde motivering waarom die huidige lyding nie teen die komende heerlijkheid opweeg nie: ons weet dat God op grond van sy uitverkiesende liefde sy werk end-uit sal volvoer, ja, dat Hy ons sal ver- heerlik. Die vierde motivering hou 'n wete en 'n vierledige motivering van daardie wete in.	Δέ het hier voortsettingsfunksie en konti- nueer γάρ van v.19 (en vv.23,26). K28.2-9 is Behandelde sin by K28.1; K29.1-12, K30.1-4, K30.5-8 en K30.9-12 is 'n vierle- dige Bepalingsin t.o.v. rede by K28.1.

28	<p>Die wete wat as vierde motivering dien waarom die huidige lyding nie teen die komende heerlikheid opweeg nie, is dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.</p> <p>Diegene wat God liefhet, is diegene wat Hy besluit het om te roep.</p>	<p>K28.2-9 is Behandelidesin by K28.1.</p> <p>K7 is Byvoeging by K3 en is 'n bystelling.</p>
29	<p>Die eerste lid van die vierledige motivering van die wete dat God alles ten goede laat meewerk vir diegene wat hom liefhet, is dat Hy diegene wat Hy vooraf geken het, ook bestem het om aan die beeld van sy Seun gelykvormig te wees.</p> <p>Die doel met hierdie bestemming is dat Christus die Eersteling tussen baie broers kan wees.</p>	<p>K29.1-12 is die eerste lid van die vierledige motivering by K28.1.</p> <p>K8 is Bepaling t.o.v. doel by K29.1.</p>
30	<p>Die tweede, derde en vierde lid van die vierledige motivering van die wete dat God alles ten goede laat meewerk vir diegene wat Hom liefhet:</p> <ul style="list-style-type: none"> * Dié wat God vooraf verordineer het, het Hy ook geroep * Dié wat Hy geroep het, het Hy ook regverdig verklaar * Dié wat Hy regverdig verklaar het, het Hy ook verheerlik. 	<p>K1-4 is Bepaling t.o.v. rede by K28.1.</p> <p>K5-8 is Bepaling t.o.v. rede by K28.1.</p> <p>K9-12 is Bepaling t.o.v. rede by K28.1.</p>
31-39	<p>Vers 31-39 geraak tot 'n gevolgtrekking op grond van die hele gedeelte vanaf hsft. 5:1 maar veral op grond van dit wat in die onmiddellik voorafgaande (vv.28-30, veral soos dit in v.30 saamtrek) in verband met God se uitverkiesende liefde beredeneer is. Die gevolgtrekking is: ons is algehele oorwinnaars, omdat God ons in Christus liefhet.</p>	<p>Ingelei deur die konkluderende neweskikkende voegwoord οὐν.</p>
31	<p>Paulus lei die gevolgtrekking in met 'n vraag: wat sal ons dan hieroor sê? oftewel: wat is ons gevolgtrekking hieroor?</p> <p>Vier gevolgtrekkings volg, telkens in die vorm van 'n retoriese vraag gestel.</p> <p>Die eerste gevolgtrekking is: aangesien God vir ons is, wie kan teen ons wees?</p>	<p>Ingelei deur die konkluderende neweskikkende voegwoord οὐν.</p> <p>Die retoriese vrae in vv.31,33,34,35.</p> <p>K4 is Bepaling t.o.v. rede by K01.</p>
32	<p>Vers 32 motiveer waarom niemand (met welslae) teen ons kan wees as Gōd vir ons is nie.</p> <p>Dit is immers Hý wat sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het.</p> <p>Daarom kan ons weet dat Hy saam met sy Seun ons ook alles genadiglik sal skenk.</p>	<p>Die betreklike voornaamwoord ὁς (K1) is wel nie Byvoeging by ὁ θεός (K31.5) nie, maar die blote feit dat die betreklike voornaamwoord gebruik word, dui daarop dat wat in v.32 volg, 'n nadere kwalifikasie is van wat dit inhou dat "God vir ons is".</p> <p>K1 is Handelende by K5b.</p> <p>K5b is deur ἀλλά teenstellend newegesik aan K4.</p> <p>K1 is Handelende by K9. Indien die vraag in K9 'n stelling gemaak word, word dit 'n gevolgtrekking. Met die retoriese vraag word dus 'n gevolgtrekking gemaak.</p> <p>Geen sintaktiese binding nie. Die feit dat dit egter die tweede vraag naas K31.4-8 is, dui daarop dat dit die tweede gevolgtrekking is op die inleidende vraag in v.31.</p> <p>Geen sintaktiese binding nie, maar indien die vraag (K33.1-4) 'n stelling gemaak word, word die antwoord daarop (K33.5-6) 'n motivering vir die stelling.</p>
33	<p>Die tweede gevolgtrekking op die inleidende vraag in v.31 is:</p> <p>Niemand sal beskuldiging teen die uitverkorenes van God kan inbring nie. En die rede is: God het ons regverdig verklaar!</p>	<p>Geen sintaktiese binding nie. Die feit dat dit die derde vraag is, dui egter daarop dat dit die derde gevolgtrekking op die inleidende vraag in v.31 is.</p> <p>Geen sintaktiese binding nie, maar indien die vraag (K34.1-2) 'n stelling gemaak word, word die antwoord daarop (K34.3-14) 'n motivering vir die stelling.</p>
34	<p>Die derde gevolgtrekking op die inleidende vraag in v.31 is: niemand kan veroordeel nie.</p> <p>En die rede is dit wat Christus Jesus gedoen het.</p>	<p>Geen sintaktiese binding nie, maar indien die vraag (K34.1-2) 'n stelling gemaak word, word die antwoord daarop (K34.3-14) 'n motivering vir die stelling.</p>

	Dit wat Christus gedoen het, behels vier sake waar= van die een telkens nog wonderliker as die vooraf= gaande is: * Hy het gesterf. Maar nog meer as dit! * Hy is opgewek! * Ja, Hy sit aan die regterhand van God! * Ja, Hy pleit vir ons by God!	K5,7,8-11 en 12-14 is vierledige Gekoppelde by K3.
35	Die vierde gevolgtrekking op die inleidende vraag in v.31 is: niemand kan ons van die liefde in Christus skei nie! Hierdie niemand omvat die volgende: Lyding, benou= heid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en swaard.	Geen sintaktiese binding nie. Die feit dat dit die vierde vraag is, dui egter daarop dat dit die vierde gevolgtrekking op die inlei= dende vraag in v.31 is. K6-12 is 'n seweledige Byvoeging by K1 en is 'n bystelling.
36	Vers 36 motiveer waarom daar dinge is wat ons wel van die liefde van Christus probeer skei. Die rede is naamlik dat God laat opteken het dat: * ons ter wille van Hom die hele dag lank met die dood bedreig word; * ons word as slagskape gereken.	K36.1 word deur die motiverende neweskikkende voegwoord καθώς ingelei. K2-5 en K6-8 is tweeledige Behandelde by K1.
37	MAAR - ten spyte van die feit dat so baie dinge ons van die liefde van Christus probeer skei - is ons in al hierdie dinge algehele oorwinnaars. Die rede vir ons oorwinning is God se liefde vir ons.	K1b word deur die teenstellend neweskikkende voegwoord αλλά ingelei. K4 is Bepaling t.o.v. rede by K1. K5 is Be= handelde by K4.
38+39	Die rede waarom Paulus met soveel stelligheid kan beweer dat God se liefde die grond vir ons algehele oorwinning is, is dat hy oortuig is dat nie dood, lewe, engele, magte, teenswoordige of toekomstige dinge, kragte, hoogte, diepte of enige ander skep= sel ons sal kan skei van God se liefde nie. Hierdie liefde van God is dië wat in Christus Jesus, ons Here, is.	K1 word deur die motiverende neweskikkende voegwoord γάρ ingelei. K38.2-39.14 is Behandelde sin by K38.1. K38.3-39.5 is tienledige Handelende by K38.2. K39.7 is Behandelde by K38.2, en K39.6 is Behandelde by K39.7. K8 is Bepaling t.o.v. verwydering by K7. K10 is Byvoeging by K8 en is 'n bystelling.


2.1.4 Die beoordeling van 'n gedagtestruktuurontleding op grond van 'n sintak= tiese struktuurontleding

Die ontwerpte metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur kan met welslae as verwysings- en motiveringsraamwerk dien vir die beoordeling van 'n gedagte= struktuurontleding, terwyl 'n gedagtestruktuurontleding weer as kontrole vir 'n sintaktiese struktuurontleding kan dien. Hieruit blyk opnuut die noodsaaklik= heid van gedurige wisselwerking tussen sintaktiese en gedagtestruktuurontleding (vgl. hfst. 2, 3.2.4). Verder blyk ook die onderlinge afhanklikheid van oorwe= gings vanuit hierdie twee fasette van taal.

Ter illustrasie word 'n ontleding van die gedagtestruktuur van Rm 8:28-30 deur Coetzee (1980,1) gegee en bespreek:


GRONDSTELLING

28) (1) οὐδαμην δὲ ὅτι




BEWYSVOERING VIR GRONDSTELLING

29) Vanaf God se voorneme eἰς ἀγαθόν ὅτι



Vgl. 8:17a

30) Vanaf God se roeping eἰς ἀγαθόν



Vgl. 8:17b

Tereg vertoon Coetzee se ontleding 'n groot tweedeling: in vers 28 word die grondstelling gegee en in vers 29 en 30 word hierdie grondstelling gemotiveer. Voordat hierdie struktuurontleding van Coetzee geraadpleeg is, is vers 29 en 30 as Behandeldesinne by οὐδόμεν (v. 28) geïnterpreteer. Coetzee toon egter oortuigend aan dat ὅτι in vers 29 as onderskikkende motiverende voegwoord ge= neem moet word. Daarom is die sintaktiese struktuurontleding van Rm 8:28-30 (p.140-2) dienooreenkomstig verander.

Die skakeling tussen Coetzee se kolon 28.2 en kolon 28.4 is sintakties korrek, aangesien kolon 28.4 Byvoeging by kolon 28.2 is. Daar is egter nie sintaktiese grond vir die skakeling tussen kolon 28.5 en vers 29 nie, asook nie vir dié tus= sen kolon 28.4 en vers 30 nie. Vers 29 en 30 motiveer nie in die eerste plek onderskeidelik kolon 28.5 en kolon 28.4 nie maar motiveer kolon 28.1, met inbe= grip van sy hele Behandeldesin (ὅτι τοῦς ... κλητοῦς οὐσιν). Dit blyk dus dat insigte vanuit die semantiese en die morfologiese faset van taal komplementêrend is by insigte vanuit die sintaktiese faset van taal.

Coetzee se identifikasie van kolon 29.3 en kolon 29.4 met kolon 28.3 kan sintak= ties gehandhaaf word, aangesien sowel εἰς ἀγαθόν (v. 28) as die twee sinsdele van vers 29 Bepalings t.o.v. doel is by 'n Handeling waarvan God die Handelende is (v. 28: συνεργεῖ; v. 29: προώρισεν).

Coetzee se identifikasie van ἐδόξασεν in kolon 30.3 asook kolon 29.3 en kolon 29.4, met εἰς ἀγαθόν in kolon 28.3, kan nie sintakties gemotiveer word nie. Die identifikasie kan egter ook nie sintakties ongeldig verklaar word nie. Lo= gies is die identifikasie korrek: God laat alles vir sy geroepenes ten goede mee= werk, in dié opsig dat hy hulle (uiteindelik) verheerlik. Coetzee (1980,1) toon verder aan dat kola 29.3, 29.4 en 30.3 met kolon 28.3 geïdentifiseer moet word, aangesien die inhoud van hierdie kola 'n duidelike terugspeling op Rm 8:17 is, soos uit die vergelykende tabel op die teenoorstaande bladsy blyk.

Uit die voorgaande bespreking blyk dit opnuut dat 'n finale sintaktiese struk= tuurontleding van 'n gedagte-eenheid nie onafhanklik van oorwegings vanuit die semantiese, die morfologiese en die leksikale faset van taal gemaak kan word nie. Ook die omgekeerde blyk: 'n sintaktiese struktuurontleding dien op sy beurt as fundering en kontrole vir verbande wat in die teks op ander as sintak= tiese gronde geponeer word.

Vers 17	Vers 28-30
ἔσμέν τέκνα θεοῦ	προώρτισεν συμμόρφους τῆς εἰκόνης τοῦ υἱοῦ αὐτοῦ ... ἐν πολλοῦς ἀδελφοῦς
κληρονόμοι θεοῦ	(ὁ θεός) πάντα συνεργεῖ εἰς ἀγαθόν
συγκληρονόμοι Χριστοῦ	εἰς τὸ εἶναι αὐτὸν πρωτότοκον ἐν πολλοῦς ἀδελφοῦς
ἕνα καὶ συνδοξασθῶμεν	τούτους καὶ ἐδόξασεν

2.2 Die waarde vir die amptelike vertaling van die Nuwe Testament

- 2.2.1 Die vertaling van die Griekse Nuwe Testament
- 2.2.2 Die plek van die sintaktiese faset van taal by vertaalwerk
- 2.2.3 'n Sintaktiese struktuurontleding as motiverings- en verwysingsraamwerk in die proses van vertaling
- 2.2.4 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis vir 'n vertaalmetode
- 2.2.5 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk vir vertalingsvergelyking en beoordeling

2.2.1 Die vertaling van die Griekse Nuwe Testament

Om die Griekse Nuwe Testament te vertaal is om aan die nuwe lesers in die nuwe taal dieselfde boodskap deur te gee as wat die outeur - en dus die Heilige Gees - aan sy eerste lesers wou deurgee. Hiertoë word algemeen veral drie vertaalmetodes gebruik, nl. formele gelykheid, parafrase en dinamiese gelykheid.

Die metode van formele gelykheid wil soveel moontlik van die woordorde, sinsorde en morfologiese woordsoorte van die oorspronklike taal behou.³⁾ Die ontvangerstaal beklee dus in hierdie metode nie sy regmatige posisie nie, en gevolglik is dit nie moontlik om dieselfde boodskap met dieselfde mate van duidelikheid aan die nuwe lesers deur te gee nie. Die handhawing van die vorm van die oorspronklike taal verseker nie dat dieselfde boodskap duidelik aan die nuwe lesers deurgegee word nie.

Parafrase as vertaalmetode neig weer na 'n ander uiterste: terwyl die vertaalmetode van formele gelykheid die eienaardighede van die ontvangertaal onderwaar-

3) Skrywers wat in mindere of meerdere mate voorstanders van hierdie vertaalmetode is, is onder andere Murray (1978,132), Thomas (1978,58), Steele (1978,69), Weeks (1978,108) en Fisher (1978,25).

deur of misken, oorbeklemtoon die parafrasemetode die plek wat die ontvanger=taal in vertaling moet speel. Min premie word op die eenheid van vorm en inhoud van die grondtaal gestel.

Die metode van dinamiese gelykheid wil 'n balans handhaaf: die eenheid van vorm en inhoud van die oorspronklike taal word verbreek ter wille daarvan dat die mense vir wie vertaal word, verstaan. Volgens hierdie metode is daar dus 'n poging om aan die ontvangertaal sy regmatige posisie te gee, deurdat die eindproduk onder andere die tipiese sintaktiese struktuur van die ontvangertaal vertoon.⁴⁾

Die vertaalmetode van dinamiese gelykheid is 'n metode waarvolgens waarlik 'n vertaling bereik kan word. Die volgende wesenlike kwalifikasie is egter onmisbaar: die verbreking van die eenheid van vorm en inhoud van die oorspronklike taal moet alleenlik plaasvind wanneer die strukture van die ontvangertaal dit noodsaak en selfs dan moet die verbreking gemotiveerd wetenskaplik en gevolglik kontroleerbaar wees.

2.2.2 Die plek van die sintaktiese faset van taal by vertaalwerk

Die plek van die sintaktiese faset van taal in die algemeen, die plek daarvan in die onderrig van Grieks aan voornemende predikante en die plek daarvan in eksegetiese impliseer ook reeds die plek daarvan by vertaalwerk. Tog is dit nodig om die plek van die sintaktiese faset by vertaalwerk nader aan te dui.

Die blote feit dat die eindproduk by vertaalwerk die tipiese sintaktiese struktuur van die ontvangertaal moet vertoon, dui op die baie kardinale plek wat die sintaktiese faset van taal by vertaalwerk behoort te beklee. Robertson (1923, 389) is dieselfde mening toegedaan soos uit die volgende stelling blyk: "Syntax is not translation, though it is the only safe way to reach a translation".⁵⁾

Die verskillende sintaktiese aanpassings wat deur vertaalkundiges in vertaling as baie belangrik beskou word, onderstreep hoe belangrik die sintaktiese faset van taal by vertaalwerk is. Ter illustrasie hiervan word Nida, Nida & Taber

4) Voorstanders van hierdie metode sluit die volgende in: Bratcher (1978,149), Dillard (1978,94-104), Fehderau (1979,402), Ladd (1967,88), Louw (1974,88), Mickelsen (1963,5), Nicole (1978,13), Nida (1954,221; 1972,88; 1978,4), Nida & Taber (1974,4-6,12-30,112,173), Phillips (1978,80-90), Roberts (1974,18), Thiselton (1977,96,309), Uhlenbeck (1962,29) en Wonderly (1968,ix,23,144).

5) Die belangrikheid van die sintaktiese faset van taal by vertaalwerk word ook beklemtoon deur Peiser (1974,51), Martin (1972,222), Stork (1974,96+97) en Barr (1961,265,269).

en Wonderly oor enkele punte aangehaal:

Nida (1975b,75): ... the special structure of Greek ... permits long sentences made up of several clauses which are rather intricately combined. (It is) often necessary to cut many of the longer sentences into short ones, to repeat the subject and object nouns, and to express the conjunctions by rather cumbersome paraphrases.

Nida & Taber (1974,166,168) sê dat die volgende sintaktiese aanpassings en uitbreidings by vertaalwerk nodig is:

1. eksplisiete aanduiding van die Handelende by gebeure;
2. identifikasie van objekte/gebeure met abstrakte;
3. meer eksplisiete aanduiding van relasiewoorde;
4. invoeging van elipse;
5. weglating van voegwoorde as gevolg van weglating in die ontvangertaal.

Wonderly (1968): The connections between immediate constituents therefore need to be clear, and the participants and their roles made explicit (p.145).

We are not so much concerned with sentence length per se as with clause length and the type of relationships between clauses (p.173).

Wonderly (1968,181) gee vier beginsels t.o.v. die "combining clauses into sentences" wat die vertaler in ag moet neem. Al vier hierdie beginsels veronderstel baie deeglike sintaktiese ontleding van die oorspronklike teks, met gemotiveerde aanpassing in dié van die ontvangertaal. Hierdie vier beginsels is:

1. Overall sentence length should be within the general norms of adult usage; ... less information per sentence, and hence more sentences.
2. Embedding of clauses should be avoided.
3. When a subordinate clause precedes an ... independent clause, the former should not be unduly long, and when possible it should contain some form that will serve as a predictor and explicitly indicate a main clause is to follow.
4. Potential terminal points should be used so as to help the reader.

Elders gee Wonderly (1968,169) ook 'n opsomming van "main principles involved in eliminating or minimizing structural ambiguities". Die geslaagde toepassing van al hierdie beginsels veronderstel insig in die sintaktiese struktuur van

die grondteks. Hierdie beginsels is:

1. Alertness to presence of ambiguities.
2. Carefull use of pronominal forms and other anaphoric substitutes.
3. Attention to immediate-constituent relationships.
4. Use of transforms or alternative translations in which implicit information are made explicit.
5. Use the context to delimit meanings.
6. Exploitation of grammatical features of order and agreement to make the intended meaning the only possible one or the most probable one.

Uit al die bostaande aanhalings is dit duidelik watter kardinale plek die sintaktiese faset van taal by vertaalwerk beklee.

2.2.3 'n Sintaktiese struktuurontleding as motiverings- en verwysingsraamwerk in die proses van vertaling

Die kardinale plek van die sintaktiese faset van taal by vertaalwerk impliseer dat daar in die proses van vertaling behoefte is aan 'n bondige en duidelike sisteem aan die hand waarvan , met verwysing waarna en op grond waarvan 'n bepaalde vertaling gemotiveer kan word. Die noodsaak van en behoefte aan sodanige basis en verwysings- en motiveringsraamwerk word goed geïllustreer deur die volgende opmerking van Fehderau (1979,401):

Most translators understand the importance of modifying the form of the original language in order to preserve the most accurate meaning possible in the receptor language But it is still largely beyond the ability of all but the most experienced translators to carry out the kind of work required to find ... the structure of a complex expression. As a result, many translators do not feel fully equipped to do adequate work.


Die ontwerpte metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur voldoen hopelik aan hierdie behoefte. 'n Sintaktiese struktuurontleding van 'n gegewe teksge-deelte op grond van die metode hierbo uitgewerk, kan met welslae as sodanige basis en motiverings- en verwysingsraamwerk gebruik word, aangesien dit die insig in die sintaktiese struktuur eksplisiet maak en die nodige terminologie beskikbaar stel om verwysing en motivering eenvoudig, bondig en duidelik te maak.

In die proses van vertaling kan eerstens die sintaktiese struktuur van die betrokke gedeelte op grond van kursoriese eksegese ontleed word. Hierdie voor-

lopige struktuurontleding kan as basis en verwysingsraamwerk vir die detaileksegese dien. Wanneer die eksegese afgehandel is, word finale beslag aan die ontleding gegee.

Wanneer die vertalers oor sodanige ontleding ooreengekom het, is 'n baie groot en belangrike deel van die vertaler se werk afgehandel. Wat hom verder te doen staan, is sintaktiese transkripsie en hervulling van sintaktiese komponente (soos in 2.2.4 hieronder verduidelik word) en die uiteindelijke vertaling van die teksgedeelte. In die arbeid rondom hierdie hervulling van die sintaktiese komponente en die finale beslaggewing van die vertaling kan die sintaktiese struktuurontleding met welslae as motiverings- en verwysingsraamwerk gebruik word.

Ter illustrasie hiervan word die volgende gedeelte uit Rm 8:15 (soos in hfst. 4 ontleed) gegee:



Met bostaande sintaktiese struktuurontleding as motiverings- en verwysingsraamwerk kan die volgende vertaling van die versgedeelte soos volg beredeneer word:

Beredenering: K15.1 word deur die neweskikkende motiverende voegwoord γὰρ ingelei en daarom verskyn in die Afrikaanse vertaling immers. K15.3 is Byvoeging by K15.2, maar omdat 'n selfstandige naamwoord as Byvoeging vir die gemiddelde Afrikaanssprekende moeilik begrypbaar is, word die morfologiese konstruksie van hierdie Byvoeging verander tot 'n byvoeglike bysin ('n Gees wat julle tot slawe maak). Die julle in die byvoeglike bysin word op grond van die bedoeling van die skrywer kragtens die konteks bygevoeg.

Vertaling: Julle het immers nie 'n Gees ontvang wat julle tot slawe maak nie.


'n Voordeel van hierdie werkwyse is dat 'n medevertaler onmiddellik kan vasstel waar en waarom sy eie vertaling nie ooreenstem nie. 'n Verskilpunt kan dus presies en - indien dit met betrekking tot die benoeming van 'n sintaktiese funksie is - visueel gelokaliseer word.

2.2.4 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis vir 'n vertaalmetode


Die ontwerpte sintaktiese struktuurontledingsmetode kan met welslae as basis gebruik word vir 'n metode om die Griekse Nuwe Testament só te vertaal dat die eindproduk 'n getroue dinamies ekwivalente vertaling is, sonder om van die metode van terugtransformasie tot vermeende kernsinne in die sogenaamde diepte-struktuur - soos deur Nida & Taber (1974) voorgestel en toegepas - gebruik te maak.⁶⁾

Die ontleding van sintaktiese struktuur maak dit naamlik moontlik dat by vertaling eers 'n sintaktiese transkripsie as tussenstep gemaak kan word. Daarna kan die afsonderlike sintaktiese komponente - met behoud van hulle sintaktiese funksies - met die ontvangertaal se mees gepaste konstruksies gevul word.

Hierdie vertaalmetode van sintaktiese transkripsie en hervulling van sintaktiese komponente kan aan die hand van die eerste gedeelte van Rm 8:15 goed geïllustreer word:



Nadat die sintaktiese struktuur soos hierbo ontleed is, is die eerste stap in hierdie vertaalmetode dat die betrokke gedeelte sintakties getranskribeer word:



Die tweede stap is dat die komponente met die mees gepaste morfologiese woordsoorte en/of konstruksies gevul word:

1. K1: Handhaaf werkwoord
2. K2: Handhaaf selfstandige naamwoord
3. K3: In plaas van die selfstandige naamwoord in die genitief om 'n gebeure uit te druk, liever 'n byvoeglike bysin.

Die gevolglike vertaling is: "Julle het nie 'n Gees ontvang wat (julle) tot slawe maak nie".

Die sintaktiese funksie van elke komponent is behou, maar wat morfologiese

6) Vergelyk Nida & Taber se definisie van oppervlakstruktuur (1974,207) en hulle gedeelte oor kernsinne en transformasie (1974,39-55,183,184).

konstruksie betref, is elk met Afrikaans se mees gepaste konstruksie gevul.

Hierdie vertaalmetode is minder ingewikkeld as die metode van dinamiese gelykheid soos beoefen deur Wonderly (1968,52,153), Nida (1972,87), Nida & Taber (1974,33) en hulle navolgers en soos voorgestaan deur Roberts (1974,13-5). Hierdie vertaalmetode van dinamiese gelykheid hou basies die volgende drie stappe in:

1. die ontleding in basiese konsepte en terugtransformasie tot vermeende kernsinne van die teksgedeelte in die grondtaal;
2. die oordrag ("transfer") tot ekwivalente kernsinne in die ontvanger-taal;
3. die herstrukturering tot die verlangde oppervlakstruktuur in die ontvangertaal.

Afgesien van die feit dat die geldigheid en/of wenslikheid van hierdie proses van terugtransformasie⁷⁾ ten regte deur sekere wetenskaplikes - onder wie Thielton (1977,98), Deist (1978,263,264), Nel (1979,38) en Snyman (1979,9) - betwyfel word, is dit ook 'n onnodig gekompliseerde metode om 'n dinamies gelyke vertaling te bereik. Verder het dit veral die nadeel dat nie met die teks voorhande gewerk word nie maar met 'n vermeende dieptestruktuur daaragter of daaronder.

2.2.5 'n Sintaktiese struktuurontleding as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk vir vertalingsvergelyking en -beoordeling

Vertalingsbeoordeling en -vergelyking is belangrik in alle eksegetiese en vertaalwerk. Dit is egter belangrik dat hierdie vergelyking en beoordeling op 'n vaste basis en aan die hand van 'n geldige en eenvoudige motiverings- en verwysingsraamwerk geskied.

Die beredenering hierbo van die geslaagde gebruik van 'n sintaktiese struktuurontleding as basis vir 'n vertaalmetode en as motiverings- en verwysingsraamwerk in die proses van vertaling impliseer reeds dat 'n sintaktiese struktuurontleding met welslae as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk vir vertalingsvergelyking en -beoordeling gebruik kan word.

Ter illustrasie word sodanige vertalingsvergelyking en -beoordeling ten opsigte


7) Die vader van hierdie praktyk van terugtransformasie en die teorie daaragter is Chomsky. Hy sê byvoorbeeld: "... in order to understand a sentence it is necessary to know the kernel sentences from which it originates ... and the phrase structure of each of these elementary components, as well as the transformational history of the development of the given sentence from these kernel sentences" (1957,92).

van Rm 8:17 gedoen.⁸⁾

2.2.5.1 Die Griekse teks en vier Afrikaanse vertalings

Grieks:	εἰ δὲ τέκνα, καὶ κληρονόμοι· κληρονόμοι μὲν θεοῦ, συγκληρονόμοι δὲ Χριστοῦ, εἴπερ συμπάσχομεν ἵνα καὶ συνδοξασθῶμεν
Eie vertaling:	Voorts, aangesien ons kinders is, is ons ook erfgename. Aangesien ons erfgename van God is, is ons mede-erfgename saam met Christus. Ons ly immers saam met Hom, met die gevolg dat ons ook saam met Hom verheerlik sal word.
1933-Afrikaans:	... en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.
1979-Afrikaans:	En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, mede-erfgename van Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.
Lewende Nuwe Testament:	As ons God se kinders is, dan is ons ook sy erfgename want ons sal saam met Christus al die rykdomme van God erf. As ons saam met Christus ly, sal ons ook deel kry van die eer wat God vir Hom sal gee.

2.2.5.2 Sintaktiese struktuurontleding van die Griekse teks en motivering van eie vertaling



K02b is veronderstelde Koppeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die newe-skikkende voegwoord $\delta\acute{\epsilon}$, wat hier bloot voortsettingsfunksie het. $\Delta\acute{\epsilon}$ dui dus aan dat die voorafgaande beredenering in vers 17 voortgesit word. Daarom word die vertaling met voorts begin.

K1+3 is Bepaling t.o.v. rede by K02b en word daarom met aangesien ons kinders

8) Nida & Taber (1974,134-45) vergelyk en beoordeel die Revised Standard Version en die New English Bible. Hierdie vergelyking en beoordeling sou op baie punte met groter welslae aan die hand van 'n sintaktiese struktuurontleding kon geskied.

is vertaal. K4 is Gekoppelde by K02b. K04 is veronderstelde Koppeling in 'n selfstandige sin. K03 is veronderstelde Koppeling in 'n Bepalingsin t.o.v. rede by K04; daarom word K03 en K5-6 met aangesien ons erfgename van God is vertaal.

K6 is Byvoeging by K5. Omdat die uitdrukking erfgenaam van iemand in Afrikaans geen twyfel laat dat die genitief van iemand 'n Handelendegenitief is nie, word die Griekse θεοῦ bloot met van God weergegee.

K7 is Gekoppelde by K04. K04 en K7 word daarom met ons is mede-erfgename vertaal. K8 is Byvoeging by K7. Dit is egter nodig om K8 anders as 'n blote genitief te vertaal, aangesien die uitdrukking mede-erfgenaam van Christus in Afrikaans nie net moeilik verstaanbaar is nie maar ook vir misverstand vatbaar is. Daarom - en op grond van die voorsetel σὺν- in K7 - word K7-8 vertaal met mede-erfgename saam met Christus.

K9 is Bepaling t.o.v. rede by K04. K9 gee dus die rede waarom ons mede-erfgename saam met Christus is. Aangesien die sin egter in Afrikaans lank en gekompliseerd word, word K9 as 'n selfstandige newegeskikte motiverende sin vertaal (Immers ...).

K10 is Bepaling t.o.v. gevolg by K9 en vermeld dus die gevolg van ons saamlyde. Daarom word dit ook as 'n bywoordelike bysin van gevolg vertaal.

2.2.5.3 Vergelyking en beoordeling van die ander drie vertalings

2.2.5.3.1 1933-vertaling

Die 1933-vertaling is gedoen volgens die formele gelykheidsvertaalmetode, wat onder andere inhou dat die morfologiese konstruksies van die grondtaal onveranderd behou is. Die gevolg hiervan is dat dit vir die gemiddelde Afrikaanse leser nie duidelik is hoe die verskillende komponente skakel en wat hulle sintaktiese funksies is nie. Verder is hierdie vertaling één gekompliseerde sin wat die verstaan daarvan by die eerste lees erg bemoeilik en selfs by meerdere lees steeds moeilik interpreteerbaar maak.

Hierdie vertaling neem K1+3 verkeerdelik as Bepaling t.o.v. voorwaarde. K5 en K7 word verkeerdelik as tweeledige Byvoeging by K4 vertaal. Die vertaling van K8 is egter - soos onder 2.2.5.2 hierbo aangetoon is - onbevredigend, moeilik

en dubbelsinnig. Hoe K9 met die voorafgaande bind, is nie duidelik nie en die as naamlik is moeilik verstaanbaar. K10 word korrek as Bepaling by K9 vertaal maar verkeerdelik as Bepaling t.o.v. doel.

2.2.5.3.2 1979-vertaling

K5-6 is nie as Bepalingsin t.o.v. rede vertaal nie. Tog is die vertaling van K5-6 en K7-8 goed, aangesien die bedoeling van die oorspronklike goed weergegee word. As gevolg van hierdie vertaling van K5-6 en K7-8 word die binding van K9 met die voorafgaande egter problematies. K8 is - soos in die geval van die 1933-vertaling - onbevredigend vertaal: mede-erfgename van Christus beteken vir die gemiddelde Afrikaanssprekende dat Christus ons saam met ander laat erf. Kragtens die konteks en die konstruksie is dit egter nie die bedoeling nie.

K9 is korrek as Bepaling t.o.v. rede vertaal maar verkeerdelik as Bepaling by K10. K10 word verkeerdelik as 'n selfstandige sin vertaal; daar is geen getuieis dat hierdie morfologiese konstruksie (ὃνα + konjunktief) op sodanige wyse deur Paulus in 'n selfstandige sin gebruik word nie.

2.2.5.3.3 Die Lewende Nuwe Testament

Die Lewende Nuwe Testament dien hom as 'n parafrase aan. Daarom word slegs op die sintaktiese binding tussen komponente en selfstandige sinne kommentaar gelewer en nie op eksplisering van komponente nie.

Soos in die geval van die 1933-vertaling vertaal ook die Lewende Nuwe Testament K1+3 verkeerdelik as Bepaling t.o.v. voorwaarde.

K7 word verkeerdelik as Bepaling t.o.v. rede vertaal. Daar is geen sintaktiese grond daarvoor nie. K8 is egter baie goed geparafraseer met saam met Christus ... erf.

K9 is korrek as Bepaling vertaal maar verkeerdelik as Bepaling t.o.v. voorwaarde en verkeerdelik as Bepaling by K10. K10 is soos in die 1979-vertaling vertaal - vergelyk die kommentaar daarop hierbo.

2.3 Die waarde vir die prediking van die Nuwe Testament

- 2.3.1 Die prediking van die Nuwe Testament
- 2.3.2 Die bepaling van die kernvers(e) van 'n gedagte-eenheid
- 2.3.3 Die formulering van die tema vir die prediking
- 2.3.4 Die samestelling van die preekskets

2.3.1 Die prediking van die Nuwe Testament

Prediking is die verkondiging van die evangelie. Dit is sodanige uitleg van die Skrif dat die Skrif die mens in sy lewenswerklikheid aanspreek. Die prediking is dus die diens waarmee die Here sy kerk op aarde tot geboorte bring én aan die lewe hou (Van der Walt 1977,1,11).

Hierdie verkondiging vind sy beslag in preke. 'n Preek is nie 'n relaas van algemene Skrifwaarhede nie maar Skrifwaarhede soos dit binne die algehele openbaring in 'n gedagte-eenheid staan. Tereg sê Van der Walt (1977,12) dat dit in 'n preek gaan om dit wat God aan die mens wil sê. Dit is die doel waarmee die Heilige Gees die betrokke Skrifgedeelte in die Heilige Skrif geplaas het. Die preek moet op hierdie doel konsentreer. Dit hou in dat die doel van die gedagte-eenheid vasgestel moet word en dat die preek op dieselfde doel by die hoorders gerig moet word. Prediking is dus 'n uitleg van die boodskap van die Heilige Gees in die betrokke gedagte-eenheid - normaalweg soos hierdie boodskap in 'n kernvers (of kernverse) saamtrek - vir die werklike situasie van die gemeente (in aansluiting by Van der Walt 1977,12).

Die term kernvers(-e) word hier gebruik in plaas van die meer gebruikelike teks, aangesien teks - vanweë die feit dat dit 'n verskeidenheid betekenismoontlikhede het - verwarrend is. Kernvers(-e) daarenteen sê presies wat met die term bedoel word: dié vers(-e) waarin die Godsopenbaring van 'n gedagte-eenheid saamgetrek of ontsluit word.

Dit bring mee dat die onverminderbare verantwoordelikheid van die prediker die bediening van die Woord is.

Uit hierdie bondige uiteensetting van die ter saaklike wesensaspekte van die prediking en dus van die taak van die prediker, blyk dit hoe belangrik die eksegeese van die Skrif vir die prediking is. Die onmisbare rol wat die ontleding van sintaktiese struktuur in hierdie eksegeese speel, is in die voorgaande (2.1) aangedui. Die waarde van die ontleding van sintaktiese struktuur strek egter verder as blote eksegeese. Ook vir die prediking van die Nuwe Testament het dit

besondere waarde, veral ten opsigte van die bepaling van die kernvers(-e) van 'n gedagte-eenheid, die formulering van die tema vir die prediking en die samestelling van die preekskets. Dat dit die geval is, word vervolgens toegelig.

2.3.2 Die Bepaling van die kernvers(-e) van 'n gedagte-eenheid

Die kernvers (of kernverse) van 'n gedagte-eenheid is die vers (of verse) waarin die Godsopenbaring van die gedagte-eenheid saamgetrek of ontsluit word (vgl. Van der Walt 1980,15). Die bepaling van die kernvers(-e) van 'n gedagte-eenheid is dus 'n baie belangrike stap vir die prediking. Hierdie kernvers gee immers die tema vir en bepaal die ontplooiing van die preek (Van der Walt 1980,17).

Van der Walt (1980,21) en Jonker (1976,70) beklemtoon dat die keuse van 'n kernvers vir die prediking nie 'n willekeurige saak is nie. Van der Walt (1980,21) sê tereg dat uiteindelijke tekskeuse voorafgaande indringende eksegetiese vereis, wat moet aantoon wat die gedagtegang en sentrale openbaring en telos van die Skrifgedeelte is.

Dit is juis in hierdie opsig dat die ontleding van sintaktiese struktuur besondere waarde het. Ter illustrasie van hierdie waarde word aangetoon hoe 'n sintaktiese struktuurontleding bydra tot die bepaling van 'n kernvers met die oog op die prediking van Rm 8:1-30.

Die ontleding van die gedagtestruktuur van Rm 8 (2.1.3 hierbo) is op grond van die sintaktiese struktuurontleding daarvan (hfst. 4) gedoen.

Hierdie ontleding van die gedagtestruktuur laat blyk dat Rm 8:14 nie slegs van Rm 8:12-17 die kernvers is nie maar dat dit ook die kernvers van die hele Rm 8:1-30 is. (Ook vers 31-39 kan hierby geneem word, maar dit hoort as klimaktiese gevolgtrekking nie slegs by Rm 8:1-30 nie maar ook by die hele gedeelte van Rm 5 af.)

Dat Rm 8:14 inderdaad 'n kernvers, 'n knooppunt van Rm 8:1-30 is, blyk soos volg uit die gedagtestruktuurontleding:

Vers 14 is die kernvers van die gedagte-eenheid vers 12-17. Dit blyk uit die feit dat die gedagtestruktuurontleding aantoon dat hierdie gedagte-eenheid

beheers word deur die opdrag dat die gelowige hom deur die Gees van God moet laat lei en so bewys dat hy kind van God is. Hierdie tema is in vers 14 ("Diegene wat hulle deur die Gees van God laat lei, hulle is kinders van God") volledig terug te vind.

Die gedagtestruktuurontleding laat verder blyk dat al die belangrike momente van elke kleiner gedagte-eenheid van Rm 8:1-39 in Rm 8:14 terug te vind is:

1. In vers 1-4 openbaar die Heilige Gees op grond waarvan dit moontlik is dat die gelowige in staat is om hom deur die Heilige Gees te laat lei; kortweg: omdat hy in Christus is.
2. In vers 5-8 word gemotiveer hoekom diegene wat hulle deur die Gees en nie deur hulle sondige natuur laat lei nie, die wet kan vervul; kortweg: die Gees bring lewe en vrede, maar die sondige natuur bring vyandskap met God.
3. In vers 9-11 openbaar God wat die verhouding tussen die Gees en die gelowige is en wat die funksie van die Gees ten opsigte van die gelowige is: die Gees wōn in die gelowige, en deur Hom sal God die gelowige se sterflike liggaam lewend maak.
4. Aan die einde van vers 12-17, nl. in vers 17, word nader aangedui wat dit beteken om kind van God te wees: jy is erfgenaam, ja, erfgenaam van God en mede-erfgenaam saam met Christus.
5. In vers 18-30 word gemotiveer wat dit beteken om erfgenaam van God en mede-erfgenaam saam met Christus te wees: dit beteken naamlik dat ons in die huidige bedeling ly (saam met Christus), maar nie sonder die vaste uitsig op en intense verlange na God se openbaring in die komende bedeling van ons heerlijkheid (saam met Christus) as sy kinders nie.
6. In vers 31-39 breek Paulus op grond van die voorafgaande in 'n jubellied uit: ons is algehele oorwinnaars omdat God ons in Christus liefhet!

2.3.3 Die formulering van die tema vir die prediking

Die tema van 'n preek is die definisie van die boodskap van die gedagte-eenheid (vgl. Van der Walt 1980,36). Dit is dus die definisie van die boodskap van die Heilige Gees aan die gemeente. Juis daarom is die formulering van die tema vir 'n preek so uiters belangrik.

Hiertoe het 'n sintaktiese struktuurontleding besondere waarde. Wat onder die vorige punt (2.3.2) oor die bepaling van die kernvers (-e) van 'n gedagte-eenheid gesê is, en aldaar aan die hand van die groter gedagte-eenheid Rm 8:1-39 geïllustreer is, dien tegelykertyd as die begin van die aanduiding van die waarde van 'n sintaktiese struktuurontleding vir die formulering van die tema vir 'n preek.

Nadat die kernvers bepaal en gemotiveer is (vgl. 2.3.2 hierbo), bied hierdie motivering reeds die tema. Dit is egter te uitgebreid, aangesien die tema liefst één pakkende volsin met wees, soos Van der Walt (1980,28) tereg stel. Al wat egter nodig is, is dat hierdie motiverings tot sodanige enkele sin gereduseer word.

Met slegs vers 14 as kernvers in ag geneem (d.w.s. sonder die eksplisiete insluiting van die motiverings van hoe ook die ander kleiner gedagte-eenhede in vers 14 saamtrek is die tema:

Laat jou deur die Gees van God lei
en lewer só bewys dat jy kind en dus erfgenaam van God is.

Hierdie tema is pakkend en is 'n volsin. Tog sou dit beter wees om - veral as werkstema - ook die ander motiverings van hoe die ander kleiner gedagte-eenhede in vers 14 saamtrek, in die tema-formulering op te neem en dus eksplisiet te maak. Sodanige elemente wat kragtens die motiverings in bostaande temaformulering opgeneem moet word, is die volgende:

1. Vers 1-4: Die feit dat die opdrag om jou deur die Gees te laat lei uitgaan tot diegene wat in Christus is.
2. Vers 5-8: Reeds opgeneem in "Laat jou deur die Gees van God lei" en in vers 1-4.
3. Vers 9-11: Die feit dat die Gees in die gelowige woon en hom lewend maak.
4. Vers 17: Die feit dat kind van God beteken die gelowige is erfgenaam van God en dus mede-erfgenaam saam met Christus.

5. Vers 18-30: Die feit dat die erfenis die komende heerlikheid is, waarop die gelowige 'n uitsig het, waarna hy ook 'n intense verlange het.
6. Vers 31-9: Die feit dat dit alles ons in 'n jubellied laat uitbreek: ons is algehele oorwinnaars omdat God ons in Christus liefhet!

As breër werkstema word dus voorgestel:

Laat jou lei deur die Gees van God wat in jou - wat in Christus is - woon en jou lewend maak, en lewer sō bewys dat jy kind van God is en dus saam met Christus erfgenaam van die komende heerlikheid is.

2.3.4 Die samestelling van die preekskets

Die hoofgedagtes wat in die tema saamgetrek word, is die hoofpunte van die preek (Van der Walt 1980,29). Die temaformulering vir die preek bevat dus implisiet reeds die preekskets.

Die preekskets moet uit die temaformulering voortvloei, wat op sy beurt weer uit die kernvers(-e) (in samehang met die hele gedagte-eenheid) voortvloei; die kernvers word bepaal en gemotiveer op grond van die gedagtestruktuurontleding. So vorm die sintaktiese struktuurontleding ook van die preekskets uiteindelik die basis. Langs hierdie weg word daar gekom tot die volgende skets vir die prediking van Rm 8:1-31, met vers 14 as kernvers:

1. Inleiding
2. Ons is kinders van God! (die openbaringsindikatief)
Dus is ons vry van die heerskappy van ons sondige natuur en onder die lewendmakende regering van sy Gees, omdat Christus in ons is en ons in Christus (vv. 1-4,9-11,14,16+17).
3. Laat jou deur die Gees van God lei! (die imperatief) (vv. 5-8 en 12-16).
4. Ons is erfgename van God (die verlossingsverwagting)
Die kind se uitsig op en intense verlange na die komende heerlikheid (vv.17,18-30).
5. Slot: ons is algehele oorwinnaars omdat God ons in Christus liefhet (vv.31-39).

Hierdie skets kan soos volg uitgebrei word om as volledige skets vir die prediking van Rm 8:1-39 te dien (die nommering in die linkerkolom is dié van die betrokke verse in Rm 8):

	1. Inleiding
1-4,9-11,14,16,17	2. Ons is kinders van God (die verlossingsfeit)
1-4	2.1 Ons is in Christus
1	1) Daar is geen veroordeling vir diegene in Christus nie.
3	2) Die wyse waarop God die bevryding bewerkstellig:
	1. In Christus het God met die sonde afgereken.
	2. S6 doen God wat die wet nie kan doen nie: Hy verklaar die mens onskuldig.
4	3) Die gevolg van God se optrede: ons kan nou aan die eis van die wet vol=doen.
2	4) In Christus gee die wet van die Gees aan jou die lewe en bevry jou dus van die mag van die sonde en die dood.
9,10	2.2 Christus is in ons
9	1) Die Gees van God/Christus woon in ons.
9	2) Ons is daarom nie meer onder die heerskappy van ons sondige natuur nie maar onder die regering van die Gees.
10	3) Dus: Christus is in ons.
	2.3 Gevolgtrekking: Ons is kinders van God, en daarom is ons vry van die heerskappy van ons sondige natuur en onder die lewendmakende regering van sy Gees, omdat Christus in ons is en ons in Christus.
5-8,12-16	3. Laat jou deur die Gees van God lei (die verlossingsopdrag)
14	3.1 Leiding deur die Gees van God is bewys van die kindskap.
5-8,12-15	3.2 Wat dit inhou om jou deur die Gees van God te laat lei:
5a,6a,7,8,12,13a,15a	1) Wat dit nie is nie - om jou deur jou sondige natuur te laat lei.
6b,9,10	2) Wat dit wel is.
15,16	3.3 Die rede waarom leiding deur die Gees bewys van kindskap is:
15	1) Die Gees maak ons tot kinders van God.
16	2) Die Gees bevestig on getuienis dat ons kinders van God is.
15	3) Die Gees laat ons God aanspreek as "Abba".
10,11,17,18-30	4. Ons is erfgename van God (die verlossingsverwagting)
17	4.1 Indien kinders, dan ook erfgename:
	1) erfgename van God,
	2) erfgename saam met Christus.
10,11,23	4.2 Die <u>reeds</u> en die <u>nog nie</u> uitgespel:
10,11	1) In Christus het ons reeds die lewe, maar ons liggaam gaan nog sterf.
23	2) Ons het reeds die Gees as Eerstelingsgawe, maar op die volle som wag ons nog.
23,24,26,27	4.3 Die <u>reeds</u> gee aan ons perspektief in ons afwagting op die vervulling van die <u>nog nie</u> .
23,26,27	1) God het sy Gees as Eerstelingsgawe aan sy kinders gegee.
24a	2) God het ons reeds sy kinders gemaak.
28-30	4.4 Ons wag op die erfenis met volharding en met 'n intense verlange.
	5. Slot
31-39	5.1 Breek saam met Paulus uit in 'n jubellied: ons is algehele oorwinnaars, omdat God ons in Christus liefhet!
Tema	5.2 Finale appèl op grond van die verlossingsfeit:
	"Laat jou deur die Gees van God lei! En lewer so bewys dat jy kind en dus erfgenaam van God is".

3. GEVOLGTREKKING

3.1 Die wins vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante

Die wins van die ontwerpte metode vir die onderrig van Grieks blyk daarin geleë te wees dat:

1. die sintaktiese faset van taal 'n kardinale plek in die onderrig van Grieks beklee (1.1);
2. die herkenning, afbakening en benoeming van sintaktiese komponente aansienlik vergemaklik word, sowel vir die student, wat die vermoë daartoe moet ontwikkel, as vir die dosent, wat hierdie vermoë by die student moet aankweek (1.2);
3. die verklaring van naamvalle en modi uit die oogpunt van die student en die dosent aansienlik vergemaklik word (1.3);
4. die weg vir die sintaktiese ordening en behandeling van die Griekse grammatika geopen word (1.4);
5. 'n sintaktiese struktuurontleding 'n praktiese basis en motiverings- en verwysingsraamwerk vir die onderrigsituasie bied (1.5).

3.2 Die wins vir die eksegese van die Griekse Nuwe Testament

3.2.1 Die eksegese as sodanig

Die wins op die vlak van die eksegese as sodanig blyk daarin geleë te wees dat:

1. die sintaktiese faset van taal 'n kardinale plek in alle eksegetiese arbeid beklee (2.1.1);
2. 'n sintaktiese struktuurontleding met welslae en met baie goeie resultate as basis en as motiverings- en verwysingsraamwerk in eksegetiese arbeid gebruik kan word (2.1.2);
3. 'n sintaktiese struktuurontleding besondere waarde vir wetenskaplik motiveerbare en kontroleerbare ontleding van die gedagtestruktuur van 'n gedagte-eenheid het (2.1.3);
4. 'n sintaktiese struktuurontleding besondere waarde vir wetenskaplik motiveerbare beoordeling van 'n gedagtestruktuurontleding het (2.1.4).

3.2.2 Die amptelike vertaling van die Nuwe Testament

Die wins op die vlak van die amptelike vertaling van die Nuwe Testament blyk daarin geleë te wees dat:

1. die aard van die vertaling van die Nuwe Testament vereis dat ook die vorm van die grondtaal geïnterpreteer en "vertaal" moet word (2.2.1);

2. die sintaktiese faset van taal 'n kardinale plek in alle vertaal-
beid beklee (2.2.2);
3. 'n sintaktiese struktuurontleding met welslae en met goeie resultate
as motiverings- en verwysingsraamwerk in die proses van vertaling ge-
bruik kan word (2.2.3);
4. 'n sintaktiese struktuurontleding met welslae as basis vir 'n vertaal-
metode wat op 'n dinamies gelyke vertaling gerig is, kan dien (2.2.4);
5. 'n sintaktiese struktuurontleding met welslae en met goeie resultate
as basis en as motiverings- en verwysingsraamwerk vir vertalingsverge-
lyking en -beoordeling kan dien (2.2.5).

3.2.3 Die prediking van die Nuwe Testament

Die wins op die vlak van die prediking van die Nuwe Testament blyk daarin ge-
leë te wees dat:

1. die wese van die prediking deeglike eksegeese verg en die ontleding van
sintaktiese struktuur so 'n belangrike rol in die eksegeese speel (2.3.1);
2. 'n sintaktiese struktuurontleding besondere waarde vir die bepaling
van die kernvers van 'n gedagte-eenheid met die oog op die prediking
van daardie gedagte-eenheid het (2.3.2);
3. 'n sintaktiese struktuurontleding gevolglik ook besondere waarde vir
die formulering van die tema vir 'n preek het (2.3.3);
4. 'n sintaktiese struktuurontleding gevolglik ook besondere waarde vir
die samestelling van die preekskets het (2.3.4).

HOOFSTUK 6: DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR IN DIE
GRIEKSE NUWE TESTAMENT: SAMEVATTING EN GEVOLG=
TREKKING

1. Sintaktiese fundering	191
2. 'n Metode vir die ontleding van sintak= tiese struktuur	192
3. Toepassing van die ontwerpte metode op Romeine 8	192
4. Evaluering van die ontwerpte metode met verwysing na die toepassing op Romeine 8	192
5. Gevolgtrekking	195
6. Terreine vir verdere ondersoek	196

1. SINTAKTIESE FUNDERING

In hfst. 2 is die volgende gekonkludeer:

- 1.1 Die gemeenskaplike tussen die sintaktiese en die morfologiese en die semantiese faset van taal is dat al drie met morfologiese woordsoorte en/of konstruksies te doen het. Die onderskeidende is dat die morfologiese faset met die vorm van die morfologiese woordsoorte en konstruksies te doen het, die sintaktiese faset met die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies en die semantiese faset met die betekenis van morfologiese woordsoorte en konstruksies en die betekenis van die verhouding tussen morfologiese woordsoorte en/of konstruksies.
- 1.2 Die implikasie van die gemeenskaplike is dat daar nie 'n algehele skeiding tussen hierdie fasette van taal gemaak kan word nie, maar dat daar 'n verwegtheid en onderlinge afhanklikheid is.
- 1.3 Die implikasie van die onderskeidende is dat dit moontlik is om onderskeidings vanuit elke faset te maak wat net aan daardie faset eie is maar tog nie onafhanklik van oorwegings vanuit die ander fasette nie. Die feit van die faset-uniekheid van sodanige onderskeidings maak die eksplisiete en terminologiese handhawing daarvan dwingend. Die feit van die afhanklikheid van oorwegings vanuit die ander fasette maak duidelike definiëring van die onderskeidings dwingend.
- 1.4 Sodanige faset-unieke onderskeidings wat eksplisiet gemaak en gedefinieer en benoem is, is die volgende:
 - 1.4.1 Onderskeidings vanuit die sintaktiese faset van taal
 1. Sintaktiese komponent
 2. Sintaktiese sinstipe
 3. Sintaktiese funksie
 4. Die betekenis van 'n sintaktiese funksie
 5. Sintaktiese eenheid
 6. Sintaktiese transkripsie
 7. Sintaktiese struktuur
 - 1.4.2 Onderskeidings vanuit die morfologiese faset van taal
 1. Morfologiese woordsoortfamilie
 2. Morfologiese woordsoort
 3. Morfologiese konstruksie
 4. Morfologiese transkripsie
 - 1.4.3 Onderskeidings vanuit die semantiese faset van taal
 1. Gedagtekomponent

2. Semantiese funksie
3. Semantiese woordsoort
4. Gedagtestruktuur

2. 'N METODE VIR DIE ONTLEDING VAN SINTAKTIESE STRUKTUUR

In hfst. 3 is die volgende gekonkludeer:

- 2.1 Dit is noodsaaklik dat die sintaktiese struktuur van die Grieks van die Nuwe Testament ontleed word en dat hierdie ontleding eksplisiet as uitgangspunt en motiverings- en verwysingsraamwerk gebruik word.
- 2.2 Dit is noodsaaklik dat 'n bepaalde metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur konsekwent gebruik word.
- 2.3 Sodanige metode moet aan bepaalde vereistes voldoen, soos in hfst. 3 (3.1-8) uiteengesit.
- 2.4 Nie een van die bestaande metodes van algemene struktuurontleding en taalkundige terminologiesisteme is as metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur toepasbaar nie.
- 2.5 'n Metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur is ontwerp.

3. TOEPASSING VAN DIE ONTWERPTE METODE OP ROMEINE 8

In hfst. 4 is die ontwerpde metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur op Rm 8 toegepas. Hiertoë is die volgende gedoen:

- 3.1 Die sintaktiese struktuur van Rm 8 is ontleed.
- 3.2 Sintaktiese kommentaar is op die struktuur gelewer en elke vers is vertaal.

4. EVALUERING VAN DIE ONTWERPTE METODE MET VERWYSING NA DIE TOEPASSING OP ROMEINE 8

In hfst. 5 is die ontwerpde metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur geëvalueer ten opsigte van die onderrig van Grieks aan voornemende

predikante en ten opsigte van die eksegeese van die Griekse Nuwe Testament.

Daar is tot die volgende slotsom geraak:

4.1 Die wins van die metode is besonder groot vir die onderrig van Grieks. Dit blyk uit die volgende gevolgtrekkings waartoe geraak is:

- 4.1.1 Die sintaktiese faset van taal beklee 'n kardinale plek in die onderrig van Grieks.
- 4.1.2 Die herkenning, afbakening en benoeming van sintaktiese komponente word aansienlik vergemaklik, sowel vir die student, wat die vermoë daartoe moet ontwikkel, as vir die dosent, wat hierdie vermoë by die student moet aankweek.
- 4.1.3 Die verklaring van naamvalle en modi word uit die oogpunt van die student en die dosent aansienlik vergemaklik.
- 4.1.4 Die weg word geopen vir die sintaktiese ordening en behandeling van die Griekse grammatika.
- 4.1.5 'n Sintaktiese struktuurontleding bied 'n praktiese basis en motiverings- en verwysingsraamwerk vir die onderrigsituasie.

4.2 Die wins van die metode is besonder groot vir die eksegeese en vind veral op die volgende drie vlakke vergestaltung:

4.2.1 Die eksegeese as sodanig

Die wins vir die eksegeese as sodanig blyk uit die volgende gevolgtrekkings waartoe geraak is:

- 4.2.1.1 Die sintaktiese faset van taal beklee 'n kardinale plek in alle eksegetiese arbeid.
- 4.2.1.2 'n Sintaktiese struktuurontleding kan met welslae en met baie goeie resultate as basis en as motiverings- en verwysingsraamwerk in eksegetiese arbeid gebruik word.
- 4.2.1.3 'n Sintaktiese struktuurontleding het besondere waarde vir wetenskaplik motiveerbare en kontroleerbare ontleding van die gedagtestruktuur van 'n gedagte-eenheid.
- 4.2.1.4 'n Sintaktiese struktuurontleding het besondere waarde vir wetenskaplik motiveerbare beoordeling van 'n gedagtestruktuurontleding.

4.2.2 Die amptelike vertaling van die Nuwe Testament

Die wins vir die amptelike vertaling van die Nuwe Testament blyk uit die volgende gevolgtrekkings waartoe geraak is:

- 4.2.2.1 Die aard van die vertaling van die Nuwe Testament in 'n taal soos hedendaagse Afrikaans vereis dat ook die vorm van die grondtaal geïnterpreteer en "vertaal" word.
- 4.2.2.2 Die sintaktiese faset van taal beklee 'n kardinale plek in alle vertaalarbeid.

- 4.2.2.3 'n Sintaktiese struktuurontleding kan met welslae en met goeie resultate as motiverings- en verwysingsraamwerk in die proses van vertaling gebruik word.
- 4.2.2.4 'n Sintaktiese struktuurontleding kan met welslae as basis dien vir 'n vertaalmetode wat op 'n dinamies gelyke vertaling gerig is.
- 4.2.2.5 'n Sintaktiese struktuurontleding kan met welslae en met goeie resultate as basis en as motiverings- en verwysingsraamwerk vir vertalingsvergelyking en -beoordeling dien.

4.2.3 Die prediking van die Nuwe Testament

Die wins vir die prediking van die Nuwe Testament blyk uit die volgende gevolgtrekkings waartoe geraak is:

- 4.2.3.1 Die ontleding van sintaktiese struktuur speel 'n belangrike rol in die eksegeese, en die wese van die prediking verg deeglike eksegeese.
- 4.2.3.2 'n Sintaktiese struktuurontleding het besondere waarde vir die bepaling van die kernvers van 'n gedagte-eenheid met die oog op die prediking van daardie gedagte-eenheid.
- 4.2.3.3 'n Sintaktiese struktuurontleding het gevolglik ook besondere waarde vir die formulering van die tema vir 'n preek.
- 4.2.3.4 'n Sintaktiese struktuurontleding het gevolglik ook besondere waarde vir die samestelling van die preekskets.

5. GEVOLGTREKKING

- 5.1 Die sintaktiese faset van taal speel veral in die onderrig van Grieks en in die eksegeese van die Griekse Nuwe Testament 'n wesensbelangrike rol. Die regmatige rol van hierdie faset van taal is aangedui, en hierdie faset is veral ten opsigte van die morfologiese en die semantiese faset van taal eksplisiet en terminologies afgebaken.
- 5.2 Die ontleding van sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament is van wesenlike belang vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante en vir die eksegeese van die Nuwe Testament.
- 5.3 Dit is van wesenlike belang dat hierdie ontleding konsekwent aan die hand van 'n bepaalde metode geskied.
- 5.4 Die sintaktiese struktuurontledingsmetode wat ontwerp is, is 'n metode aan die hand waarvan sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament met welslae ontleed kan word.
- 5.5 Sodanige ontleding het wesensbelangrike waarde vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante en vir die eksegeese van die Griekse Nuwe Testament wat betref die eksegeese as sodanig, die vertaling van die Nuwe Testament en die prediking van die Nuwe Testament.

6. TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

Uit hierdie studie het sekere belangrike aspekte aan die lig gekom wat net kortliks bespreek of aangestip kon word. Baie van hierdie aspekte skyn vrugbare terreine vir verdere ondersoek te wees. Die belangrikste hiervan is:

- 6.1 'n beskrywing van die sintaksis van Nuwe Testamentiese Grieks met die sintaktiese funksies as uitgangspunt vir die behandelingsorde (vgl. hfst. 2, 3.1.4.2 vir 'n motivering, en bylae 1 vir 'n koersaanduiding);
- 6.2 die ontleding van die sintaktiese struktuur van die verskillende boeke van die Griekse Nuwe Testament;
- 6.3 die toepassing van die beginsels van die ontwerpte sintaktiese struktuurontledingsmetode op die onderrig van Semitiese Tale aan voornemende predikante en op die eksegeese van die Ou Testament;
- 6.4 die taalkundige implikasie van die inspirasie van die Nuwe Testament (vgl. hfst. 1, 5.5.2 en hfst. 3, 1.4).

ABSTRACT

THE ANALYSIS OF SYNTACTIC STRUCTURE IN THE GREEK NEW TESTAMENT;

the draft of a method,
illustrated by Romans 8.

1. Statement of the problem and purpose of the research

The syntax of the Greek of the New Testament and that of present day Afrikaans differs considerably: Greek - especially the Greek of Paul's letters - mainly has a subordinate and complicated syntactic structure. Present day Afrikaans, however, mainly has a co-ordinate and simple syntactic structure. Furthermore, Greek and Afrikaans have different typical constructions for the same syntactic functions.

The difference of syntax is so great that it is a real problem as to whether an exegete who has not really mastered Greek will be able (even if he comprehends the meaning of a passage) to account academically for his comprehension of what has been written down. The extent of this problem comes into perspective when it is recognized that the syntactic aspect of language conveys meaning. Mickelsen (1963,129-32) says in this connection:

... syntactical categories (if they are not treated mechanically) enable us to penetrate thought to a degree impossible to one unacquainted with syntactical procedure. ... Our comprehension of the relationship of words, phrases, and clauses affects our understanding of thought. ... Syntax is indispensable for our understanding of ideas.

Because of the fact that the syntax of the Greek of the letters of Paul and that of present day Afrikaans differs, and because of the assumption that the syntactic aspect of language conveys meaning, it is necessary that the syntax also be interpreted when the interpretation of Greek is undertaken to reach a translation or to preach. This interpretation of the syntax, however, must have good reasons and be verifiable. Such motivation and verification will only be possible when the syntactic structure of the Greek is analysed according to a specific method, and when this structure analysis is used in exegesis as a basis and reference frame. No method which can be successfully used to this end exists.

The focal point of the research is the syntactic foundation, drafting, application and evaluation of a method for the analysis of syntactic structure in the Greek New Testament.

2. The syntactic foundation of the method

It is essential that every method for the analysis of syntactic structure should rest on a sound syntactic theory. To this end the syntactic aspect of language is defined in chapter 2, both in distinction from as well as in relation to the morphological and the semantic aspect of language.

The syntactic aspect of language is defined as the relation between syntactic components in an independent meaningful word-chain, and - where it realizes itself syntactically - as the relation between independent meaningful word-chains.

Two syntactic sentence types are discerned, viz.

- 1) φίλε, καλῶς ἀνὴρ ἀεὶ ἐστὶ διδάσκαλος
(friend, a good man is always a teacher)
- 2) φίλε, καλῶς ἀνὴρ ἀεὶ δίδωσι βιβλὸν δούλῳ
(friend, a good man always gives a book to a slave)

The syntactic function of a syntactic component is the relation in which this component stands to other syntactic components in an independent meaningful word-chain. Ten syntactic functions are discerned, viz.:

- | | | |
|----------------------------|---|--|
| 1) Genoemde (Named) | - | ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
<u>(the man is a teacher)</u> |
| 2) Koppeling (Linker) | - | ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
(the man <u>is</u> a teacher) |
| 3) Gekoppelde (Linked) | - | ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
(the man is <u>a teacher</u>) |
| 4) Handelende (Actor) | - | ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βιβλὸν
<u>(the man gives the book)</u> |
| 5) Handeling (Action) | - | ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βιβλὸν
(the man <u>gives</u> the book) |
| 6) Behandelde (Acted upon) | - | ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βιβλὸν
(the man gives <u>the book</u>) |
| 7) Betrokkene (Affected) | - | ὁ ἀνὴρ δίδωσι τῷ δούλῳ
(the man gives <u>to the slave</u>) |

- 8) Onverbondene (Unattached) - φίλε, ὁ ἀνὴρ δίδωσι βιβλίον.
(friend, the man gives a book)
- 9) Byvoeging (Qualification) - ὁ καλὸς ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
(the good man is a teacher)
- 10) Bepaling (Stipulation) - ὁ ἀνὴρ ἀεὶ δίδωσιν
(the man always gives)

The definition of the syntactic aspect of language both in distinction from as well as in relation to the morphological and the semantic aspect of language resulted in differentiations which are unique to each aspect.

Differentiations unique to the syntactic aspect of language are: syntactic component, syntactic sentence type, syntactic function, the meaning of a syntactic function, syntactic unit, syntactic transcription and syntactic structure; those unique to the morphological aspect are: morphological word class family, morphological word class, morphological construction and morphological transcription; those unique to the semantic aspect are: thought component, semantic function, semantic word class and thought structure.

3. The draft of a method for the analysis of syntactic structure

In chapter 3 the necessity for the analysis of the syntactic structure of the Greek New Testament is pointed out, as well as the necessity for the constant use of a specific method for the analysis of syntactic structure. Furthermore the requirements of such a method are set forth, and the applicability of existing structure analysis methods is considered. Lastly a method for the analysis of syntactic structure is drafted.

4. The application of the draft method

In chapter 4 the draft method is applied to Romans 8 by analyzing the syntactic structure of the whole chapter, commenting on the syntactic structure and translating every verse.

5. The evaluation of the draft method

In chapter 5 the value of the draft method for the teaching of Greek to

prospective ministers and for the exegesis of the Greek New Testament is determined.

The value of the method for the teaching of Greek is exceptional. This is evident from the following conclusions reached in chapter 5:

